# DIE "IN LOCO PARENTIS"-POSISIE VAN DIE ONDERWYSER

Hermanus Stephanus Lombard, B.Sc., B.Ed., N.O.D., D.S.O

Skripsie voorgelê as gedeeltelike nakoming van die
vereistes vir die graad MAGISTER EDUCATIONIS

in die

**DEPARTEMENT VERGELYKENDE OPVOEDKUNDE EN ONDERWYSBESTUUR**

in die

**FAKULTEIT OPVOEDKUNDE**

van die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT vir CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**

Leier: Prof. I.J. Oosthuizen
Hulpleier: Prof. P.C. van der Westhuizen

Potchefstroom
1993

**DANKBETUIGING**

Aan GOD die almagtige, Skepper van die hemel en van die aarde, kom toe alle lof en alle eer. Deur sy liefde en genade het Hy my die nodige wysheid, insig en begrip gegee om hierdie taak te kon voltooi.

Innige dank en waardering word hiermee ook aan die volgende persone en instansies betuig:

* Prof. I.J. Oosthuizen, my studieleier, vir sy goed beplande leiding en raad en veral vir sy insig in die probleme wat opgeduik het en sy gepaardgaande aanmoediging om dit te oorbrug.

* Prof. P.C. van der Westhuizen, my hulpleier, vir sy wyse raad, motivering en aanmoediging gedurende die studietydperk.

* Die Transvaalse Onderwysdepartement wat kort studieverlofsessies aan my toegestaan het.

* Mnr. P.W. Butler (HSO) N.Tvl.Streekkantoor vir sy begrip en aanmoediging.

* My dank aan prof M.C.A. Seyffert vir die taalversorging en nuttige wenke.

* Mev. L. van Dyk wat sonder kla en met groot begrip die tikwerk gedoen het.

* My familie vir hul voortdurende belangstelling en aanmoediging tydens die duur van die studie.

* My vrou, Annette, en my dogter, Melinda, 'n woord van innige dank en waardering vir die onderskraging en aanmoediging, vir geduld en begrip, vir opofferinge wat julle moes maak tydens die duur van die studie.

Opgedra aan my
vrou, Annette
en dogter, Melinda

## OPSOMMING


## DIE "IN LOCO PARENTIS"-POSISIE VAN DIE ONDERWYSER

Hierdie studie is onderneem om deur middel van 'n literatuurstudie te bepaal wat dit vir 'n onderwyser behels om as "in loco parentis"-persoon binne in die opvoedende onderwys te staan. Wat veral van belang is, en waaraan aandag gegee word, is die begripspresisering van "in loco parentis".

Verder word daar aandag gegee aan die oorsprong van die begrip "in loco parentis" asook die toepassing daarvan in 'n aantal lande soos Engeland, die Verenigde State van Amerika en die Republiek van Suid-Afrika.

'n Belangrike aspek soos dit gesien word uit die gesigspunt van die onderwyser is die opvoedende onderrig wat voortspruit uit die beskrywing van 'n "in loco parentis"-persoon. Hieraan word breedvoerig aandag gegee veral wat betref die verhouding tussen ouer, kind en onderwyser en die plig wat die onderwyser het om hierdie verhoudings ongeskonde te hou en te laat funksioneer. Belangrike begrippe wat na vore kom en waaraan aandag gegee word, is die begrippe gesag, dissipline en tug en hoe die "in loco parentis"-onderwyser dit moet hanteer.

Aandag word ook gegee aan die juridiese sy van die "in loco parentis"-onderwyser ten opsigte van sy pligte en regte. Begripspresisering van sekere regsterme word gedoen. Terselfdertyd word ook aandag gegee in hoe 'n mate dit die onderwyser raak in sy "in loco parentis"-posisie.

## SUMMARY


## THE "IN LOCO PARENTIS"-POSITION OF THE TEACHER

This study was undertaken, making use of literature studies, to determine what it involves for the teacher acting as a "in loco parentis"-person within the pedagogical education. What is of particular importance and receives much attention is the concept explication of "in loco parentis".

Further attention is given to the origin of the concept "in loco parentis" as well as the application thereof in different countries like England, the United States of America and South Africa.

An important aspect, as seen from the view-point of the teacher, is the pedagogic tuition which results from the definition of a "in loco parentis"-person. Much attention is paid to this, especially the matter concerning the triangular relationship between the parent, the child and the teacher and the duty that the teacher has to keep these relationships intact and functioning. Important concepts that come to the fore and to which attention must be paid are authority, discipline and punishment and how the "in loco parentis"-teacher must handle this.

Attention is also paid to the legal side of the "in loco parentis"-teacher regarding his duty and rights. Concepts explication is done regarding legal terminology. At the same time attention is paid as to how this affects the teacher in his "in loco parentis"-position.

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| DANKBETUIGING | | i |
| OPSOMMING | | iii |
| SUMMARY | | iv |


## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1
### ORIëNTERING


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 1.3 | DOEL MET NAVORSING | 2 |
| 1.4 | METODE VAN NAVORSING | 3 |
| 1.5 | TERREINAFBAKENING | 3 |
| 1.6 | UITVOERBAARHEID | 3 |
| 1.6.1 | Navorsingsbronne | 3 |
| 1.7 | NAVORSINGSPROGRAM | 3 |
| 1.8 | HOOFSTUKINDELING | 4 |
| 1.9 | SAMEVATTING | 4 |


### HOOFSTUK 2
### DIE ONDERWYS JURIDIESE PERSPEKTIEF OP "IN LOCO PARENTIS"


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 5 |
| 2.2 | BEGRIPSPRESISERING VAN "IN LOCO PARENTIS" | 5 |
| 2.3 | HISTORIES OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF OP "IN LOCO PARENTIS" | 7 |
| 2.3.1 | Die Jode | 7 |
| 2.3.2 | Die Indiërs | 8 |
| 2.3.3 | Die Grieke | 8 |
| 2.3.4 | Die Romeine | 8 |
| 2.3.5 | Engeland | 9 |
| 2.3.6 | Amerika | 10 |
| 2.3.7 | Suid-Afrika | 11 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.8 | Sintese | 11 |
| 2.4 | HISTORIES JURIDIESE PERSPEKTIEF VAN "IN LOCO PARENTIS" | 12 |
| 2.4.1 | Die Romeinse Reg | 12 |
| 2.4.2 | Die Engelse Reg | 13 |
| 2.4.3 | Die Amerikaanse Reg | 14 |
| 2.4.4 | Sintese | 15 |
| 2.5 | DIE INVLOED VAN "IN LOCO PARENTIS" OP DIE ONDERWYS | 16 |
| 2.5.1 | Engeland | 17 |
| 2.5.1.1 | Die gemene reg | 17 |
| 2.5.1.2 | Onderwyswette | 19 |
| 2.5.1.3 | Verpligte onderwys | 20 |
| 2.5.1.4 | Skoolreëls | 20 |
| 2.5.1.5 | Pligte van ouers en "in loco parentis"-persone | 20 |
| 2.5.1.6 | Dissipline | 21 |
| 2.5.1.7 | Kwasi-ouerrol | 21 |
| 2.5.1.8 | Konfiskering van artikels en naskoolse straf van leerlinge | 21 |
| 2.5.1.9 | Nalatigheid | 22 |
| 2.5.1.10 | Sintese | 22 |
| 2.5.2 | In Amerika | 23 |
| 2.5.2.1 | Die Amerikaanse wette | 23 |
| 2.5.2.2 | Bronne oor skoolwette | 25 |
| 2.5.2.2.1 | Die gemene reg | 25 |
| 2.5.2.2.2 | Die Federale Konstitusie | 25 |
| 2.5.2.2.3 | Juridiese of kwasi-juridiese funksies | 26 |
| 2.5.2.3 | Verpligte onderwys | 27 |
| 2.5.2.4 | Algemene gesag om gedrag te beheer | 27 |
| 2.5.2.5 | Skoolreëls | 27 |
| 2.5.2.6 | Dissipline | 28 |
| 2.5.2.7 | Veiligheid | 29 |
| 2.5.2.8 | Sintese | 29 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.5.3 | In Suid-Afrika | 30 |
| 2.5.3.1 | Sintese | 31 |
| 2.4 | SAMEVATTING | 32 |


**HOOFSTUK 3**

**DIE GESAGSREG VAN DIE ONDERWYSER AS 'N "IN LOCO PARENTIS"-PERSOON**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 33 |
| 3.2 | DIE ONDERWYSER SE GESAGSREG | 33 |
| 3.2.1 | Vanaf God | 34 |
| 3.2.2 | Van Statutêre bronne | 34 |
| 3.2.2.1 | Parlementêre wetgewing | 34 |
| 3.2.2.2 | Tweedevlakwetgewing | 34 |
| 3.2.2.3 | Skool of derdevlakwetgewing | 34 |
| 3.2.3 | Die gemene reg | 35 |
| 3.2.4 | Kwasi-juridiese bevoegdheid | 35 |
| 3.2.4.1 | Tugbevoegdheid | 35 |
| 3.2.5 | Regspraak | 36 |
| 3.3 | GESAGSVERHOUDING | 37 |
| 3.3.1 | Ouerhuis en skool as samelewingsverbande | 39 |
| 3.3.2 | Ouer-onderwyserkontak | 40 |
| 3.3.3 | Ouer-onderwyservennootskap | 41 |
| 3.3.4 | Lewens- en wêreldbeskouing | 42 |
| 3.3.5 | Christelik etiese lewensopvatting | 44 |
| 3.3.6 | Vertrouingsverhouding | 45 |
| 3.3.7 | Misbruik van leerlingverhouding | 47 |
| 3.4 | GESAGSHANDHAWING | 47 |
| 3.4.1 | Dissipline en tugbevoegdheid | 48 |
| 3.4.2 | Tug as opvoedingsmiddel | 48 |
| 3.4.3 | Lyfstraf en toedieningsbevoegdheid van die onderwyser | 50 |
| 3.4.4 | Delegering van gesag en magte om te straf | 52 |
| 3.4.5 | Tug van leerlinge wat oortree buite die skoolterrein | 53 |
| 3.4.6 | Beskerming van die fisiek psigiese welstand van die leerling | 54 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.4.7 | Gesagsmag en "diligens paterfamilias" | 54 |
| 3.4.8 | Dissiplinêre metodes anders as lyfstraf | 55 |
| 3.5 | SKOOLREëLS AS MIDDEL TOT GESAGSHANDHAWING | 55 |
| 3.6 | SAMEVATTING | 57 |

**HOOFSTUK 4**

**DIE VERPLIGTING VAN DIE ONDERWYSER AS 'N "IN LOCO PARENTIS"-PERSOON**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | INLEIDING | 58 |
| 4.2 | PLIGTE TEN OPSIGTE VAN OPVOEDENDE ONDERRIG | 58 |
| 4.2.1 | Voorbereiding en vorming van die leerling deur opvoedende onderrig | 59 |
| 4.2.2 | Doeltreffende onderrig | 60 |
| 4.3 | ONDERWYSER EN OUERSAMEWERKING | 63 |
| 4.4 | SORGSAME LEIDING RAKENDE DIE LEERLING SE TOEKOMSBEPLANNING | 63 |
| 4.5 | AANSPREEKLIKHEIDSIMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN LEERLINGVEILIGHEID | 64 |
| 4.5.1 | Onregmatigheid | 65 |
| 4.5.1.1 | Aantasting van regserkende regte | 65 |
| 4.5.1.2 | Regsplig verbreking | 66 |
| 4.5.2 | Skuld | 66 |
| 4.5.2.1 | Nalatigheid en die "redelike man" | 67 |
| 4.5.2.2 | Faktore wat 'n invloed het op die toets vir nalatigheid | 68 |
| 4.5.2.3 | Leerling- en/of oueraksie teen nalatige optrede | 70 |
| 4.5.3 | Sorgsame fisieke versorging van leerlinge | 71 |
| 4.5.3.1 | Optrede in geval van 'n besering | 72 |
| 4.5.3.2 | Veiligheid op skoolterreine | 73 |
| 4.5.3.3 | Veiligheid by sport | 75 |
| 4.5.3.4 | Veiligheid tydens vervoer | 76 |
| 4.5.3.5 | Veiligheid in die koshuise | 76 |
| 4.5.3.5.1 | Basiese beginsels en wat dit behels | 76 |
| 4.5.3.5.2 | Beveiliging van gevaarpunte | 77 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.5.3.6 | Beveiliging deur higiëniese voorsorg en toesig | 78 |
| 4.5.3.6.1 | Higiëne en netheid | 78 |
| 4.5.3.6.2 | Slaapgewoontes | 79 |
| 4.5.3.6.3 | Kleding | 79 |
| 4.5.3.6.4 | Voeding | 79 |
| 4.5.3.7 | Christelike beginsels | 79 |
| 4.6 | VERTROUDHEIDSIMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN SORGSAAMHEIDSPLIG | 80 |
| 4.7 | LASTERLIKE OF EERSKENDENDE UITLATINGS | 81 |
| 4.8 | REGSPOSISIE VAN ONDERWYSSTUDENTE TYDENS PRAKTIESE ONDERWYSOPLEIDING | 82 |
| 4.9 | ALGEMEEN | 83 |
| 4.10 | SAMEVATTING | 84 |

**HOOFSTUK 5**

**SAMEVATTING, BEVINDING EN AANBEVELINGS**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 86 |
| 5.2 | SAMEVATTING VAN VORIGE HOOFSTUKKE | 86 |
| 5.3 | BEVINDINGE | 89 |
| 5.4 | AANBEVELINGS | 91 |
| 5.4.1 | Aanbevelings wat spruit uit die navorsing | 91 |
| 5.4.2 | Aanbevelings vir verdere navorsing | 92 |
| 5.5 | SAMEVATTING | 93 |
| 6. | BIBLIOGRAFIE | 94 |

# HOOFSTUK 1

# ORIëNTERING

## 1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die probleem waarop hierdie navorsing geskoei is. Die doelstellings van hierdie navorsing word vervolgens geformuleer en word gevolg deur 'n uiteensetting van die metode wat gevolg sal word om die gestelde doel te bereik. Verder word daar in die laaste plek ook aandag gegee aan die strukturering en verloop van hierdie navorsingsprojek.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

"Omdat onderwysreg tans nie op sistematiese wyse in alle onderwysersopleidingskursusse bestudeer word nie..." (Van Wyk, 1987:3) is 'n onderwyser tans net opgelei vir sy didakties professionele en bestuursadministratiewe take in die skool. Daar is dus volgens Landman (1988:13) 'n besondere leemte in die onderwyser se professionele mondering, naamlik 'n ontoereikende kennis van die onderwysreg.

Dit blyk verder uit hofverslae soos aangehaal deur Oosthuizen en Bondesio (1988:111) dat die onderwys juridiese taak van die onderwyser al hoe sterker in die brandpunt kom. Hiervolgens neem die ouergemeenskap die optrede van die onderwyser al hoe meer krities waar en die onderwyser se tradisionele rolbeoefening word nie meer gelate aanvaar nie. Een faset van die onderwys juridiese taak van die onderwyser is dat hy 'n "in loco parentis"-rol vervul (Prinsloo & Beckmann, 1987: 109).

Hierdie toestand noodsaak 'n deeglike besinning ten opsigte van die pedagogiese sowel as die juridiese rol van die "in loco parentis"-onderwyser. Van Wyk

(1987:131) beweer dat "in loco parentis" beteken in regsterme "in die plek van die ouer". Dit kom dus daarop neer dat die onderwyser in die plek van die ouer moet optree gedurende die tyd wanneer die ouer sy kind aan die skool en dus aan die onderwyser toevertrou vir onderrig en opvoeding - veral wat betref toesig oor die kind en die toepassing van tug. Die "in loco-parentis"-rol van die onderwyser behels onder andere toesig oor die kind wat opvoeding en veiligheid van die kind insluit, die handhawing van dissipline en toepassing van tug (Oosthuizen & Bondesio, 1988:67). Daar bestaan dus 'n triverhouding: ouer, onderwyser en kind en is gebaseer op die kennis en begrip van die juridiese werklikheid en die pedagogiese kundigheid (Oosthuizen & Bondesio, 1988:14).

Die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon het dikwels die probleem dat hy weens onkunde van sy verantwoordelikhede, nie sy pligte op professionele wyse kan volvoer nie. Een uitvloeisel hiervan is sporadiese konflik met sy werkgewer, die ouer of die leerling wat heelwat hofsake tot gevolg gehad het. Om sy besluitneming, optrede en probleemhantering dus professioneel korrek te kan uitvoer, blyk sy beheersing van sy "in loco parentis"-rol 'n noodwendigheid te wees.

Daar moet dus vasgestel word:

* Wat behels "in loco parentis" uit die onderwys juridiese gesigspunt?
* Watter implikasies hou die onderwyser se "in loco parentis"-posisie vir hom in?

## 1.3 DOEL MET NAVORSING

In hierdie navorsing sal gepoog word:

* om te bepaal wat "in loco parentis" uit die onderwys juridiese gesigspunt behels,
* om vas te stel wat enkele implikasies van "in loco parentis" vir die onderwyser is.

## 1.4 METODE VAN NAVORSING

**Literatuurstudie**

Daar is van primêre en sekondêre opvoedkundige en regswetenskaplike brónne gebruik gemaak. Navorsingsgegewens is vanuit 'n onderwys juridiese gesigspunt geselekteer en geëvalueer om inligting te verkry oor die aard en wese van "in loco parentis" vir blanke onderwys, asook oor die implikasies wat dit vir die onderwyser inhou. Beide die regsvergelykende en die regshistoriese navorsingsmetodes is gebruik. Hierdie implikasies is onder andere ontleed om vas te stel hoedanig dit die onderwyser se besluite in sy optrede en probleemoplossingstrategieë raak. 'n DIALOG-soektog is onderneem met behulp van die volgende trefwoorde: education, juridical, law, in loco parentis, teacher en implication om inligting oor moontlike bronne oor die onderwerp te verkry.

## 1.5 TERREINAFBAKENING

In hierdie studie word daar gefokus op die "in loco parentis"-posisie van die Suid-Afrikaanse onderwyser. Die vakterrein waarbinne die studie gedoen is, is dié van die onderwysreg.

## 1.6 UITVOERBAARHEID

### 1.6.1 Navorsingsbronne

Genoegsame primêre en sekondêre bronne is beskikbaar in die RSA en ook oorsee.

## 1.7 NAVORSINGSPROGRAM

Eerstens sal 'n duidelike begripspresisering gegee word vir die begrippe onderwys juridiese en "in loco parentis". Hierna sal 'n deeglike studie gemaak word van alle

moontlike literatuur wat die tema dek om sodoende die aard en wese van "in loco parentis" te formuleer sodat die opvoedkundig juridiese riglyne vir die onderwyser verhelder word. Hierna sal die rol van die onderwyser as 'n "in loco parentis" en die implikasies van die "in loco parentis" vir die praktiserende onderwyser uitgespel word om so sy optrede en besluitneming tot verdere professionaliteit te verfyn.

## 1.8 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Oriëntering

Hoofstuk 2: Die onderwys juridiese perspektief op "in loco parentis"

Hoofstuk 3: Die gesagsreg van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon

Hoofstuk 4: Die verpligtinge van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon

Hoofstuk 5: Samevatting, bevinding en aanbevelings.

## 1.9 SAMEVATTING

Die "in loco parentis"-posisie van die onderwyser is vir die onderwyser 'n sensitiewe en baie belangrike saak want dit raak hom, die kind en die ouer. Die onderwyser moet dus weet waar die begrip sy oorsprong het, hoe dit vertolk en toegepas is, asook wat dit vir hom as opvoeder impliseer. In hoofstukke 2,3 en 4 is 'n studie van dié aangeleenthede gemaak wat in hoofstuk 5 deur 'n kort samevatting, bevinding en aanbevelings gevolg is.

# HOOFSTUK 2

## DIE ONDERWYS JURIDIESE PERSPEKTIEF OP "IN LOCO PARENTIS"

## 2.1 INLEIDING

Geweldig baie navorsing, wetgewing en publisiteit is die afgelope twee dekades oor die onderwys van die kind gedoen (Onderwysvoorsiening in die RSA RGN verslag: 1981). Die besef kom al hoe duideliker en sterker na vore dat die kind die belangrikste bate van 'n land is. Die kind van vandag is die grootmens en leier van môre. Sy opvoedende onderwys en gesinsopvoeding wat die basis van alle latere opvoeding is, is van die uiterste belang en moet daarom primêre aandag geniet (Pretorius, 1984:45). Die primêre verantwoordelikheid van hierdie opvoedende onderwys berus op die ouers wat die kind vanaf geboorte tot en met skoolgaande ouderdom moet onderrig asook buite skoolure tot sy mondigwording (Hattingh, 1978:6). Gedurende die tyd wat die kind in die skool is en met skoolaktiwiteite besig is, is die onderwyser verantwoordelik vir sy onderrig en val die kalklig vol op die onderwyser as sekondêre opvoeder (Louw, 1983:46-48). Om dit te kan doen, moet daar volgens Oosthuizen (1990:73-75) 'n hegte vennootskap tussen ouer en onderwyser bestaan, soos gesien vanuit die samelewingsverband ouerhuis en skool asook die histories opvoedkundige en histories juridiese perspektief op "in loco parentis".

## 2.2 BEGRIPSPRESISERING VAN "IN LOCO PARENTIS"

Omdat die uitdrukking "in loco parentis" vir die eerste keer teengekom is in die Engelse wette is dit dan ook te wagte dat daar in die Engelse howe na 'n duidelike en doelmatige begripspresisering van dié frase gesoek en gevind sou word.

Saunders (1969:24) gee die volgende uitleg en definisie van "in loco parentis" soos dit by M.R. Jessel gevind word: "As regards a child, a person not the father of the child may put himself in the position of one in loco parentis to the child, and so incur

the obligation to make a provision for the child. Now what is the meaning of the expression 'person in loco parentis'? I cannot do better than refer to the definition of it given by Lord Eldon in Ex p. Pye [(1811), 18 Ves. 140], referred to and approved of by Lord Cottenham in Powys v. Mansfield [(1837), 3 My. + Cr.359]. Lord Eldon says it is a person 'meaning to put himself in loco parentis;' in the situation of the person described as the lawful father of the child: Upon that Lord Cottenham observes, 'but this definition must, I conceive be considered as applicable to those parental offices and duties to which the subject in question has reference, namely, to the office and duty of the parent to make provision for the child. The offices and duties of a parent are infinitely various, some having no connection whatever with making a provision for a child; and it would be most illogical, from the mere excercise of any such offices or duties by one not the father, to infer an intention of such person to assume also the duty of providing for the child'. *So that a person in loco parentis means a person taking upon himself the duty of a father of a child to make a provision for that child.*" Bennet v. Bennet [(1879), 10 Ch. D. 474], per Jessel, M.R., at p. 477.

Dieselfde verklaring word gegee in Stroud's Judicial Dictionary of Words and phrases(1986:1494). 'n Direkte vertaling van die definisie van die bogenoemde van "in loco parentis" is: "In loco parentis" beteken 'n persoon wat die pligte van 'n vader van 'n kind op homself neem om voorsiening te maak vir die kind. In die breëre kom dit daarop neer dat "in loco parentis" beteken 'n persoon wat moet toesien dat alle vermoëns van 'n kind tot die volle potensiaal ontwikkel moet word.

Daar moet dus voorsiening gemaak word deur die "in loco parentis"-persoon vir die geestelike, fisieke en intellektuele ontwikkeling van die leerling.

Om in hierdie behoeftes te kan voorsien, moet die onderwyser as "in loco parentis"-persoon:

* die samelewingsverband tussen ouerhuis en skool erken;

* kontak bewerkstellig tussen homself en die leerling se ouers; om sodoende dieselfde lewens- en wêreldbeskouing asook etiese norme en standaarde te kan oordra aan die leerling;
* 'n vennootskap sluit met die ouer vir nouer samewerking;
* 'n vertrouensverhouding met die leerling opbou;
* 'n gesagsverhouding handhaaf;
* goeie en redelike dissipline en tug toepas;
* sorgsame toesig hou wat betref die veiligheid, gesondheid en toerusting van die leerling, en
* die akademiese onderrig en tegniese vaardighede soos voorgeskryf deur die kurrikulum so doeltreffend moontlik aan die leerling oor te bring.

## 2.3 HISTORIES OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF OP "IN LOCO PARENTIS"

In die vroegste jare van die bestaan van die mens het die ouer sy kind onderrig om 'n lewensbestaan op sy eie te maak die dag as hy sy ouerhuis verlaat (Lubbe, 1982b:118-119). Volgens Pretorius (1984:47-50) was hierdie onderrig goed genoeg totdat die vooruitgang van die mens sy sosiale en ekonomiese toestande sodanig verander het dat die ouer nie meer die nodige kennis en vaardigheid gehad het om sy kind in al die fasette van die samelewingseise te onderrig nie. Ouers het toe kundiges gekry om hul kinders vanaf 'n sekere ouderdom te onderrig en op te voed.

### 2.3.1 Die Jode

Een van die vroegste gevalle waarvan ons lees, is toe Hannah en Elkana hul seun Samuel na die priester Eli gebring het. Samuel is in Eli se sorg geplaas om hom op te voed en te onderrig in diens van die Here (1 Samuel 1:25-28). Eli het dus in die plek van Hannah en Elkana die opvoedende onderrigwerk gedoen en "in loco parentis" opgetree.

### 2.3.2 Die Indiërs

In die vroegste jare voor Christus (± 3000 v.C.) weet ons het kinders tuis onderrig ontvang. In Indië is seuns en meisies toegelaat om na hul tuisonderrig skole by te woon, alhoewel meisies meestal tuis gebly het. Op 12-jarige ouderdom het die seun egter vir 12 jaar by sy leermeester gaan woon om onderrig te word (Lubbe, 1982a:118).

### 2.3.3 Die Grieke

Van die Griekse beskawing ± 1000 jaar v.C. weet ons dat jong Griekse adellikes aan die koninklike hof deur die ouer garde krygsmanne onderrig is. Hulle is weggeneem uit die ouerhuis en in die sorg van hul onderriggewers geplaas wat verantwoordelikheid vir hul doen en late aanvaar het.

Later in die Hellenistiese tydperk is opgeleide slawe gebruik om kinders vanaf hul sewende jaar tot hul veertiende jaar te onderrig (Lubbe, 1982a:119). Weereens is die kinders in die sorg van opvoeders geplaas.

Netso is die Spartaanse seuns op sewejarige ouderdom van hul ma's weggeneem en in 'n militêre kamp geplaas. Hier is hulle onder die toesig van opgeleides geplaas waar oefeninge en die bou aan 'n groepsgees die vernaamste onderrig aan die begin was. In hierdie militêre kampe moes 'n seun bly tot sy 21ste jaar en was sy vernaamste opvoeding en onderrig die krygstegniek (Lubbe, 1982a:152).

### 2.3.4 Die Romeine

Die Romeine, wat na hul oorwinning oor die Grieke, van die Griekse beskawing oorgeneem en op hul lewe van toepassing gemaak het, die opvoeding anders hanteer. Na die huisopvoeding, wat tot op ongeveer sestienjarige ouderdom geduur het, is die jongmans vir opleiding tot toetreding van die openbare lewe in die sorg van 'n ouer

persoon geplaas (Lubbe, 1982a:119).

Die metodiek om ander persone as die ouers te gebruik vir die onderwys van die kind, is deur die eeue heen in gebruik gehou. Inrigtings is opgerig waar kinders onderrig is om bruikbare burgers vir die samelewing te wees.

### 2.3.5 Engeland

Die tegnologiese vooruitgang in die 17e en 18e eeue het in Engeland aanleiding gegee tot 'n meester/vakleerling- en ook later 'n voog-/pleegkindverhouding waar kinders in die sorg van 'n werkgewer, meestervakman of voog geplaas is vir sy opleiding en onderrig (Hammes, 1982:8). Volgens die vakleerlingskapkontrak was die meester "in loco parentis" geplaas van die vakleerling en het besitreg gehad op die leerling volgens die bepalings van die ooreenkoms. Die meester het vir die fisieke versorging voorsien asook die algemene onderrig en opleiding in 'n spesifieke ambag of professie. Die meester het hiervoor bykans totale kontrole oor die lewe van die vakleerling gehad (Hammes, 1982:8).

Wat die voog-/pleegkindverhouding betref, het die voog "in loco parentis" gestaan en was beklee met algemene kontrole oor die pleegkind. Die voog moes volgens sy goeie oordeel die nodige versorging en dissipline toepas wat nodig is vir kinders (Hammes, 1982:8).

As gevolg van hierdie kontrakte het die ouer dus sy gesag oor sy kind afgestaan en aan die meester of voog oorgedra. Hierdie afteken en oordra van gesag deur die ouer van 'n kind aan 'n meester of voog het mettertyd al hoe meer problematies geword.

Die "doktrine" "in loco parentis" is opgeneem deur skole en het onderwysers ook volle gesagskontrole uitgeoefen, en ouers het basies geen seggenskap hieroor gehad nie (Hammes, 1982:8).

Hierdie begrip van "in loco parentis" is dan ook oorgedra vanuit Engeland na ander dele van die wêreld, byvoorbeeld Suid-Afrika en Amerika waar dit in baie gevalle deur opvoeders gebruik is as 'n wettige verdediging teen aanklagte van verantwoordelikheid en ook as regverdiging vir lyfstraf in die skole (Hammes, 1982:8).

### 2.3.6 Amerika

Bettencourt (1982:47) beweer dat die "in loco parentis"-rol die onderwyser dus die geleentheid en mag gegee het om in die uitvoering van sy taak as opvoeder van die kind sy wil en denke op die kind af te dwing. In Amerika het die Concord Schools Committee die ouers se seggenskap oor hul kinders tot 'n nulliteit verminder gedurende die tyd wat die kinders in die skool was. Brutale lyfstraf was aanvaar en aangemoedig om sodoende die onvermoë van onopgeleide en onbevoegde onderwysers om kinders te onderrig te verbloem. Deur toe te laat dat lyfstraf bykans onbeperk gebruik word, het die skoolkomitee getrag om die geloof dat die skool waarlik "in loco parentis" staan en dus die mees oordeelkundige arbiter van die kind se beste belange is, te wettig en doeltreffend saam te smelt (Bettencourt, 1982:47). Die skoolkomitee het die rede vir stokkiesdraai en werkversuim vierkantig op die skouers van die ouers geplaas. Hul verslag van 1840-1841 kom daarop neer dat ouers hul kinders moet opvoed en grootmaak vir die skool en nie vir die lewe nie want dit is die taak van die skool. Die ouer was ontmoedig om kritiek te lewer en met die onderwyser in te meng. Die ouer het net 'n toeskouer geword (Bettencourt, 1982:50).

Volgens Bettencourt (1982:51-55) het onderwysers hierdie mag wat deur die begrip "in loco parentis" aan hulle gegee is skandelik misbruik. Leermetodes is nie reg toegepas nie, deur byvoorbeeld memorisering in plaas van berip te leer. Ouers is onnodig geantagoniseer. Lyfstraf, op watter manier ook al toegepas, was die wagwoord van dissipline in 'n klas, want vir baie skoolkomitees was dit 'n "goeie" eienskap van 'n "goeie onderwyser". Hoe swakker beheer oor 'n klas se gedrag hoe swakker die onderwys. Die onderwysers was dus in plaas van "in loco parentis", "in loco ipsis".

### 2.3.7 Suid-Afrika

Die eerste blanke nedersetters aan die Kaap was Hollanders en later ook Engelse. Hierdie nedersetters het die onderwysstelsels van hul onderskeie lande oorgebring en sodoende ook die begrip "in loco parentis" en sy toepassing in skole.

Sieketroosters en rondgaande boereskoolmeesters het aan die begin die onderrig van die kinders waargeneem. Later is blanke skole gestig en is die sieketroosters as onderwysers aangestel. Onderwys op verafgeleë plase was nog steeds self deur boereskoolmeesters, ook genoem huisonderwysers, gedoen. Hulle het die kinders hoofsaaklik die "drie r'e" geleer, naamlik "reading, writing and arithmetic" (Barnard, 1979:4-6).

Koshuisskole is later opgerig en weer eens het die kind vir die grootste gedeelte van sy skoolloopbaan onder toesig en sorg van die onderwyser gestaan. Die onderwyser het dus oral die opvoeding en onderrig van die skoolgaande kind "oorgeneem" en tree gevolglik gedurende skooltyd "in loco parentis" op.

Rosenthal (1925:305-310) wys daarop dat ook in Suid-Afrika die posisie van "in loco parentis" deur baie onderwysers uitgebuit is en is hierdie "mag" of outoriteit misbruik.

Die onderwyser is nog steeds vandag die persoon wat die opvoeding en onderrig van die kind buite die ouerhuis- verband moet behartig. Die kind is dus nog in die sorg en onder toesig van die onderwyser gedurende die tyd wat die kind amptelik by die skool is of aan skoolaktiwiteite deelneem. Die onderwyser se "magte" word egter deur Onderwyswetgewing (Wet 70 van 1988) asook departementele beleid en die onderwyser se professionele kode aan bande gelê.

### 2.3.8 Sintese

Die metode deur ouers en die staat om van die dienste van ander persone gebruik te

maak om 'n kind te onderrig op die gebied waar die ouer nie die nodige kennis en ervaring het nie, is van die vroegste tye af 'n werklikheid. Normaalweg het die kind dan by die tutor of tutorinrigting gebly as gevolg van die afstand tussen ouerhuis en tutor of tutorinrigting. Die versorging van die kind het dan oorgegaan in die hande van die tutor. Laasgenoemde het dus die ouer se plek in die opvoeding van die kind oorgeneem en was dus "in loco parentis" alhoewel die benaming eers in die 19de eeu ontstaan het.

## 2.4 HISTORIES JURIDIESE PERSPEKTIEF OP "IN LOCO PARENTIS"

Die histories juridiese verankerdheid van "in loco parentis" is gesetel in die vennootskap van die ouer en 'n buitepersoon of instansie wat die opvoeding en onderrig van die kind moes waarneem. In die jare voor Christus het die vader van 'n kind *alle* seggenskap oor sy seun gehad. In die vertaling deur Scott (The Civil Law: Vol.1) van Digesta (1-4-1,2,3, en 4) lees ons dat 'n vader volgens die Romeinse wette die reg op lewe en dood oor sy seun, wat uit 'n wetlike huwelik gebore is, gehad het. As 'n pa sy seun drie keer verkoop het, is sy seun vry van ouerlike gesag. 'n Pa was dus gemagtig om enige disposisie van sy direkte afstammelinge te maak soos wat hy dit begeer: Hy kon hulle gésel, vermink, gevange hou, folter of teregstel.

Gesien in die lig van die vennootskap tussen ouer en die persoon wat die kind moes onderrig, ontstaan die vraag wat die persoon se wetlike mag of reg oor die kind was. Was dit dieselfde as die van die vader of nie?

### 2.4.1 Die Romeinse Reg

In Voet se *Commentary on the Pandects* (Volume seven), Voet (47-10-20(ii)) soos vertaal deur Percival Gane (1957:243) vind ons die volgende wat die Romeinse Reg sê aangaande teregwysings en berispings deur magistrate en instrukteurs: "If also a magistrate has taken some rather forcible step against one who withstands him or

conducts his case disrespectfully, or if he has taken to task in somewhat sharp words one who is guilty of some like wrong action, he ought to be presumed to have done so not with the purpose of his office. The rule is the same with an instructor when he corrects pupils who are not acting quite in accord with the principles of their craft."

Juliannus sê in die agt-en-sestigste boek van *The Digest or Pandects* dat as 'n skoenmaker wat ontevrede is met 'n seun wat 'n werknemer by hom is, die seun met 'n lees op die nek sou slaan dat hy sy oog verloor, dan kan daar nie 'n klag van aanranding ingebring word nie, omdat die party nie die daad gepleeg het met die doel om 'n besering te veroorsaak nie, maar dit wel gedoen is in die verloop van die onderrig (Scott, 1932d:82).

Volgens Nathan (1906:1664) het 'n eienaar van 'n slaaf, onder die Lex Aquilia in die ou Romeinse Reg, 'n regsaak vir skadevergoeding gehad as sy slaaf sodanig deur 'n ander gedood, of mishandel, of geslaan is dat die eienaar sy slaaf se dienste verloor het. Die beginsel waarop hierdie saak gebaseer is, is nie omdat enige "injuria" gepleeg is nie, maar dat skade aan die eienaar se eiendom gedoen is.

Die persoon of instansie aan wie die vader sy seun toevertrou het om hom die nodige opvoeding en onderrig te gee, was dus in 'n sekere mate deur die reg beskerm maar het terselfdertyd nie dieselfde magte as 'n vader gehad nie.

**2.4.2 Die Engelse Reg**

Die eeu-oue metode waar kinders vanaf 'n sekere ouderdom deur ander persone as die ouers opgevoed en onderrig word, hetsy by die ouerhuis of by 'n opleidingsplek, was ook in Engeland toegepas. Hierdie persone is later tutor, onderwyser of skoolmeester genoem en die plek van onderrig 'n skool.

Die ouers van 'n kind het 'n natuurlike verpligting teenoor die kind gehad, naamlik

onderhoud, beskerming en opvoeding en dit was ook so in die Engelse wette saamgevat (Kerr, 1896:98).

In die *Commentaries on the Laws of England* deur Sir William Blackstone (Knt.) in 1770 word daar onder "Power of Parent" gesê dat die gesag van 'n ouer oor sy kinders spruit uit hul plig teenoor hulle. Hierdie plig behels om die kind te voed, te klee en te onderrig. Die ouer mag sy kind wat minderjarig is wettiglik op 'n redelike wyse korrigeer. Hierdie gesag mag die ouer tydens sy lewe delegeer aan 'n tutor of skoolmeester. Die tutor tree dan "in loco parentis" op sover dit nodig is om die doel waarvoor hy in diens geneem is te volvoer (Kerr, 1986:99).

Zirkel en Reichner (1987:466) meld die feit dat William Blackstone die frase "in loco parentis" op opvoeders van toepassing gemaak het. Hier word nou waarskynklik vir die eerste keer in wetboeke van die uitdrukking "in loco parentis" gebruik gemaak.

Dit was nou maklik vir skoolmeesters en tutors om hulle self te regverdig wanneer sekere optredes teenoor hul leerlinge deur die ouers bevraagteken is. Die groot vraag wat dan ontstaan, is wat die betekenis of definisie van "in loco parentis" is. Die vraag het ook na vore gekom in hofsake waar erflatings uit boedels betwis is deur persone wat hulself as "in loco parentis" van die gestorwene se erfgenaam gesien het, byvoorbeeld in die saak van Powys v. Mansfield [(1837), 3 My. & Cr.359] en ook van Ex p. Pye [(1811),18 Ves.140].

### 2.4.3 Die Amerikaaanse Reg

Die term "in loco parentis" is in Amerika basies net so oud as die land se geskiedenis. Volgens Hammes (1982:8) het "in loco parentis" sy wortels in die gemene reg "...and was imported to the United States from England". "In loco parentis" volgens die gemene reg was erken deur die howe en Hammes (1982:9) wys op die uitspraak van 'n hof in Wisconsin in 1878 wat uitgewys het dat die skoolhoof of onderwyser vir tyd en wyl "in loco parentis" staan vir sy leerlinge en moet as gevolg van hierdie

verhouding die nodige gesag uitoefen oor hulle.

In 1933 verduidelik 'n ander hof "in loco parentis" as 'n kontrole wat uitbrei oor gesondheid, behoorlike omgewing, nodige dissipline, promovering van sedelikheid en ander gesonde invloede tydens tydelike opskorting van ouerlike outoriteit (Hammes, 1982:9).

Hierdie vroeëre howe het selfs sover gegaan om uit te spel wat van die leerling verwag word. In die Wisconsin hofuitspraak van 1878 waarna vroeër verwys is, het die hof gesê dat die leerling 'n verpligting het ten opsigte van gehoorsaamheid aan wettige bevele, ondergeskiktheid, burgerlike gedrag, respek teenoor leerlinge se regte en getrouheid aan plig (Hammes, 1982:9).

Volgens 'n ander hofuitspraak het 'n onderwyser wat optree as "in loco parentis" die reg om 'n leerling of sy besittings vir enige onwettige artikels of middels te deursoek en daarop beslag te kan lê (Hammes, 1982:9).

Hammes (1982:10) wys verder daarop dat "in loco parentis" deur sekere state in die VSA, byvoorbeeld Illinois in statutêre wetgewing geïnkorporeer het. Beter riglyne ten uitvoering van "in loco parentis" is sodoende vir skole en howe verskaf.

Die regstelsel het deur die jare al hoe meer klem op die regverdige toepassing van 'n onderwyser se "in loco parentis" geplaas. Zirkel en Reichner (1987:469) en Hammes (1982:10) wys op verskeie hofsake waar suksesvolle argumente deur ouers gelewer is omdat die perke van redelikheid binne die opvoedingsituasie oorskry was. Daar word dan ook deur die howe daarop gewys dat die doktrine van "in loco parentis" nie net regte vir onderwysers skep nie, maar terselfdertyd ook ooreenstemmende pligte.

**2.4.4 Sintese**

Vanaf die vroegste tye was die reg aan die kant van die persoon wat "in loco

parentis" die kind moes onderrig. Die ouer en die kind self was magteloos teen die regte wat 'n "in loco parentis"-persoon binne die regstelsel gehad het. Gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu en daarna het daar 'n veranderde sienswyse in die regstelsel oor "in loco parentis" na vore getree. Regverdige toepassing van "in loco parentis"-regte en redelike optrede deur die "in loco parentis"-persoon het hul verskyning op die horison van die regstelsel gemaak.

## 2.5 DIE INVLOED VAN "IN LOCO PARENTIS" OP DIE ONDERWYS

In nie een van die drie hofsake waarna Saunders (1969:24) en Stroud (1986:1494) in hul juridiese woordeboeke verwys waaruit die definisie van "in loco parentis" geneem is, naamlik Ex parte Pye [(1811), 18 Ves 140] Powys v. Mansfield [(1837), 3 My. ± Cr. 359] en Bennet v. Bennet [1879), 10 Ch.D. 474] was skoolmeesters of tutors betrokke nie. Die verslag van die hofsaak van Ex parte Pye vind ons in *The English Reports* (1903: Vol. XXXIV Chancery XIV) en dit handel oor die betwisting van 'n bepaling in 'n testament deur 'n familielid van die begunstigde wat hy in sy sorg geneem het. Die begrip "in loco parentis" word egter verskeie kere gebruik en wel soos op bladsye 274, 275 en 276 van dié verslag weergegee.

Die tweede hofsaak is Powys v. Mansfield soos weergegee in *The English Reports* (1903.Vol. XL, Chancery XX). Weer eens word die begrip "in loco parentis" verskeie kere gebruik soos op bladsye 967, 968, 969, 971 van hierdie verslag weergegee. In die geval Bennet v. Bennet eis die moeder van haar oorlede seun se boedel 'n som geld. Dit gaan om die beslissing of die moeder "in loco parentis" ten opsigte van haar seun was na haar man se dood en of sy die geld aan haar seun voorgeskiet het of as 'n geskenk gegee het. Daar word verskeie kere van die uitdrukking "in loco parentis" gebruik gemaak en kom die welbekende verklaring en definisie van "in loco parentis" uit hierdie hofsaak (bladsy 477-479).

### 2.5.1 Engeland

#### 2.5.1.1 Die gemene reg

Ooreenkomstig die gemene reg in Engeland word onderwysers in dieselfde lig beskou as ouers. Onderwysers se handelinge word getoets aan wat 'n sorgsame, verstandige en versigtige ouer in dieselfde omstandighede sou gedoen het (Partington, 1984:10). Partington beweer verder dat prokureurs van die standpunt uitgaan dat onderwysers is "in loco parentis" wat in die plek van ouers handel en optree. Net soos dit onmoontlik is om gedetailleerde reëls vir die gedrag en handeling van ouers op te stel, omdat die aanname gemaak word dat hulle doodgewoon net sal doen wat nodig is; daarom is dit amper onmoontlik om 'n kontrak op te stel wat presies uitspel wat onderwysers moet doen.

Die howe het volgens Partington(1984:11) tradisioneel hierdie konsep van "in loco parentis" van die onderwyser benadruk in hofsake teen onderwysers deur ouers. In 'n hofsaak teen 'n skoolmeester, wat beskuldig was dat hy nie behoorlik toesig gehou het oor die kinders in sy sorg nie (Williams v. Eady 1893, 10TLR 41, CA), het die destydse Master of the Rolls, Lord Esher, gesê: "As to the law on the subject there can be no doubt and it was correctly laid down by the learned judge that the scool-master was bound to take such care of his boys, and there could not be a better definition of the duty of a schoolmaster."

Vir 'n verdere voorbeeld van die howe se beklemtoning van bogenoemde siening kyk ons na die uitspraak van Mr. Justice Edmund Davies gelewer in die saak (Lyes v. Middlesex County Council 1963, 61 Local Goverment Report 443): "...the standards is that of a reasonable prudent parent judged not in the context of his own home but in that of a school, in other words a person exhibiting the responsible mental qualities of a prudent parent in the circumstances of school life. There is more to it ... skylarking and a bit of rough play, but the reasonable parent in school premises would be mindful of such considerations as that" (Partington, 1984:11).

Die "in loco parentis" van die onderwyser het egter ook verdere en wyer gevolge gehad wat vir die onderwys in Engeland nog meer probleme na vore gebring het. Adams (1983:26) verwys na 'n geval waar die hoof van 'n skool op 'n sekere dag gesien het hoe 'n onderwyser een van die skooldogters op haar arm geslaan het. Die hoof het die onderwyser na sy kantoor ontbied en baie kwaad aan hom vertel dat volgens sy mening sy optrede onprofessioneel was. Baie duidelik het hy toe aan die onderwyser instruksie gegee dat hy onder geen omstandighede ooit weer lyfstraf aan 'n kind mag toedien nie.

Die onderwyser wat, as lid van 'n baie sterk unie sy regte ken, het toe aan die hoof gesê dat volgens die gemene reg is hy as onderwyser "in loco parentis" en het dus die reg om redelike straf toe te dien. Volgens hom het die dogter nie haar huiswerk ingelewer nie en was die straf wat hy toegedien het geregverdig. Hy sal ten spyte van die hoof se opdrag voortgaan om volgens sy professionele oordeel redelike straf toe te dien wanneer dit nodig is.

As daar na die gemene reg gekyk word dan is die onderwyser volgens Adams (1984:26) heeltemal reg. As 'n kind in die skool is, aanvaar die onderwyser die ouer se mantel - want dit is wat "in loco parentis" beteken.

Hy moet verantwoordelikheid neem vir die kind op dieselfde wyse as wat 'n goeie en verstandige ouer sou doen en die kind ook dissiplineer soos 'n redelike ouer dit sou doen. Adams (1983:27) gaan verder en sê dat hy glo nie daar is 'n hof in Brittanje wat daarby sal staan dat dit onredelik is vir 'n ouer om sy kind 'n pak slae te gee nie.

Daar is egter 'n ander sy van die saak: kontraktuele voorwaardes tussen die onderwyser, as 'n werknemer van die plaaslike owerheid en die plaaslike owerheid self, noop die werknemer dat hy/sy redelike instruksies moet gehoorsaam. Gevolglik skyn dit redelik te wees dat die plaaslike owerheid deur sy agent, die skoolhoof, geregverdig is om te besluit wie van sy personeel lyfstraf mag toedien. As die hof beslis dat die hoof se instruksie redelik was, dan kan die Local Education Association

dissiplinêre stappe teen die onderwyser neem wat moontlik tot ontslag van die onderwyser mag uitloop (Adams, 1983:27).

Die ouers aan die ander kant verwag ook dat die onderwyser met dieselfde graad van "sorgsame toesig" teenoor hul kinders moet optree. Partington (1984:54) meen dit is 'n saak van gesonde verstand dat 'n onderwyser se werk onmoontlik sal wees as hy of sy elke leerling moet behandel soos hul ouers dit verlang. Dit is vir die onderwyser om te besluit hoeveel toesig en kontrole nodig is. "This after all is what 'in loco parentis' means in practice" (Partington, 1984:54).

Die onderwyser is in effek nog 'n ouer vir elke kind, en dit word aanvaar dat die ouers hulle magte en toesig aan die onderwyser gedelegeer het. Daar kan dus na Partington (1984:54) se mening hoegenaamd geen sprake wees dat onderwysers instruksies van ouers neem en dus as ouers se slawe ageer nie.

Partington (1984:55) gaan verder en sê daar kan legitieme verskille tussen 'n kind se ouer en sy onderwyser ontstaan. As so 'n dispuut eindig in 'n hof sal die beslissing daar gemaak word deur gebruikmaking van die maatstawwe van redelikheid in die omstandighede, en die begrip van die versigtige en verstandige ouer.

### 2.5.1.2 Onderwyswette

Parlementêre wetgewing is die vernaamste bron van onderwyswette in Engeland. Deur die Onderwyswet van 1944 wat volgens Partington (1990:85) bekend staan as die "Ouerwet" het die ouer min of meer 'n gelyke seggenskap oor die onderwys van sy kind gekry. Die sentrale ontwerp van hierdie Wet is die vennootskap tussen ouer, plaaslike en nasionale regering in die onderwys. Sedertdien is deur verdere Onderwyswetgewings van 1980, 1986 en 1988 al hoe meer mag aan ouers en bestuursrade van skole gegee (Partington, 1990:85).

'n Verdere bron van onderwyswette is die gemene reg. Partington (1990:86) beskryf

dit as "judge made law" of "case law" waarin die bindende mag van voorbeeld/presedent 'n geweldige groot rol speel. In hofsake waarin die status van die onderwyser as "in loco parentis" en sy verhouding met die leerlinge, veral betreffende die pligsorg van die kwasi-ouer in gedrang kom, speel hierdie bron van reg 'n belangrike rol in uitsprake (Partington, 1990:86).

**2.5.1.3 Verpligte onderwys**

Daar rus 'n wetlike verpligting op 'n ouer of voog (en dus 'n persoon "in loco parentis") van 'n kind om te sorg dat kinders tussen die ouderdomme van 5 jaar en 16 jaar doeltreffende voltydse onderwys ontvang. Die onderwys moet geskik wees vir die kind se ouderdom, bekwaamheid, aanleg of geskiktheid. "Efficient", "ability" en "aptitude" word egter nie gedefinieer nie (Partington, 1990: 90-91).

**2.5.1.4 Skoolreëls**

Skoolreëls was streng toegepas. Voor die afskaffing van lyfstraf in publieke skole deur die Onderwyswet van 1986, kon hoofde byvoorbeeld leerlinge toelating tot hul skole weier as hulle nie lyfstraf wou aanvaar nie. Na die Onderwyswet van 1986 kyk die howe na die wetlikheid en legitimiteit van 'n skoolrëel as 'n leerling of sy ouers 'n saak teen 'n skoolrëel maak (Partington, 1990:92).

**2.5.1.5 Pligte van ouers en "in loco parentis"-persone**

Volgens die Onderwyswet van 1981 het 'n ouer of voog die plig om toe te sien dat sy kind doeltreffende, voltydse, onderwys ontvang wat geskik is vir sy ouderdom, bekwaamheid en aanleg "and to any special educational needs he may have". Hierdie plig gaan oor op die onderwyser as "in loco parentis"-persoon tydens skoolure (Partington, 1990:97).

#### 2.5.1.6 Dissipline

Die onderwyser se status van "in loco parentis" onder die "United Kingdom Law" het hom die reg verleen om redelike straf aan leerlinge toe te dien. Hierdie status is verkry uit die gemene reg (Partington, 1990:108). Partington gaan verder en noem dat lyfstraf sedert 1986 deur die Onderwyswet van 1986 verbied is en dat die gemene reg aan die onderwyser as "tweede ouer" die reg gee om sy leerling te beïnvloed ten opsigte van hul sosiale sowel as skolastiese gedrag. Hierdie reg oorkoepel ook die daaglikse heen-en-weer-reis tussen skool en huis.

#### 2.5.1.7 Kwasi-ouerrol

Die begrip kwasi-ouerrol van onderwysers was gedurig bevraagteken. Hierdie konsep is gebaseer op die veronderstelling dat ouers hul magte van kontrole en beheer aan onderwysers delegeer, terwyl die kind in die onderwyser se toesig is. Hierdie delegering word nie deur die Wet vereis nie (Partington, 1990:109).

#### 2.5.1.8 Konfiskering van artikels en naskoolse straf van leerlinge

In belang van skoolorde en dissipline is daar sedert 1888 aanvaar dat 'n mate van oordeel tot dwang aan skoolmeesters oorgelaat word. Die oordeel moet egter redelik toegepas word. Agterbly naskool as strafmaatreël mag egter alleenlik vir dissiplinêre oortredings gegee word, aangesien daar reeds in 1884 bepaal is dat dit onwettig is om leerlinge na skool te hou vir huiswerk wat nie gedoen is nie (Partington, 1990:110).

Wat konfiskering betref, sê Partington (1990:110) dat in belang van die goeie orde en dissipline van 'n klas of skoolsituasie mag 'n onderwyser as "in loco parentis"-persoon beslag lê op artikels (wat 'n gevaar inhou) wat aan 'n leerling behoort. Die onderwyser mag dit nie neem met die voorneme om dit permanent van die leerling te weerhou nie. Indien die artikels voorsienbare gevaar inhou, moet dit onverwyld aan die leerling se ouers besorg word. Die onderwyser moet ook die artikels, terwyl

dit in sy sorg is, net so goed bewaar asof dit sy eie is. Partington (1990:110) sê daar is gevalle bekend waar "local authorities" vergoeding moes betaal vir besittings van leerlinge wat afgeneem is en nie behoorlik deur die onderwysers bewaar is nie.

### 2.5.1.9 Nalatigheid

Die onderwyser as "in loco parentis"-persoon moet redelike sorg neem vir die fisieke welsyn van sy leerlinge. Partington (1990:110) haal die volgende aan uit die saak Williams v. Eady (1893:10 times Law Reports 41): "The schoolmaster was bound to take such care of his boys as a careful father would take of his boys and there could not be better definition of the duty of a schoolmaster."

Die toets van die redelike sorgsame vader word deur die howe gebruik en nie die van 'n angstige of oormatig versigtige ouer nie. Die lewe in 'n skool is anders as dié by die huis en die risiko's is dus aansienlik groter en dit word deur die howe in ag geneem (Partington, 1990:111).

### 2.5.1.10 Sintese

Die definisie van "in loco parentis" het in 'n mate 'n verandering teweeggebring in die posisie van die onderwyser in Engeland. Waar "in loco parentis" eers aan die onderwyser 'n bykans onaantasbare mag en reg gegee het wat sy optrede teenoor die leerling betref, word die onderwyser se optrede nou hok geslaan deur wetgewing en die toepassing van die gemene reg deur die howe. Daar word nou gelet of die optrede van die onderwyser vergelyk kan word met die van die redelike sorgsame vader. Indien nie, kan die onderwyser skuldig bevind word aan nalatigheid.

Die definisie van "in loco parentis" het ook gelei tot die verpligte onderwys van kinders in Engeland.

## 2.5.2 In Amerika

### 2.5.2.1 Die Amerikaanse wette

Die Amerikaanse wet verplig kinders tot skoolbywoning vanaf sewejarige ouderdom tot 'n gespesifiseerde ouerdom wat wissel vanaf vyftien tot negentien jaar (Levin, 1990:15). Purcell (1984:183) beweer ouers word nou gedwing deur die verpligte wet ten opsigte van skoolbywoning om die gevolge van die "in loco parentis"-doktrine te verdra. Purcell (1984:184) noem ook dat die doktrine van "in loco parentis" sy ontstaan in die Engelse gemene reg het en die skoolmeester beskou word as "staande in die skoene van 'n ouer" terwyl die kind in die skool is. Gevolglik is "in loco parentis" beskou asof die ouer 'n gedeelte van sy ouerlike gesag aan die leermeester gedelegeer het. Omdat ouers die reg het om hul kinders lyfstraf toe te dien (behalwe as die kind fisiek beseer of in gevaar gestel word) om sy of haar gedrag te beheer, het die onderwyser gevolglik ook dieselfde reg deur hierdie delegering.

Hammes (1982:8) reken dat "in loco parentis" soos die konsep op die onderwys toegepas is, definieer ook die verwantskap in 'n beperkte en 'n dubbelsinnige of twyfelagtige wyse tussen 'n onderwyser en 'n student of leerling. Dit het van kollegevlak na die publieke skoolvlak deurgesuur waar dit wyd deur onderwysers as 'n regsgeldige verdediging teen aanklagtes van aanspreeklikheid gebruik is.

Zirkel en Reichner (1987:467) noem dat onderwysers wat dit nodig geag het om lyfstraf aan leerlinge in hul sorg toe te dien, die begrip "in loco parentis" in Amerika gebruik het om hulle self teen regstappe te beskerm en te vrywaar. Hierdie beskerming het in die begin die vorm van 'n breë maar nie onbeperkte verskansing in kriminele en siviele gedinge vir aanranding en mishandeling aangeneem. Bogenoemde outeurs meen ook dat 'n onderwyser slegs verantwoordelik gehou kan word as hy of sy òf 'n permanente besering toegedien het òf met regsopset ("legal malice"), dit wil sê teen die wet wat skoolreëls insluit, gehandel het. Zirkel en Reichner haal dan die uitspraak aan wat 'n hof gegee het [State v. Prendergrass, 19

N.C. 365,367, 31 Am.Dec. 416, 417(1837)]: "[The Teacher's] judgement must be presumed to be correct, because he is the judge, and also because of the difficulty in proving the offence, or accumullation of offences, that called for correction, of showing the peculiar temperament, disposition, and habits of the individual corrected, and of exhibiting the various milder means that may have been ineffectually used, before correction was resorted to."

Die *Veertiende Amendement* van die Amerikaanse grondwet het 'n verandering meegebring in die toepassing van dissiplinêre en ander stappe in die onderwys. Seksie 1 van die amendement bepaal onder andere: "No State shall make or enforce any law which shall abridge the privileges or immunities of citizens of the United States; nor shall any State deprive any person of life, liberty, or property, *without due process of law*; nor deny to any person within its jurisdiction the equal protection of the laws." (Schimmel & Fischer 1987:236.) Hierdie "due process of law" het meegebring dat geen dissiplinêre stappe teen 'n leerling geneem mag word sonder 'n regverdige verhoor nie. Die gevolg hiervan is dat "in loco parentis" nie nou meer 'n vrypas vir die onderwyser is om na willekeur te dissiplineer of na sy oordeel op te tree nie. Die leerling of sy ouer kan nou met meer vertroue en met die wete dat die reg aan sy kant is 'n klag teen so 'n onderwyser lê (Schimmel en Fischer, 1987:32-33).

Die direkte verwantskap wat daar moet bestaan tussen die onderwyser en die leerling word weer eens beklemtoon. Zirkel en Reichner (1987:467) verwys ook na hierdie direkte verwantskap wat in 'n hofsaak ter sprake gekom het. 'n Hof het naamlik in die saak [Prendergast v. Masterson, 196, S.W. 246,247 (Tex.Civ.App. 1917)] beslis dat 'n superintendent van onderwys nie "in loco parentis" kan wees nie. Die rede wat deur die hof aangegee is, is dat die onderwyser wat die wet in gedagte het, een is wat as gevolg van sy herhaalde of gedurige kontak met die leerling, die geleentheid gehad het om die eiesoortige karaktertrekke van die leerling te leer ken. Dusdoende kan die leerling se gedrag intelligenter beoordeel word. Om die rede kan beter bepaal word watter straf onder die omstandighede toegedien moet word. Die superintendent van

onderwys het nie herhaalde of gedurige nabye kontak met die leerling nie en kan dus nie "in loco parentis" wees nie. Die direkte verwantskap tussen onderwyser en leerlinge speel dus 'n belangrike rol wanneer iemand hom in 'n hofsaak teen hom op "in loco parentis" beroep.

### 2.5.2.2 Bronne oor skoolwette

Volgens Levin (1990:2) is daar verskeie bronne oor onderwys of skoolwette waarvan die volgende miskien die belangrikste is:

#### 2.5.2.2.1 Die gemene reg

Verskeie aspekte oor onderwys word gedek deur die gemene reg - in besonder kontrakte met onderwysers en onregpleging teenoor leerlinge.

#### 2.5.2.2.2 Die Federale Konstitusie

Aangesien die Federale Konstitusie volgens Levin (1990:1) nie direk na onderwys verwys nie, lê die hoof verantwoordelikheid vir onderwysbeheer by die vier-en-vyftig state se regerings. Wat die onderwys die meeste raak, is die volgende amendemente wat die skooloutoriteite en/of staat bedwing en beperk:

*Eerste Amendement*: Die eerste amendement bepaal dat: "Congress shall make no law respecting an establishment of religion, or prohibiting the free exercise thereof; or abridging the freedom of speech, or of the press..."(Fischer & Schimmel, 1987:235). Met ander woorde dit wat die onderwys tot dusver gebind het, word verwyder. Die beskerming wat gegee word aan onderwysers, leerlinge en ouers word bepaal deur die bepaalde karakter van die skoolomgewing (Levin, 1990:2).

*Vierde Amendement*: Hierdie wysiging beskerm persone (en dus leerlinge) en hul besittings teen onredelike deursoeking en besitname. 'n Lasbrief wat uitgereik is

wanneer 'n moontlike rede daartoe gevind is, is in die algemeen nodig. Dit kom daarop neer dat daar bewyse moet wees dat 'n misdaad deur onderwyser of leerling begaan of 'n skoolreël oortree is (Levin, 1990:2; Fischer & Schmimmel, 1987:235).

*Vyfde Amendement*: Hierdie amendement maak voorsiening dat geen persoon van sy lewe, vryheid of eiendom ontneem mag word sonder die aanspraak op 'n regverdige verhoor nie (Levin, 1990:2; Fischer & Schimmel, 1987:235-236).

*Agste Amendement*: Hierdie amendement verbied die toediening van "cruel and unusual punishments". Volgens Levin (1990:3) word wettige eise teen lyfstraf hierdeur gesterk.

*Veertiende Amendement*: "The Fourteenth Amendement's Due Process Clause" het ten doel om die regte wat in die *Bill of rights* bevat is, na individuele staat regerings en hulle subdivisies, wat staat- en plaaslike skoolrade insluit uit te brei (Levin, 1990:1). Relevante voorsiening wat die onderwys betref, is in hierdie amendement gemaak en dit behels die volgende aspek: "no state shall ... deprive any person of life, liberty or property without due process of law; nor deny to any person within its jurisdiction the equal protection of the laws" (Fischer & Schimmel, 1987:236). Volgens Levin (1990:3) bring dit dus mee dat enigeen aanspraak kan maak op gelyke onderwysgeleenthede.

**2.5.2.2.3 Juridiese of kwasi-juridiese funksies**

'n Verontregte persoon in die onderwys, byvoorbeeld leerling, ouer of onderwyser se saak kan óf op 'n juridiese wyse in 'n hof hanteer word óf deur 'n regsbank anders as in 'n hof. Dit hang af van die staat waarin die persoon woon. So byvoorbeeld vind 'n mens dat:

* in sommige state kan 'n verontregte persoon net direk hof toe gaan met sy saak, want dit kan die enigste forum wees waar hy sy griewe kan voorhou;
* in ander state weer is dit 'n statutêre vereiste dat griewe eers in die onderwys

hiërargie uitgespook moet word voordat dit voor 'n hof kan dien, en dat

* daar 'n paar state is waar partye hul geskille in 'n hof of 'n administratiewe regsbank binne die onderwysstelsel kan besleg (Levin, 1990:10).

**2.5.2.3 Verpligte onderwys**

Alhoewel nie algemeen toegepas nie was onderwys reeds verpligtend in die laaste gedeelte van die 19de eeu. Met die groei van leerlingtalle en skole in die vroeë 20ste eeu is verpligte onderwys al hoe strenger toegepas. Skoolverlatingsouderdomme is ook al hoe meer verhoog totdat dit vandag in die meeste state op sestien of agtien jaar staan (Levin, 1990:15) en aanvangsouderdom 6 of 7 jaar (Levin, 1990:40).

**2.5.2.4 Algemene gesag om gedrag te beheer**

Skole in die VSA is publieke agentskappe wat onder 'n wetgewende delegasie van gesag opereer. Die doktrine van "in loco parentis" was gebaseer op 'n vrywillige delegering van gesag van die ouer aan die skoolowerhede en dus ook aan die onderwyser. Hierdie vrywillige delegering bestaan nie meer nie. Dit is nou 'n wetlike verplasing van ouergesag aan die skoolowerhede. Beide die "in loco parentis"-doktrine en die wetlike verplasing van gesag lewer dieselfde resultaat; dat die skoolraad (en dus onderwyser) net die gesag oor leerlinge het in die mate dit nodig is om sy funksie van behoorlike onderrig en opleiding te vervul. Daarom mag skoolreëls wat nodig is vir die handhawing van goeie gedrag en orde in die skool gemaak word (Levin, 1990:20-21).

**2.5.2.5 Skoolreëls**

Om die skool ordelik te kan bestuur, het die skoolbeheerraad die reg om redelike en billike skoolreëls en regulasies op te stel en af te dwing. Om geldig te wees, moet die skoolreëls verband hou met die gesondheid en veiligheid van leerlinge of met die opvoedende onderrig van die leerlinge (Levin, 1990:73).

### 2.5.2.6 Dissipline

Die handhawing en toepassing van skoolreëls en regulasies kan volgens Levin (1990:64) op verskillende maniere verkry word. Die toepassing van 'n wye reeks strafmaatreëls word toegepas soos:

* stuur van 'n leerling na 'n detensie saal;
* die leerling na skool agter te hou;
* beperkings op buitekurrikulêre aktiwiteite;
* vermindering van die graad waarin hy verkeer;
* druip van 'n kursus;
* oorplasing na 'n verbeteringskool, en
* skorsing en uitsetting.

Volgens Levin (1990:64) word strafmetodes aangewend om leerlinge se gewilligheid om te leer te vermeerder of verbeter. Wat lyfstraf betref, is daar basies vyf soorte wette in die VSA geldig afhangende van die verskillende state se wetgewing. Voorbeelde hiervan is die volgende:

* Slegs 'n paar state soos New Yersey en Massachusetts verbied geheel en al lyfstraf deur wetgewing.
* Daar is 'n paar state soos Vermont wat die onderwyser uitdruklik verlof gee om lyfstraf toe te pas.
* Sommige state verbied nie lyfstraf nie maar in dieselfde wetgewing word die plaaslike distrikte toegelaat om volgens eie keuse lyfstraf te verbied.
* Wetgewing in North Carolina verbied plaaslike onderwysrade om 'n regulasie te aanvaar wat lyfstraf uitsluit;.
* Dan is daar state wat doodeenvoudig van die standpunt uitgaan dat die handhawing van orde en dissipline is een van die onderwyser se pligte. Omdat in hierdie state se wetgewing nêrens lyfstraf gemagtig of verbied word nie, aanvaar die howe dat lyfstraf toegepas mag word. So 'n staat is byvoorbeeld Indiana (Levin, 1990:66-67).

Levin (1990:68) meen die doktrine van "in loco parentis" word deur 'n paar state

gekodifiseer. Nie een van hulle verwys spesifiek na lyfstraf nie. Die howe interpreteer hierdie wetgewings om lyfstraf toe te dien as skeppende reg aangesien die ouers hierdie reg het. Illinois is so 'n staat maar California vereis die skriftelike toestemming van die ouer vir die toediening van lyfstraf. Verskeie pogings is al deur 'n aantal laerhowe geloods om "reasonable" lyfstraf te definieer (Levin, 1990:68-69). Die volgende faktore wat volgens Levin (1990:69) in ag geneem moet word, is deur een so 'n hof gespesifiseer:

* ouderdom van leerling;
* fisieke toestand van leerling;
* die erns van die oortreding;
* aard en graad ("severity") van die straf;
* onderwyser se motivering;
* houding en vorige gedrag van die leerling, en
* beskikbaarheid van ander metodes wat net so doeltreffend is.

### 2.5.2.7 Veiligheid

Levin (1990:69) beweer dat onderwysers se plig om leerlinge teen redelike voorsienbare gevare te beskerm en toesig te hou, kristalhelder en duidelik is. Onderwysers en administrateurs van skole kan verantwoordelik gehou word vir skade of leed wat aan leerlinge gedoen is. Hulle kan onder die gemene reg sowel as siviele en kriminele wette aangekla word.

Verskeie sake is ook al aanhangig gemaak teen skole en onderwysers waarin individuele leerlinge beweer dat hulle akademiese opleiding nie op standaard was nie (Levin, 1990:70).

### 2.5.2.8 Sintese

Omdat die "in loco parentis"-begrip in Amerika sy ontstaan in Engeland het, is dit op dieselfde wyse toegepas deur onderwysers. Net soos die begrip "in loco parentis"

veranderinge in die onderwys in Engeland teweeggebring het, het dit ook in Amerika veranderinge in die onderwys teweeggebring. Die regte en pligte van onderwysers word deur wetgewing in die verskillende state bepaal. 'n Onderwyser moet soos 'n redelike sorgsame vader optree, ook wat die toepassing van dissipline en tug betref, anders kan hy/sy van nalatigheid aangekla word. Onderwys is deur wetgewing verpligtend gemaak, maar terselfdertyd word daar ook na die regte en pligte van die kind omgesien.

### 2.5.3 In Suid-Afrika

Die begrip "in loco parentis" het van Engeland soos dit daar toegepas word ook na die RSA "geïmmigreer" en is dit hier deur die onderwysers aangegryp om hulle self te regverdig wanneer klagtes van hulle optrede teenoor leerlinge deur ouers ingebring is. Verskeie hofsake het hieruit voortgespruit en dien as bronne:

Hart v Foreman, 1905(22) SC 284; 15 CTR 406; Hex River School ex. parte, 1905(15) CTR 644.
Durr v Schoeman, 1910(27) SC 21; 20 CTR 34 Pepler v Molteno School Board, 1912 CPD 519.
R v Schoombee 1924.
R v Theron 1936, O.P.D. 176.
R v Jacobs 1941, O.P.D. 7.
R v Le Maitre en Avenant 1947.
R v Muller 1948.
Hierdie hofsake se beslissings sal later in hoofstukke 3 en 4 aangehaal word soos wat dit daar van toepassing sal wees.

In Engeland en Amerika het verskeie kundiges op die gebied van die opvoeding en regswese al in boeke en tydskrifte hulle ontevredenheid uitgespreek met die wyse waarop "in loco parentis" as 'n toevlugswapen of skerm gebruik word wanneer die onderwyser straf en veral lyfstraf toedien.

In Suid-Afrika het Rosenthal (1925:305-310) hom netso sterk uitgespreek oor die regverdiging al dan nie van die begrip "in loco parentis" soos toegepas in die onderwys. Hy beweer dat daar nie 'n onderwerp van soveel belang as die onderwys is nie en dat 'n wet wat die saak ten volle aanspreek nog nie neergelê is nie.

Hy beweer dat veral Grotius en Voet asook outoriteite in Engeland het die onderwys-aangeleentheid net in die algemeen hanteer. So het die verpligte skoolbywoningstelsel van die Onderwyswet eers in 1870 in werking getree. Volgens hom het Voet en Grotius saam met geringer skrywers eenvoudig net gesê dat 'n skoolhoof staan "in loco parentis" en dat hy korrektiewe maatreëls kan toepas. Gevolglik sal geen aanklag van aanranding enige grond hê nie. Rosenthal beweer verder dat hierdie toestand van sake tot in 1925 nog nie verbeter het nie en menige beslissing het daarmee te doen. Volgens hom is "in loco parentis" die enigste gebied van die onderwys wat nie betwis word nie. Daar word na verskeie Suid-Afrikaanse hofsake verwys en sal in hoofstuk 3 weer aangehaal word.

Na 1925 was daar steeds hofsake teen onderwysers, maar die howe het al hoe strenger begin kyk na die werklike handeling van die onderwyser wat sy "in loco parentis"-verantwoordelikheid betref. Die regering het ook meer aandag gegee wat uiteindelik uitgeloop het op die publikasie van *Die Onderwyswet 70 van 1988* waardeur sekere onderwyswette herroep is en waarin die toediening van lyfstraf wat die spilpunt van ongelukkigheid oor "in loco parentis" is, feitlik totaal verbied is. Alleenlik die hoof van 'n skool mag onder sekere geregverdige omstandighede lyfstraf toedien en wel net aan seuns. Meisies mag nie lyfstraf ontvang nie.

#### 2.5.3.1 Sintese

Die invloed van "in loco parentis" op die onderwys sentreer om die regte van onderwysers by die uitoefening van dissipline, die toediening van straf en die toesig oor leerlinge. Dit was alleenlik wanneer daar 'n klag van onredelike optrede teen 'n onderwyser deur 'n ouer aanhangig gemaak is dat die "in loco parentis"-posisie van

die onderwyser ter sprake gekom het. Immuniteit weens sy "in loco parentis"-posisie is dan as verweer deur die onderwyser aangevoer.

Hierdie toestand van sake het die gevolg gehad van verskeie onderwyswetswysigings ten opsigte van lyfstraf en dissiplinêre optrede teen leerlinge. "In loco parentis" se een been "tug" het dus altyd die meeste kalklig in die onderwys gekry. Hierteenoor is daar van die tweede been van "in loco parentis", naamlik versorging, wat eintlik die belangrikste rol behoort te speel, weinig gehoor.

## 2.4 SAMEVATTING

Die betekenis van "in loco parentis" vir die onderwys is tot op hede, soos deurgetrek in hierdie hoofstuk, nog nie werklik aangespreek nie. Net 'n klein onderafdeling van die omskrywing van "in loco parentis" word uitgelig en aangespreek, naamlik straf en dan spesifiek lyfstraf. Die ander komponente van "in loco parentis" wat in die omskrywing ingesluit is, naamlik die sorgsame toesig en opvoedende onderrig van die leerling terwyl hy onder die toesig van die skool en onderwyser is, word nie aangespreek nie. In hoofstukke 3 en 4 sal daar dan in diepte hieraan aandag gegee word. In die volgende hoofstuk word dan ook gekyk na die gesagsreg van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon en wat dit behels.

# HOOFSTUK 3

# DIE GESAGSREG VAN DIE ONDERWYSER AS 'N "IN LOCO PARENTIS"-PERSOON

## 3.1 INLEIDING

Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat die metodiek wat toegepas is in die onderrig van leerlinge, 'n vraagteken laat ontstaan het oor die "in loco parentis"-rol van die onderwyser. Dit het in baie gevalle gelei tot 'n negatiwiteit teenoor die "in loco parentis"-rol en die misbruik daarvan deur onderwysers. Artikels soos: "Some undecided points in the law effecting schoolmasters and scholars" van E. Rosenthal (*S.A. Law Journal*, Vol.XLII,1925) en "*Is in loco parentis Dead*?" van Perry A. Zirkel en Henry E. Reichner (PhiDelta Kappan, 1987), getuig hiervan. Die besef het deurgedring dat "in loco parentis"-verantwoordelikheid nie net regte soos "straf om 'n doel te bereik" aan 'n onderwyser verleen nie. Die begrip "in loco parentis" verwag in werklikheid veel meer van die onderwyser. Daar sal in hierdie hoofstuk gepoog word om aan te toon wat dit beteken om "in loco parentis"-rol uit te leef in die onderwys waar dit outomaties ampshalwe deel van die onderwyser se pligte word. Van kardinale belang is die noue verband wat daar moet bestaan tussen onderwyser en ouer sodat opvoedende onderrig in ooreenstemming is met die norme en standaarde wat deur die samelewing gestel word. Soos die sorgsame ouer sal optree, so moet die sorgsame "in loco parentis"-persoon (die onderwyser) ook optree.

## 3.2 DIE ONDERWYSER SE GESAGSREG

Uit hoofde van die amptelike pos wat die onderwyser beklee word sekere regte as gesagspersoon aan hom toegeken. Hy ontvang hierdie regte as gesagsdraer uit verskeie hoof- of kenbronne.

### 3.2.1 Vanaf God

God is volgens Van der Walt (1982:240-241) die houer van finale en absolute gesag; daarom is die oorsprong van alle gesag ook by God. Om orde binne die skool te kan handhaaf, beklee God die onderwyser dan met die nodige gesag.

### 3.2.2 Van Statutêre bronne

#### 3.2.2.1 Parlementêre Wetgewing

Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) Wet 70 van 1988 erken in artikel 64 die gesagsposisie van die onderwyser. Verder erken die wet ook die onderwyser se reg om leerlinge te beheer, te dissiplineer en om teen leerlinge byvoorbeeld deur middel van skorsing uit die skool, op te tree.

#### 3.2.2.2 Tweedevlak wetgewing

Volgens Bray (1988:8) word die onderwyser se reg as gesagsdraer en die wyse van gesagshandhawing ook bevestig en bepaal deur:

* Proklamasies soos dit deur die betrokke minister uitgevaardig word.
* Omsendbriewe, omsendminute en beleidstukke soos handleidings vir algemene skoolorganisasie soos dit deur die verskillende uitvoerende direkteure van onderwys uitgereik word.

#### 3.2.2.3 Skool of derdevlakwetgewing

Die onderwyser se gesagsposisie en wyse van gesagshandhawing word bevestig en bepaal deur die skoolbeleid en skoolreëls soos dit deur die skoolhoof opgestel word (Bray, 1988:8).

### 3.2.3 Die gemene reg

Ooreenkomstig die gemene reg kan 'n skool interne reëls opstel met die oog op sy onderwys- en opvoedingsfunksie om sy eie sake te reël. Daar is spesifieke vereistes wat nagekom moet word rakende die redelikheid, billikheid en bekendstelling daarvan (Van Wyk, 1987:23).

Die gemene reg bevat ook die regsbeginsel van die onderwyser wat in die plek van die ouer optree ("in loco parentis"). Dit gaan dan veral om leerlingtoesig asook die toepassing van tugmaatreëls soos gewysig deur wetgewing (Van Wyk, 1987:23). Die onderwyser word hiermee met gesag beklee om orde binne die formele onderwys te handhaaf (Oosthuizen, 1990a:105).

### 3.2.4 Kwasi-juridiese bevoegdheid

Die onderwyser as "in loco parentis"-persoon kan, volgens Oosthuizen (1990a:109) binne sy toegekende perke van diskresie, besluite neem wat "die regte en voorregte van die leerling aantas". Die omstandighede rondom die saak moet egter deeglik in ag geneem word. Hierdie bevoegdheid word kwasi-juridiese bevoegdheid genoem en Oosthuizen (1990a:109) gee die volgende voorbeelde om aan te toon waar 'n onderwyser sy reg om sy diskresie kan uitoefen. Met "versigtige inagneming van al die omstandighede" kan die onderwyser besluit of:

* 'n leerling 'n oortreding begaan het en of hy skuldig is aan onbehoorlike of swak gedrag;
* die verskonings wat deur die leerling gegee word as redes vir sy oortreding, waar en geldig is (dit wil sê as hy wel skuldig is aan 'n oortreding); en of
* hy die leerling gaan straf en wat die vorm van die straf gaan aanneem en of hy die leerling net gaan vermaan.

#### 3.2.4.1 Tugbevoegdheid

"Uitoefening van tugbevoegdheid impliseer die regmatige of behoorlike toepassing

van tug" (Heaton, 1987:398). Hierdie toepassing van tug kan volgens Heaton (1987:398) alleenlik geskied indien:

* 'n redelike ondersoek tugtoediening voorafgegaan het, en
* dit redelike en matige tug is wat toegepas word.

Heaton sê dan verder dat 'n redelike ondersoek impliseer op sy beurt dat feite blootgelê moet word wat redelikerwys oortuig dat die leerling die misstap, waarvoor hy aangekla word, begaan het en dus skuldig is.

### 3.2.5 Regspraak

Regskepping is nie die vernaamste of grondliggende rol van die howe nie. Hulle bly "'n belangrike kenbron binne die Suid-Afrikaanse regstelsel" as gevolg van die presedenteleer (Oosthuizen & Bondesio, 1988:23). Onderwyswette en gemene regbeginsels rakende die onderwys wat in hofsake deur die jare besleg is, is telkens bevestig deur die hofbeslissings (Oosthuizen, 1990a:109-110). Die regspraak raak dus die onderwyser se regte ook aan.

In die hofsaak R v Muller 1948(4) SA 848(0) gee regter Horwitz volle erkenning aan die posisie van 'n koshuisvader as "in loco parentis" en bevestig ook die gemeenregtelike oorsprong daarvan (p. 860). In sy uitspraak wys regter Horwitz ook daarop dat 'n skoolhoof het die reg om lyfstraf toe te dien (volgens "seksie 62(5) van Ord. 15 van 1930") en dat hy sy magte mag delegeer. Regter Horwitz wys verder daarop dat 'n onderwyser ook 'n morele skuld kan hê deur byvoorbeeld nie 'n redelike en behoorlike ondersoek van 'n saak te doen nie (p. 869).

In die hofsaak R v LeMaitre en Avenant 1947(4) SA 616(K) waarin die beskuldigdes onskuldig bevind is, sê regter Steyn onder andere dat die hof meng hom nie maklik in met die onderwysdiskresie by tugtiging nie, behalwe waar dit "op 'n onbillike of onredelike manier" toegedien is (p. 621).

Regter Hiemstra vind in die hofsaak S v Meeuwis 1970(4) SA 532(T) die beskuldigde skuldig aan aanranding deurdat sy die 10-jarige skoolseun op sy bene in plaas van op sy sitvlak geslaan het voor ander kinders wat teenstrydig met die regulasies is en nie in teenwoordigheid van die skoolhoof nie lyfstraf toegedien het.

Die Transvaalse geldende onderwysregulasies is dus oortree deur die beskuldigde.

## 3.3 GESAGSVERHOUDING

Die H.A.T. definieer gesag as "wettige reg om te beveel". Volgens Reeler (1985:41) is gesag 'n inherente eienskap van elke mens wat streef na sekuriteit en wat graag wil voldoen aan die vereistes van 'n begeleidende gesag wat gehoorsaamheid van hom verlang. Die pedagoog of onderwyser is dan ook die draer van gesag en die leerling die aanvaarder van hierdie begeleidende gesag.

Postma (1987:47) onderskryf die onderwyser se gesag in die onderrigleersituasie "op grond van sy eie beroepstatus as 'n gesagsdraer van God in 'n soewereine samelewingsverband, naamlik die skool".

Die regte, pligte, magte en gesag van 'n onderwyser word vasgelê in die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), Wet 70 van 1988*, asook departementele handleidings en skoolreëls. Die onderwyser se gesagposisie is egter ook gesetel in sy gemeenregtelike posisie as 'n "in loco parentis"-persoon (Oosthuizen & Bondesio, 1988:67).

Reeler (1985:40) sien die gesagsverhouding as noodsaaklik soos dit gesetel is in die opvoedingsverhoudings in die onderrigleersituasie. Gesagsverhouding bestaan dus oral waar daar mense saamwoon, byvoorbeeld die neem van beslissings, die uitvoering van opdragte en by die uitoefening van beheer moet daar iemand wees wat leiding neem en toesig hou. As hierdie gesag nie bestaan nie, heers daar chaos en anargie (Dekker, 1983:135). Die onderwyser is dus daar om as gesagsleier met

simpatieke gesagsleiding die kind wat op pad is na volwassenheid "as 'n gesitueerde-in-genormeerdheid te steun tot vrywillige aanvaarding van 'n volwasse wyse van verantwoordelikheidsrealisering" (Griessel, 1975:76). Onder sy status as "pedagogiek-geskoolde" rus daar dus'n besondere verpligting op die onderwyser. Die onderwyser as kundige in die onderwys moet goed nadink en besin oor die wese van gesagsverhouding met sy leerlinge (Griessel, 1975:1-2).

Wanneer die onderwyser die vertroue van die kind gewen het, sal sy gesag deur die kind aanvaar word as navolgingswaardig. Hy as opvoeder se verhouding met sy leerlinge moet sodanig wees dat dit een van simpatieke begrip en samewerking is maar hy mag nooit een van hulle word nie (Dekker, 1983:153-156). Na die mening van Van Loggerenberg en Jooste (1978:41) bestaan daar dan 'n natuurlike gesagsverhouding tussen die onderwyser en die leerling. Die kind aanvaar dan ook graag hierdie regte soort gesag. Dit is nie 'n gesag wat in diens van die onderwyser staan nie, maar volgens Dekker (1983:135) 'n gesag wat in diens van God gebruik word. Die rede hiervoor is dat alle gesag sy grondslag by God vind en die mens, en dus die onderwyser, afgeleide en verleende gesag van God kry.

Griessel (1975:95-98) beklemtoon die feit dat die onderwyser nie die rol van 'n onaantasbare en onverbiddelike figuur moet aanneem nie. Daar moet dus teen outoritêre gesag gewaak word. Die onderwyser moet nie dat die geborgenheidsruimte inperkend word nie. Hierdie ruimte moet so deur die onderwyser geskep word dat die "kind-in-nood" wat op pad is na volwassenheid kan "gedy en gedyend" betrokkene sal bly.

Die gesag van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon moet gebaseer wees op beginselvastheid, regverdigheid en respek. Kenmerke soos vooroordeel, dubbelsinnigheid, duplisering of dispariteit hoort nie tuis in die onderwyser-leerling-gesagsverhouding nie (Reeler, 1985:44).

Die gesagsverhoudingsrol wat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon moet

speel, is nie een van ek is baas en jy is klaas nie. 'n Goeie gesagsverhouding vereis nie dominerende gedrag nie. 'n Goeie gesagsverhouding beteken wedersydse respek en erkenning menswaardigheid. Om hierdie gesagsverhouding op 'n gesonde en funksionele basis te kan handhaaf, moet die onderwyser die ouerhuis, ouer, kind, skool en samelewing en weet wat elkeen van hom in sy rol as "in loco parentis"-persoon verwag. In die volgende afdelings word daar hieraan aandag gegee.

### 3.3.1 Ouerhuis en skool as samelewingsverbande

"God het in sy raadsplan die gesin of ouerhuis vir die mens as primêre samelewingsverband met 'n unieke samestelling en 'n eie opvoedingstaak verordineer" (Postma, 1987:104.) Volgens Postma moet die ouer en onderwyser "om reg te laat geskied en om opvoeding waar en reg toe te pas, kennis dra van die ouerhuis en sy opvoedingstaak".

Die opvoedende onderrig van die kind is dus primêr die verantwoordelikheid van die ouer en sekondêr die van die onderwyser. Omdat die onderwyser vir die tyd wat die kind aan hom toevertrou is, die taak van die ouer dus oorneem en "in loco parentis" verkeer met die kind, moet daar 'n ouer-onderwyservennootskap bestaan. Hierdie vennootskap word beïnvloed deur die samelewingsverband, ouerhuis, skool en kerk wat volgens die beginsel van soewereiniteit in eie kring funksioneer. Hierdie samelewingsverband is 'n selfstandige, eiesoortige gemeenskapsinstelling.

Van Loggerenberg en Jooste (1978:89) stel dit duidelik dat elke menslike verband is soewerein in eie kring. Hulle kan nie van mekaar geïsoleer word nie, want die een vul die ander aan en staan in 'n universele afhanklikheidsverhouding tot mekaar. Die opvoedende onderrigtaak wat dus 'n eenheidshandeling behoort te wees, word nou in sy volle omvang binne die samelewingsverband huis en skool 'n gedifferensieerde opvoedingstaak. Die onderwyser as element, simbool of verteenwoordiger van die skool het dus in hierdie verband 'n enorme rol te vervul as 'n "in loco parentis"-persoon.

### 3.3.2 Ouer-onderwyserkontak

Ouers en onderwysers is die nouste gemoeid met die opvoedende onderwys van kinders en leerlinge (Stone, 1984:4). Op die gebied van die opvoedkundige onderrig van die kind fungeer die ouerhuis en die skool soewerein binne sy eie opvoedkundige bevoegdheidsterrein. Gelyktydig is daar ook suksessiewe sowel as wisselwerkende opvoedingshandeling tussen ouerhuis en skool (Van der Westhuizen, 1986:51). Postma (1987:84 en 190) is van mening dat onderwyser en ouer as vennote mekaar se kompetensie of eie terreine moet eerbiedig om die opvoedende onderwys van die kind tot sy reg te laat kom. Daar moet dus kontak wees tussen onderwyser en ouer om hierdie vennootskap te kan laat slaag. Dit moet na Van Schalkwyk (1983:7) se mening 'n sensitiewe kontak wees waarin die vertrouingsverhouding sodanig is dat hulle kragte kan saamsnoer tot optimale opvoedende onderrig van die kind.

Die onderwyser moet volgens Postma (1987:198-200) kennis dra van die tipe gesin met wie hy kontak het. Is dit 'n patriargale, verwaarloosde, disharmoniese, oop of geslote gesin wie se kind in sy sorg is. Dit is nodig sodat die ouers met begrip hanteer kan word wanneer daar kontak gemaak word in belang van die kind se opvoedende onderrig. Aangesien die kinders uit verskillende ouerhuise met verskillende agtergronde, milieus en sosio-ekonomiese status kom, moet die onderwyser sorg dat hy toegerus is om eenheid en verskeidenheid te kan raaksien sodat hy sy kontakstrategie behoorlik kan beplan en deurvoer. Dit sal hom ook in staat stel om goed gefundeerde ouerleidingkursusse in sy kontak as ouervennoot aan te bied (Postma, 1987:198-200). Die onderwyser sal dan ook vind dat die Christelike huwelik wat volmaak behoort te wees indirek bydra tot sinvolle kontak met die ouer. Die rede hiervoor is dat 'n anastaties gerigte huwelikspaar leef om "God en hulle naaste optimaal te dien..." (Postma, 1987:97). Samewerking tot hierdie diens is dus heelhartig.

### 3.3.3 Ouer-onderwyservennootskap

*Die Transvaler* (13 Junie 1988:2) berig dat prof. H.B. Kruger het in sy voorsittersrede tydens die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging daarop gewys dat die skool deur die ouers tot stand kom, en daarom moet die skool en dus die onderwyser die ouers se lewensbebeskouing voortsit. Die onderwyser moet dus as ouervennoot sorg dat die kultuurnorme en -standaarde van die ouer gehandhaaf word. Daar berus volgens dr. P. Bredenkamp (*Die Transvaler*, 6 Julie 1988:7) 'n medeverantwoordelikheid by elke vennoot in die onderwys en (dus ook die onderwyser) om 'n bepaalde ideaal te bereik. Elke onderwysvennoot kan deur dienslewering sy eie onderwysgemeenskap se lewenskwaliteit help verbeter. Indien daar nie een kind se behoeftes misgekyk word nie, "...is die missie en ideaal van opvoedende onderwys inderdaad bereik".

Vereistes van ouerskap is na Van Schalkwyk (1986:41) se mening liefde vir gesag teenoor vertroue in, en betrokkenheid by versorging van die kind. Indien die eienskappe by die onderwyser teenwoordig is jeens die kind wat in sy sorg geplaas is, kan opvoedende onderwys optimaal plaasvind. Daar kan dan steungewing, hulpverlening, begeleiding aan en ontsluiting van die kind ten volle plaasvind (Van Schalkwyk, 1986:41).

Dat daar verskille kan en sal wees tussen onderwyser en ouer in hul vennootskap is nie te betwis nie maar hulle gemeenskaplike taak moet hulle onlosmaaklik aan mekaar hou in hulle kontak as vennote (Thom soos aangehaal deur Postma, 1987:201). Daar moet dus 'n vennootskap bestaan tussen onderwyser en ouer om kontinuïteit in opvoeding te bewerkstellig (Postma, 1987:201-202).

Die een mens mag die ander nie oorheers nie want nie een mag hom in die plek van God stel om oor 'n ander van 'n ander samelewingsverband die heerskappy te voer nie. Alleen God is soewerein want "...uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge" (Romeine 11:36). Alle mense - ook onderwyser en ouer - is onderdane van

God drie-enig (Van der Walt, 1983c:240 & Postma, 1987:80).

Om dus werklik doeltreffend in die skool as 'n "in loco parentis" te kan funksioneer, is die onderwyser in vennootskap met die ouer en moet die onderwyser kontak maak met die ouer sodat die kind volgens sy vermoë begelei en ontsluit kan word. Dit is dan ook belangrik vir die onderwyser in sy "in loco parentis"-rol om ag te slaan op die verklaring van die woord vennootskap. Claassen (1976:121) gee vier wesentlike en onontbeerlike eienskappe van 'n vennootskap om doeltreffend te funksioneer, naamlik: winsbejag, gemeenskaplike voordeel, juridiese grondslag en 'n bydrae deur elke party. Oosthuizen (1989:106-107) pas dit toe op die ouer-onderwyservennootskap en sê:

* dat die onderwyser saam met die ouer die kind moet vorm tot 'n produktiewe volwassene van hul vennootskapsamelewing;
* dat die onderwyser moet meewerk om die vrug en dus voordeel te pluk saam met die ouer op hul jarelange insette ten opsigte van die vorming van die kind tot volwaardige volwassene;
* dat die onderwyser se regte en pligte op 'n wedersydse basis met die van die ouer georden en verdeel is, en
* dat die onderwyser se bydrae tot die vennootskap die vakinhoudelike deel is.

Die onderwyser het dus saam met die ouer 'n verbintenis tot 'n gemeenskaplike doel. Dit is 'n ooreenkoms tot 'n gemeenskaplike en gesamentlike voordeel.

### 3.3.4 Lewens- en wêreldbeskouing

Omdat die onderwyser met die kind te doen het - met ander woorde met die mens-in-opvoeding - is die antropologiese vooronderstellinge vir hom van besondere belang. Hy moet weet "...wie en wat die mens is, wat sy aard en wese is, hoe hy saamgestel is, wat sy oorsprong en bestemming is, wat sy roeping en taak is...", anders is dit vir hom as onderwyser onmoontlik om opvoedende onderrig aan die kind te gee (Dekker, 1980:1). Hy sal dus ook nie sy rol as 'n "in loco parentis"-persoon kan nakom nie.

Die rol en taak van die onderwyser lê dus ook daarin dat hy die plig het om die hart van die kind te vorm. Met sy hartstoerusting gegrond op die "...lig van die Skrif..." moet die onderwyser ook die hartstoerusting van die kind in sy toesig skaaf en vorm "...sodat die kind - as Christen - volkome toegerus kan wees vir elke goeie werk in die diens van God en tot beswil van sy naaste" (Van der Walt, 1982:20).

Die onderwyser bevind hom in 'n bepaalde kultuur-historiese milieu en volgens Van der Walt (1982:21) betrek die opvoedingshandeling die mens in sy geheel. Die onderwyser se filosofie rakende die opvoedende onderrig van die kind sal dus in ooreenstemming moet wees met dié van die ouer se milieu. Hy moet dus kennis dra van sy betrokke ouergemeenskap se gods-, mens- en werklikheids-beskouing. Nel (1976:7) stel dit dat die onderwyser nie net in sy vakinhoud 'n hoë peil moet handhaaf nie, maar dat hy ook 'n lewenswyse moet handhaaf wat ooreenstem met sy opdrag in die opvoedende onderrig. Die onderwyser as "in loco parentis"-persoon moet dus 'n navolgingswaardige voorbeeld vir die leerling stel.

Die kind staan onder bepaalde voorskrifte en Landman (1984:6) sê dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon hom moet help om te begryp wat die eise van menswees is, wat verantwoordelikheid is, wat gehoorsaamheid is en wat behoorlike inspanning behels. Schoeman (1979:182) gaan verder en sê dat die onderwyser normgerigte begeleiding moet gee aan die opvoedeling sodat hy homself daarmee kan vereenselwig en dit aanvaar.

Die kind sien op na die onderwyser in sy hoedanigheid as 'n "in loco parentis"-persoon, as die persoon wat hom moet bystaan met sy visie van gerigtheid op en besluite oor die toekoms asook 'n begrip van die toekomseise. Die kind moet gehelp word om in te sien dat hy sy talente tot eer van God moet aanwend en om 'n vergewensgesinde persoonlikheid wat geregtigheid nastreef te ontwikkel (Landman, 1984:8-18).

Fundamenteel gaan dit dus vir die onderwyser om die "omhoogleiding van die kind

tot beelddraer van sy Skepper" (Van der Walt, 1982:35).

### 3.3.5 Christelik etiese lewensopvatting

Elke skooldag sal deur die onderwyser geopen word met Skriflesing en gebed soos bepaal deur die gedragskode van die onderwyser asook Wet nommer 39 van 1967 soos gewysig in Wet nommer 103 van 1986 (Loots, 1990:42). Met die optrede leef die onderwyser as "in loco parentis"-persoon sy eie en ook die ouers se Christelike lewensopvatting uit. Hiermee betuig hy dan ook dat Jesus Christus sy identifikasie-figuur is (Loots, 1990:42).

Volgens Landman (soos aangehaal deur Loots in Van der Westhuizen et al., 1990:42) moet die onderwyser aanvaar dat Christelike onderrig en opvoeding berus op drie hoekstene en dat sy daaglikse optrede moet getuig:

* dat God die Christelike godsdiens en opvoeding gebruik as besondere paaie om sy skeppingsplan te laat verloop;
* dat 'n mens, in 'n vaderland met sy waarde gehegte simbole so moet lewe dat dit altyd Christus-gerig sal wees;
* dat daar aan die Here verantwoording gedoen sal word vir alles wat jy vir, met en aan leerlinge doen.

Die uitleef en voorleef van Christelike norme, standaarde en sedes moet kenmerkend wees van die onderwyser se gedrag en optrede teenoor personeel en leerlinge. Sarkasme en neerhalende opmerkings of optrede teenoor leerlinge hoort nie tuis in die mondering van die onderwyser nie. Die mens 'onderwyser' ("in loco parentis-persoon") bepaal die mate van vertrouensverhouding tussen hom en die leerling (Loots, 1990:42-43).

Volgens Chambers (1981:1 en 2) is sedelike verleiding van leerlinge deur leuenagtige en bedrieglike onderwysers van die vroegste jare af 'n werklikheid. Hy beweer dat baie jong persone vir die eerste keer in hul lewe op die skoolterrein met wat volwasse

gedrag is te doen kry. Alhoewel baie hoërskoolleerlinge ontwikkeld en volwasse voorkom,is hulle nog steeds op soek na hul lewensdoel en in die proses van hul eie persoonlike waardes en geloofwaardighede vorm. Baie leerlinge is volgens hom vatbaar vir eksploitasie, manipulasie en misbruik. Hulle sien hulle onderwyser(es) as rolmodelle. Chambers (1981:6) haal Genesis 1:26 in die verband aan: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, ..." en Genesis 1:31: "Toe sien God al wat Hy gemaak het, en dit was baie goed," en sê dit kan as 'n etiese definisie geneem word van goed en reg, van die mens (en dus onderwyser) se verpligting of verbintenis om dit wat die natuur vir hom gee te gebruik sonder om dit te misbruik. Skandelike onetiese gedrag van die onderwyser as die "in loco parentis"-persoon, verdraai en verneder die leerling se morele ontwikkeling. Die onderwyser se rol as 'n "in loco parentis"-persoon impliseer dus ook 'n noodsaaklike wesentlike etiese verantwoordelikheid en enkele misdade waarteen 'n onderwyser moet waak is: verduistering, omkopery, aanranding, handtas-telikheid, diskriminasie, laster, skinder en misdryf (Chambers, 1981:8).

Major (1988:222) raai onderwysers aan om te waak teen opsetlike gewildheid by die leerlinge. Die onderwyser moet ook nie te informeel wees met leerlinge nie. Dit kan ongedissiplineerdheid tot gevolg hê en 'n moontlike verlaging van norme en standaarde.

### 3.3.6 Vertrouingsverhouding

Soos wat die kind sy ouer vertrou so moet hy ook die onderwyser wat 'n "in loco parentis"-posisie beklee kan vertrou. Soos die ouer in 'n vertrouensverhouding met sy kind staan, so moet die "in loco parentis"-persoon (onderwyser) in dieselfde mate in 'n vertrouensverhouding met die leerling staan. Die waardigheid van die kind as persoon moet egter deur die onderwyser erken word om so 'n vertrouensverhouding te kan bewerkstellig. Die onderwyser moet dus die kind se volkome vertroue hê sodat hy hom die regte leiding kan gee. As die onderwyser hierdie vertroue het, sal die kind hom navolg. Om 'n leermeester te hê is nie al wat 'n kind verlang nie. Hy

is ook op soek na 'n begeleier. Om begeleier te wees, moet die onderwyser toeganklik wees vir die kind en dit vind alleen plaas deur middel van kommunikasie en geestelike kontak (Dekker, 1983:153-156).

Dekker (1983:56) beweer verder dat die onderwyser belang moet stel in die kind se werk, sy spel en buitekurrikulêre bedrywighede anders kan hy nie die kind se vertroue wen nie.

Dutile (1986:26-27) beklemtoon dat die onderwyser moet ook nie sy vertrouensverhouding misbruik om die persoonlike en private gevoelens, houding of ondervindings van sy leerlinge te eksploreer en hulle sodoende in verleentheid te stel nie. Volgens hom moet die onderwyser ook nie sy eie waardigheid opoffer deur by hulle aan te sluit as "frere et cochon", letterlik vertaal as priester in 'n varkhok nie.

Die onderwyser het volgens Van der Walt (1983:45) die medeverantwoordelikheid saam met die ouer om as hoeder of oppasser van die kind wat aan hom toevertrou is, op te tree. Die onderwyser kan egter nie volkome hierin slaag as hy nie 'n vaste en sterk vertrouensverhouding met die leerling opgebou het nie. Om as hoeder of oppasser op te tree, gaan nie alleen om die fisieke beskerming nie, maar veel eerder om die innerlike geestelike beskerming en die voorkoming van die aftakeling van sy selfbeeld.

As inligting wat die onderwyser bekom oor die kind en sy ouerhuis nie vertroulik behandel word nie, is die vertrouensverhouding daarmee heen en sal die voogstelsel ook nie doelmatig funksioneer nie.

Indien daar nie 'n goeie vertrouensverhouding bestaan tussen onderwyser en leerling nie, kan en sal dit afbreuk doen aan 'n goeie gesagsverhouding.

### 3.3.7 Misbruik van leerlingverhouding

Die leiding en begeleiding van die leerling na 'n suksesvolle Christenlandsburger is sekerlik die doelstelling van die onderwys en dus van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon. Dit kan die onderwyser alleenlik regkry deur die leerling te help om sy vermoëns optimaal te benut deur die regte leiding en raadgewing. Dit kan egter net geskied as die onderwyser die leerling se vertroue gewen het en dit behou. Misbruik die onderwyser egter hierdie vertrouensverhouding om sy eie begeertes te bevredig, faal beide onderwyser en leerling en kan mens koerantopskrifte verwag soos: "KINDERSEKS BY 15 SKOLE ONDERSOEK" (*Die Transvaler*, 2 November 1988:1). Die berig gaan oor die ondersoek van die polisie se kinderbeskermingseenheid na "die beweerde seksuele molestering van kinders deur onderwysers".

In 'n ander hofsaak (soos weergegee op p. 3 van *Beeld*, 22 April 1989) is 'n onderwyseres skuldig bevind van seksuele omgang met laerskoolseuns. Volgens die berig het landdros Kruger gesê dat "sy wat in 'n gesagsverhouding was, moes die leiding gegee het ... sy het haar beroep as onderwyseres misbruik". Haar vonnis: R3 000 boete, 'n opgeskorte vonnis en geskors uit die onderwys.

Nog voorbeelde van soortgelyke koerantberigte lyk soos volg:

* "Onderwyser (25) gevonnis oor skoolseun - skuldig bevind aan onsedelike aanranding" (*Brits Pos*, 20 Oktober 1989:1).
* "Teacher molested two boys - convicted ... on two counts of committing indecent acts with two brothers aged 11 and 13" (*The Pretoria News*, March 23, 1989:5).

So tree 'n "*bonus paterfamelias*" - die goeie vader van sy gesin - nie op nie.

## 3.4 GESAGSHANDHAWING

Gesagshandhawing se basiese grondslag is daarin geleë dat dit help om 'n ordelike maatskappy daar te stel (Oosthuizen, 1990:111) en om 'n "ordelike milieu te skep waarbinne opvoeding harmonieus kan plaasvind" (Oosthuizen & Bondesio, 1988:71).

Die faktore soos sy "in loco parentis"-posisie, sy posisie as gesagsdraer en sy professionele posisie verleen aan die onderwyser beheer oor die leerlinge wat onder sy toesig is, hetsy dit binne die klaskamer of op die speelgronde of op uitstappies is. Om chaos binne die onderrig situasie en daarbuite te voorkom moet die onderwyser die beheer oor die leerlinge behou. Indien sy gesagsverhouding met 'n leerling nie die nodige effek tot gesagshandhawing bied nie, is dit nodig om hom (die onderwyser) na ander metodes van gesagshandhawing te wend.

### 3.4.1 Dissipline en tugbevoegdheid

Dissipline in die onderwys kom vanaf die onderwyser na die leerling as 'n eksterne dissipline. Dit moet egter so oorgedra word dat dit later 'n eie inherente self dissiplinêre eienskap van die kind word. Dissipline moet gerig wees op die herstrukturering van die kind se afwykende aksies ten opsigte van die aanvaarde norme en standaarde van die gemeenskap (Reeler, 1985:42-43). Reeler beweer verder dat dissipline is 'n vorm van sosiale kontrole deur die onderwyser in die onderrigsituasie en moet sonder huiwering uitgespel word om beheer te bepaal.

Onderwysers en koshuisvaders voer in gevolge die gemene reg gesag oor leerlinge in die skool en koshuis, asook tydens skoolbedrywighede wat amptelik deur die skool gereël word (Van der Merwe & Olivier, 1985:108). Die onderwyser se bevoegdheid om leerlinge te tug spruit onder andere uit hierdie gesag van die onderwyser. Hierdie tugbevoegdheid is volgens Van der Merwe en Olivier (1985:108) nie 'n stilswyende delegasie van die ouer nie, maar 'n oorspronklike bevoegdheid. Dit is dus 'n gemeenregtelike tugbevoegdheid wat volgens Van der Merwe en Olivier (1985:109) statutêr deur wette, ordonnansies en regulasies aan bande gelê word.

### 3.4.2 Tug as opvoedingsmiddel

Leerlinge as gevolg van hul nie-volwassenheid is volgens Prinsloo en Beckmann (1987:249) geneig om neergelegde reëls, norme en standaarde wat geldig is te

veronagsaam en juis om hierdie rede is tug of straf as opvoedingsmiddel onontbeerlik vir die onderwyser as "in loco parentis"-persoon. Die onderwyser tug dus om sy afkeur aan bepaalde handelinge en gesindhede te demonstreer en om kinders te probeer oorreed om teen die afkeuringswaardige en vir die goedkeuringswaardige te kies (Prinsloo & Beckmann, 1987:249).

"Tug" volgens Van der Walt (1983b:46) beteken "trek", "en in die opvoedingsverband beteken dit 'n handeling wat die opvoedeling nader trek". Die onderwyser moet dus die leerling wat afvallig word van die wil van God weer nader aan Hom trek. Hierdie tug moet uit liefde geskied en die leerling vrywilliglik tot begeleiding laat kom.

Fischer, Schimmel en Kelly (1987:207) sê reguit dat die vraag of leerlinge fisieke straf mag ontvang nie 'n regsaangeleentheid is nie. Volgens hulle is dit 'n beleidsaangeleentheid van opvoedkundiges met die toepaslike inagneming van die sielkundige en ander faktore. Van Wyk (1987:73) sê die onderwyser het vanweë sy "in loco parentis"-rol die reg om as gesagdraer tug toe te pas op die leerling indien hy die skoolreëls oortree. Dit moet egter binne perke geskied wat deur die wet en departementele handleiding neergelê is. Dat die ouer sy tugbevoegheid aan 'n onderwyser kan delegeer, is ook wettig. Die tugbevoegdheid van die onderwyser is egter meer beperk as die van die ouer (Heaton, 1987:399). Heaton (1987:398) vat verskeie hofuitsprake deur regters saam en sê dat "...onderwysers en ander persone 'in loco parentis'...ter handhawing van gesag en dissipline en ter opvoeding van 'n kind, matige en redelike tugtiging op die kind mag toepas".

As ouers kan sê: "doen dit weer" en "ek slaan jou" of "gaan na jou kamer en bly daar," dan kan 'n onderwyser in sy "in loco parentis"-rol sekerlik ook die voorbeeld volg. Offisieel word dit "lyfstraf" genoem (Partington, 1984:108).

As gesagsdraer moet die onderwyser as "in loco parentis"-persoon die tug wat hy uitoefen, doen soos die verantwoordelike ouer dit sal doen. Reeler (1985:44) sê die

rol van die onderwyser is om die leerling te beskerm, te koester en te lei en nie om hom deur tug te demoraliseer en sy waardigheid as mens af te breek nie.

Omdat die onderwyser te doen het met leerlinge wat op pad is na volwassenheid en derhalwe as gevolg van geestelike onrypheid geneig is om geldende standaarde en norme te veronagsaam, bly tug volgens Prinsloo (1990:53) onontbeerlik in die opvoedingsituasie. Dit bly die taak van die onderwyser om sy afkeur aan afwykende gedrag en handelinge deur toepaslike dissiplinêre tug te toon.

### 3.4.3 Lyfstraf en toedieningsbevoegdheid van die onderwyser

In die Justiniaanse Kode (9-15) soos vertaal deur Scott (1932b:29) vind ons dat die reg aan ouer familielede gegee is om die minderjariges van die familie te straf na gelang die aard van die oortreding. As die oortreding egter so groot is dat dit die perke oorskry waarbinne huislike korrektiewe straf toegedien mag word, dan moet die skuldige aangekla word en voor 'n geregshof verskyn.

'n Onderwyser omdat hy as "in loco parentis"-persoon optree, kan nie nou meer volgens hierdie Justiniaanse Kode optree nie. Die verskillende onderwyswette bepaal nou sy optrede.

Regulasie 4 kragtens die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988)* betreffende beheer van leerlinge by skorsing en uitsetting van leerlinge en toediening van ander strawwe aan leerlinge in openbare skole (uitgesonderd nywerheid- en verbeteringskole), staatsondersteunde skole en koshuise bepaal dat:

"Die beheer van leerlinge by en hul uitsetting uit openbare skole, staatsondersteunde skole en koshuise, en die skorsing van, of toediening van ander strawwe aan, daardie leerlinge, is soos voorgeskryf," en die onderwyser moet daarvolgens optree.

Artikel 64 van Wet nommer 70 regulasie 4 van 1988 bepaal verder dat:

4(1) "lyfstraf mag slegs

* weens pligversuim of ongehoorsaamheid, weerspannigheid, opsetlike beskadiging van eiendom, diefstal, oneerlikheid, leuentaal, aanranding, afknouery, onwelvoeglikheid, stokkiesdraai of enige ander wangedrag van 'n ernstige aard;
* nadat die skuld van die leerling tot bevrediging van die skoolhoof bewys is in 'n volledige ondersoek waartydens die leerling 'n geleentheid moet kry om sy saak te stel;
* deur die skoolhoof of 'n skriftelik deur hom daartoe gemagtigde persoon, of deur 'n ander onderwyser in die teenwoordigheid van die skoolhoof of genoemde gemagtige persoon;
* in die skoolhoof se kantoor of 'n plek deur hom aangewys, of indien die skoolhoof afwesig is, in die kantoor van die onderwyser in beheer van die skool of 'n plek deur hom aangewys;
* op die sitvlak wat met gewone kleding bedek is, met 'n rottang of gladde lat en tot 'n maksimum van vyf houe; en
* met inagneming van die ouderdom en fisiese toestand van die leerling, aan leerlinge toegedien word.

4(2) lyfstraf mag nie

* aan leerlinge in preprimêre skole, leerlinge in vlakke een tot drie of vroulike leerlinge;
* aan gestremde leerlinge sonder die toestemming van 'n mediese beampte; of
* in die teenwoordigheid van ander leerlinge, toegedien word nie."

Wat van uiterste belang vir die onderwyser in sy "in loco parentis"-rol is, is dat hy homself moet hou by die regulasies ten opsigte van lyfstraf soos bepaal en neergelê in die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988)*. Regulasies 4(1)(a) tot (f):(2-269) bepaal wanneer (vir watter oortredings), onder watter omstandighede, hoe, waarmee en deur wie lyfstraf toegedien mag word. Regulasie 4(2)(a) tot (c) lê neer aan wie en onder watter omstandighede lyfstraf nie toegedien mag word nie.

Lyfstraf as tugmiddel is 'n baie sensitiewe saak en daar is talle skrywers wat hulle mening oor die aangeleentheid uitgespreek het waarin die meeste dit verwerp as tugmiddel. Verskeie hofsake van aanranding is al deur ouers aanhangig gemaak teen onderwysers wat leerlinge lyfstraf toegedien het, byvoorbeeld Rex v Muller 1948(4) SA 848(OPD), Rex v Le Maitre en Avenant 1947(4) SA. 616(k), Rex v Schoombee 1924 TPD 481 en vele ander.

Wat betref die bevoegdheid van onderwysers as "in loco parentis"-persone om lyfstaf toe te dien, stel regter Horwitz dit soos volg in die saak R v Muller 1948 (4) SA (OPD) op bladsye 850 en 860: "Die gemene reg in verband met die bevoegdheid van, of vergunning aan ouers, onderwysers of persone 'in loco parentis' om lyfstraf toe te dien bevat twee begrippe. Die eerste het betrekking op die beginsels wat grotendeels bedoel is vir die opvoeding en guns van die betrokke kind, terwyl die tweede die instandhouding en welsyn van die inrigting beoog waar die kind gehuisves kan word terwyl hy sy opvoeding geniet. "Wanneer 'n kind in 'n skoolkoshuis geplaas word, volg daar uit hierdie regspraak volgens Prinsloo en Beckmann (1987:250) die nastreef van hoofsaaklik twee oogmerke deur die onderwyser as "in loco parentis"-persoon, naamlik:

■ om die kind se

* "algemene opleiding te verseker en voort te sit";
* "karakter op te bou";
* "algemene opvoeding te bevorder";

■ om toe te sien dat

* die nodige gesag aan die skool en sy koshuis verleen word;
* die skool en koshuis beskerm word "teen die kwajongstreke van die jeug, hul vernielsug en die gevolge van onbeteuelde uitbundigheid of gebrek aan dissipline".

### 3.4.4 Delegering van gesag en magte om te straf

Delegering van gesag en dus ook magte om te straf aan ander persone, byvoorbeeld skoolpersoneel, prefekte en polisiemanne kan baie implikasies vir die onderwyser as "in loco parentis"-persoon inhou, indien hy nie uitdruklik magtiging daartoe het nie

(Prinsloo & Beckmann, 1987:114). Volgens die *Onderwyswet 70 van 1988*, artikel 64(4.(1).(c)) mag die skoolhoof sy magte om te straf delegeer aan 'n "...deur hom gemagtigde ander persoon of onderwyser... "Van der Walt (1979:47) se siening is dat ouers en persone "in loco parentis" en dus onderwysers mag die werklike toediening van lyfstraf aan 'n ander persoon delegeer. Regter Steyn in die hofsaak R v Le Maitre en Avenant 1947 (4) SA 616 (K) het in sy uitspraak die koshuisvader se delegering van sy tugtigingsmag aan twee polisiemanne as regmatige delegering bestempel en aanvaar.

Wat betref die delegering van magte aan 'n prefek deur 'n onderwyser om te dissiplineer, kry ons die volgende uitsprake:

* In die hofsaak Hiltonian Society v Crofton 1952 (3) SA 137 (A) sê die regter dat wanneer prefekte behoorlik gemagtig is om 'n onderwyser te verlig van sekere van sy pligte om dissipline te handhaaf, sal maatreëls deur prefekte toegepas geregverdig wees indien dit onder die omstandighede redelik is.
* Volgens Scott (1983:273) is 'n ouer middellik aanspreeklik vir onregmatige dade van sy kind. Dus indien 'n prefek onredelik optree, waar hy 'n onderwyser in die uitvoering van sy pligte bystaan, en 'n leerling word benadeel deur die prefek se onredelike optrede, kan die onderwyser as "in loco parentis"-persoon middellik aanspreeklik gehou word.

Wat word deur "middellike aanspreeklikheid" geïmpliseer? Middellike aanspreeklikheid is waar die werkgewer (onderwyser) verantwoordelik gehou word vir die onregmatige dade van sy werknemer (prefek), gepleeg in die uitvoering van en in die loop van sy dienstyd (Prinsloo & Beckmann, 1987:210).

### 3.4.5 Tugtiging van leerlinge wat oortree buite die skoolterrein

Anon (1927:67-72) verwys na 'n hofsaak Cleary v. Booth (68L.T.Rep 349;(1893) 1Q.B.465) waarin die skoolhoof se gesag, om 'n leerling te tugtig wat 'n ander

leerling geslaan het terwyl hul op pad skool toe was, bygehou is. In die betrokke saak vra regter Lawrence dan ook wat moet van die seun word tussen sy skool en sy huis, en is hy dan onder die gesag van sy ouer of skoolmeester? Volgens die regter is dit nie te betwyfel nie! Regter Lawrence sê verder: "It is difficult to express in words the extent of the schoolmaster's authority in respect to the punishment of his pupils, but in my opinion his authority extends, not only to acts done in school, but also to cases where a complaint of acts done out of school, at any rate, while going to and from school, is made to the schoolmaster."

Omdat hy op pad was vanaf sy huis na sy skool was die leerling dus *prima facie* binne die gesagsgebied van die skoolhoof (Anon, 1927:67-72). Redelike tugtiging mag dus toegepas word.

### 3.4.6 Beskerming van die fisiek psigiese welstand van die leerling

Die leerling se liggaam en persoonlikheid as 'n geheel - dit wat hom as mens vorm - mag nie deur die onderwyser as "in loco parentis"-persoon onregmatiglik aangetas word nie. Hy moet dit eerder beskerm, want dit is die fisiek psigiese integriteit van die leerling en dus die leerling se hoogste regsgoed. Fisieke aantasting van die leerling se liggaam krenk die psige wat weer die gevolg kan hê 'n agteruitgang van die liggaamlike gesondheid (Prinsloo & Beckmann, 1987:251).

Verder is dit so dat volgens wet kan die "...ongemagtigde aantasting van die liggaam van enige persoon (ook die van 'n kind)..." neerkom op aanranding. Indien aanranding, wat 'n misdaad is, bewys kan word, kan skadevergoeding geëis word van die persoon wat die onregmatige daad gepleeg het (F.O.R. 1988).

### 3.4.7 Gesagsmag en "diligens paterfamilias"

Uit sy rol as "in loco parentis"-persoon volg dat die onderwyser moet optree soos die "diligens paterfamilias". Dit impliseer onder andere, dat die onderwyser gesag oor

die leerlinge moet uitoefen, want anders kan hy nie die nodige sorgsame toesig oor hulle handhaaf nie. Dit kan aanleiding gee tot 'n gevoel van gesagsmag by die onderwyser (Olmesdahl, 1984:594). Volgens Olmesdahl (1984:544) mag die onderwyser nooit misbruik maak van hierdie gesagsmag nie. Dit is nie opvoedkundig of van regsweë verantwoordbaar nie, want dit is nie soos wat die sorgsame vader sal optree nie. Olmesdahl (1984:544) is sterk gekant teen die misbruik van gesagsmag en sê ouers moet meer waaksaam wees teen hierdie misbruik en bereid wees om onderwysers wat misbruik van gesagsmag maak te prosedeer.

### 3.4.8 Dissiplinêre metodes anders as lyfstraf

Die beginsels van die gemene reg bepaal die toediening van straf (nie lyfstraf nie) as dissiplinêre aksie. Die verhouding tussen onderwyser en leerling regverdig in hierdie verband die toediening van matige en redelike straf vir die doel van korrektiewe gedrag (Anon, 1979:190).

Hier moet die onderwyser in gedagte hou dat die mate van redelikheid in die uitoefening van dissipline moet objektief en nie subjektief wees nie (Hiltonian Society v. Crofton 1952 3 SA 137(A)). Wat redelikheid betref, sê die regter in R v. Janke en Janke (1913 TPD 382) dat die volgende faktore in ag geneem moet word: "The character of the offence, the amount of punishment inflicted, the bodily and mental condition of the child, the nature of the instrument used and the objects purposes and motives of the person invlicting chastisement..."

## 3.5 SKOOLREëLS AS MIDDEL TOT GESAGSHANDHAWING

'n Onderwyser moet om sy taak as "in loco parentis"-persoon tot beste voordeel van die leerling te kan uitvoer, sorg vir ordelikheid en die vlot verloop van die onderwys. Om hom te help om sy rol behoorlik te kan uitvoer, het die onderwyser 'n stel skoolreëls "nodig ter wille van goeie tydsbenutting en doeltreffende onderwys" (Van Wyk, 1987:103).

Volgens Prinsloo (1989:86-87) geld die onderwyser se gesag vir 'n bepaalde tydsduur (normale skoolsessie) binne 'n bepaalde sfeer of terrein (die skool). Voer die onderwyser toesig en dus gesag uit "tydens uitstappies, buitemuurse en buite-kurrikulêre bedrywighede, bustoere, treinreise, na skool, oor naweke en gedurende skoolvakansies", brei hierdie gesagsterrein uit "in terme van tyd en ruimte". Die geldingsgebied en geldingstyd van skoolreëls kan volgens Prinsloo (1989:87) netso uitgebrei en verleng word. Dit is egter 'n vereiste dat die skoolreëls "die terrein en omvang van hulle toepassing omskryf" (Prinsloo, 1989:87).

Sekere beperkings sal deur die skoolreëls op die leerlinge se vryheid geplaas word en het die onderwyser 'n belangrike rol te speel om die gevoel van die gemeenskap en dus van die ouer in ag te neem met die opstel van die skoolreëls, (Oosthuizen, 1990b:2). Die ouergemeenskap moet dus volgens Wiechers, soos aangehaal deur Oosthuizen (1990b:9), geken word by die opstel van die skoolreëls.

Die onderwyser het daarom ook 'n belangrike rol te speel deurdat hy moet toesien dat beide juridiese en bestuursbeginsels in ag geneem word by die opstel van skoolreëls. Die rede hiervoor is dat skoolreëls die vryheid, regte en voorregte van sowel leerlinge, gemeenskap, ouers en onderwysers raak en dus "...in werklikheid 'n vorm van ondergeskikte wetgewing..." is (Van Wyk, 1987:103).

Omdat skoolreëls 'n vorm van ondergeskikte wetgewing is, moet die onderwyser as "in loco parentis"-persoon toesien dat dit billik, redelik en regverdig is (Oosthuizen, 1990b:9). Die hof bevind in R v Shapiro (1935 NPF 155,159) dat indien daar onsekerheid in 'n ondergeskikte wetgewing ("by-law or regulation") bestaan, dan is dit onredelik en wetgewing magtig nie owerhede om regulasies te maak dat mense nie weet hoe om daaraan te voldoen en of dit op hulle van toepassing is nie. Baxter (1984:596) sluit hierby aan deur te sê dat die plig om regverdig op te tree, is van toepassing op alle administratiewe wette, behalwe as dit deur wetgewing uitgesluit is.

Skole volgens Partington (1984:1) moet veilige en geordende plekke wees vir die

leerlinge en daarom is skoolreëls nodig om aan ouers en kinders mee te deel wat die opvoedkundige doelstellings is. Die onderwyser se taak is dus ook om die skoolreëls aan ouers en leerlinge bekend te maak, hetsy skriftelik of mondelings indien 'n leerling of ouer nie kan lees nie (Van Wyk, 1987:104). Volgens Steyn (1981:180) vereis die reg dat wette afgekondig moet word voordat dit bindend op onderdane is. Dit is volgens Oosthuizen (1990:4) essensieel dat nie net die onderwyser nie, maar ook die ouer en leerling moet weet en bewus wees van wat die skoolreëls van hulle verwag.

By die opstel van skoolreëls moet die onderwyser as "in loco parentis"-persoon toesien dat daar nie verskille gemaak word tussen verskillende leerlinge of kategorieë leerlinge wat dan dui op diskriminasie nie (Steyn, 1981:274). Daar moet volgens Steyn (1981:265) ook toegesien word dat feite en oorwegings wat nie ter sake is tydens die opstel van die reëls, 'n invloed het nie.

## 3.6 SAMEVATTING

Dit blyk baie duidelik uit die hoofstuk dat die gesagsreg van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon nie so oppervlakkig is as wat normaalweg aanvaar of gedink word nie. Hierdie gesagsreg kom vanaf God wat die Skepper van die mens is en wat dit aan die mens gee om verder deur statutêre bronne, die gemene reg, kwasi-juridiese bevoegdhede en regspraak vas te lê en te bevestig. Deur sy gesagsreg word die onderwyser as "in loco parentis"-persoon verbind om met die ouerhuis kontak te maak. Om met die ouerhuis kontak te maak, verstewig hy 'n verhouding tussen onderwyser en ouer en versterk hy die vertrouensverhouding tussen onderwyser en leerling wat so noodsaaklik is in die hele onderwyssituasie. 'n Goeie gesagsverhouding word gesmee wat gesagshandhawing deur middel van goeie dissipline en reëls moontlik maak. Uit hoofde van sy "in loco parentis"-posisie het die onderwyser nie net gesagsreg nie, maar rus daar ook sekere verpligtinge op hom om sy funksie as "in loco parentis"-persoon doeltreffend te kan uitvoer. In die volgende hoofstuk word daar gekyk na wat hierdie verpligtinge behels.

# HOOFSTUK 4

# VERPLIGTINGE VAN DIE ONDERWYSER AS 'N "IN LOCO PARENTIS"-PERSOON

## 4.1 INLEIDING

Om te kan voldoen aan die rol van "in loco parentis"-persoon hou vir die praktiserende onderwyser implikasies in wat geweldig baie van hom as persoon en as opvoeder verwag. Dit impliseer dat die onderwyser hom sal moet instudeer in die eise wat gestel word in alle afdelings van die kurrikulêre en buitekurrikulêre fasette wat op hom van toepassing is in die uitvoering van sy taak as "in loco parentis"-persoon. Hy sal dus noulettend moet let op en uitvoering gee aan die beginsels van die twee bene van "in loco parentis", te wete gesag, tug en sorgsame toesig.

Uit die voorafgaande hoofstuk kom dan ook duidelik na vore dat die onderwyser nie sy taak as "in loco parentis"-persoon sal kan uitvoer as hy nie aan sekere eise of voorwaardes binne sy opvoedingstaak uitvoering gee nie.

Waar daar in die vorige hoofstuk meer aandag gegee is aan die regte van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon sal daar in hierdie hoofstuk meer ingegaan word op die pligte van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon.

## 4.2 PLIGTE TEN OPSIGTE VAN OPVOEDENDE ONDERRIG

Die wetlike verplasing van die gesag van die ouer aan die skoolowerhede het net daardie gesag gelewer wat nodig is om *behoorlike* onderrig en opleiding te verskaf (Levin, 1990:21).

Daar rus dus op die skouers van die onderwyser die verantwoordelikheid om hom nie aan opvoedkundige versuim skuldig te maak nie. Levin (1990:69-70) sê verskeie

hofsake is aanhangig gemaak teen skole en onderwysers waarin leerlinge beweer het dat hulle akademiese opleiding nie op standaard was nie en gevolglik ontoereikend onderrig was. Levin (1990:70), Schimmel en Fischer (1987:127-129) noem twee voorbeelde van sulke hofsake wat in die VSA voorgekom het. In die een geval het 'n hoërskoolleerling die skoolraad gedagvaar vir nalatigheid omdat hy nie die nodige doeltreffende onderrig ontvang het om lees en skryf te bemeester nie. In die ander geval is die onderwysowerhede skuldig bevind aan nalatigheid deurdat hulle 'n leerling na toetsing gekategoriseer en in 'n klas vir verstandelik erg gestremdes geplaas het. Na 'n paar jaar is daar gevind dat die leerling verkeerd gekategoriseer is en die ouers se betoog was dat die onderwysowerhede nalatig was deurdat hulle ses jaar gewag het voordat hulle die kind hertoets het.

### 4.2.1 Voorbereiding en vorming van die leerling deur opvoedende onderrig

Die skool met sy onderwyser het volgens Coetzee (1965:284-288) ontstaan as 'n instelling in die menslike samelewing omdat die ouers nie meer aan die eise van die samelewing kon voldoen nie. Die skool (en dus die onderwyser) moes nou die praktyk van opvoedende onderrig oorneem. Van Loggerenberg en Jooste (1978:15) meen hierdie praktyk staan in verband met die "...daadwerklike vorming van karakter, die bybring van kennis en die inoefening van vaardighede by die kind..."

In sy wese is die onderwys toekomsgerig. Die "in loco parentis"-persoon (onderwyser) moet dus die kind voorberei om tot die kind se leefwêreld toe te tree. Die beplanning moet so geskied dat die kind se inskakeling in sy leefwêreld (sy gemeenskap) en die kind se ontplooiing as individu optimaal sal wees (Viljoen, 1976:53).

Verder moet die onderwyser in gedagte hou dat die opvoedende onderrig op twee basiese grondslae gebaseer is, naamlik:

* "die onderwysende gedeelte" waarin die onderwyser aan die kind "sekere kundighede, kennis en vaardighede" volgens 'n wetenskaplike metode oorbring.

Sodoende "lei en help" die onderwyser die kind tot "verantwoordelike en verantwoordbare roepingsvervulling";

* "die opvoedende gedeelte waarin dit gaan om die Christelike en nasionale grondslae in die opvoeding; ook die selfverwesentliking van die mens as 'n ...diensbare en verantwoordelike persoon" (Van der Walt, 1982:26-27).

Vir die onderwyser as sekondêre onderriggewer in die opvoedende onderrig van die kind is die akademiese of kurrikulêre 'n baie belangrike element in die uitvoering van sy rol as 'n "in loco-parentis"-persoon.

Dit impliseer die onderwyser moet dus sorg en toesien dat

* die onderwysmetodes wat gevolg word en
* die leerinhoud nie bots met die lewens- en wêreldbeskouing van die ouer nie;
* dat die onderwyspeil van so 'n gehalte moet wees dat die kind se toekomsmoontlikhede daardeur verseker word (Van Loggerenberg & Jooste, 1978:102).

Die onderwyser moet dus in sy opvoedende onderrig die vorming van die mens in sy geheel beplan (Van der Walt, 1982:27).

### 4.2.2 Doeltreffende onderrig

Uit die beskrywing van "in loco parentis" soos uiteengesit in hoofstuk 2.2 van hierdie verhandeling - om vir die leerlinge te voorsien - spreek dit duidelik dat die "in loco parentis"-persoon ook sal voorsien in die leerling se akademiese onderrig.

Om die leerling op 'n vaste (grondslag) basis te vorm en voor te berei vir die lewe as volwassene is dit essensieel dat hy 'n doeltreffende akademiese onderrig ontvang. Dit impliseer dat die onderwyser ook sal let op die volgende: "Die leersituasie behels die onderrig van nuwe kennis en vaardighede en die heronderrig om leemtes daarin te oorbrug" (Transvaalse Onderwysdepartement Handleiding: 1986:81).

Volgens Van Schalkwyk (1986:248) moet die onderwyser nie net daarop uit wees om blote kennis oor te dra nie. Hy moet die kind vorm en bekwaam maak om hierdie massale vloei van kennis te kan hanteer en om nuwe kennis selfstandig te kan bemeester.

Van Schalkwyk (1983:9) meen dat die onderwys en dus die onderwyser nie "'n wilde gejaag na prestasie en eksamenuitslae" moet navolg nie. Die skool en dus die onderwyser se "sukses" hang nie net af van eksamensimbole nie, maar van 'n vaste fondament waarop vakkennis voortgebou kan word.

Opperman (1989:18 en 19) verwys in die artikel na die menings van opvoedkundiges wat die vinger wys na onderwysers vir wie dit net gaan om A-simbole by leerlinge en die res van die opvoeding agterweë laat. Sy konstateer daarmee dat die onderwys te eksamengerig is. Leerlinge leer nie om te dink nie; wat hulle weergee is papegaaiwerk. Hierdie beskuldigings pas nie in by die "in loco parentis"-rol van 'n onderwyser nie, want hy moet sy leerlinge as denkende burgers die samelewing instuur.

Kriegler, soos aangehaal deur Roos (1988:9), sê dat daar te veel waarde aan prestasie geheg word. Die kind kry die idee dat hy meer liefde ontvang as hy beter presteer. Die onderwyser moet die kind leer dat dit belangriker is om 'n volwaardige, gebalanseerde liefdevolle mens te wees as iemand wat net presteer. Dit is belangrik om die kind te laat begryp dat dit goed en reg is om te presteer, maar dat menswaardigheid bo dit verhewe staan.

Die idee dat elke kind die geleentheid moet kry om na die beste van sy vermoë te leer, is ferm verskans in die filosofie van die onderwys (Johnson & Myklebust, 1967:49). Wanneer 'n leerling nie na die beste van sy vermoë presteer nie, moet die onderwyser omdat hy die kind en die ouer ken, uit sy gesonde verhoudings met beide 'n positiewe siening hê op sake soos die volgende:

* die kind se probleme lê nie by oueropvoeding nie;

* die kind se gedrag en optrede is te wyte aan kragte buite sy vermoë om te begryp of te beheer;

* die kind het die potensiaal en kan beter presteer met die nodige gespesialiseerde hulp en aandag en dat hy die hulp en aandag moet kry (Willenberg, 1977: v-vi).

Uit bogenoemde volg dit dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon verdere verpligtinge met implikasies het:

* Dit impliseer dat die onderwyser uit hoofde van sy professionele kennis moet besef dat sulke leerlinge weens een of ander rede nie begryp of verstaan wat mondeling en of skriftelik aan hom oorgedra word nie (Johnson & Myklebust, 1967:50). Dit is sy plig om die leerlinge met sulke taalprobleme te help om dit sover moontlik te oorkom (Wiig & Semel, 1980:367).

* Verder impliseer dit dat die onderwyser moet onthou om altyd vanaf die konkreet eksterne na die abstrak interne verwerking in leer te beweeg (Piaget soos aangehaal deur Wiig & Semel, 1980:367).

* Die onderwyser moet begrip hê vir die leerling wat nie in sy vak belang stel en dit nie wil leer nie.

* Wees ook bedag op 'n moontlike leesprobleem. Wiig en Semel (1980:415) beweer dat leerlinge faal in hulle take en opdragte omdat die woorde, die uitdrukkings en relasies wat gebruik word in die leesmateriaal te moeilik is vir hul begrip. Die gevolg is dat leesstof en skriftelike opdragte vir leerlinge onleesbaar, onduidelik en onverstaanbaar word. Die nodige gewysigde en verwerkte leermetodes sal dan deur die onderwyser toegepas moet word om te help waar hy kan (Brown, 1982:2).

* 'n Moontlike taalprobleem: Wallace en Kaufmann (1978:148) sê daar bestaan 'n noue verband tussen taal en leer. Die onderwyser moet dus weet dat die leerling met 'n taalprobleem word gekniehalter om die gesproke taal te begryp, dit weer te gee of te verstaan en dat hy die leerling dus moet help om die probleem te oorbrug.

* Daar kan ook moontlike sosiaal-emosioneel probleme wees. Omdat sosiaal-emosionele probleme volgens Wallace en Kaufmann (1978:114) onafskeidbaar is van die aanleer van akademiese vaardighede, is dit nodig vir die onderwyser as "in loco parentis"-persoon om eers vir die leerling met sosiaal-emosionele probleme, goeie

werkgewoontes aan te leer asook inmengende sosiale gedrag te elimineer. Om dit te kan doen, impliseer weer die vereiste of plig wat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon het om die leerling se vertroue te wen, sodoende sy omstandighede beter te leer ken en om kontak met die ouer te maak. Die ouervennootskap is 'n vereiste om die probleem te oorbrug.

## 4.3 ONDERWYSER EN OUERSAMEWERKING

Besondere implikasies vir die onderwyser as "in loco parentis"-persoon spruit uit sy ouervennootskap met die ouers van die leerlinge wat aan hom as "sorgsame vader" toevertrou is. Volgens Loots (1990:43-44) impliseer dit:

* dat daar na hartlike samewerking tussen ouer en onderwyser gestrewe moet word en hulle mekaar moet onderskraag;
* dat die onderwyser die ouer moet erken as sy kind se natuurlike en dus primêre opvoeder;
* dat die onderwyser die ouer se gesag nie sal ondermyn nie maar 'n "hoë premie daarop sal plaas";
* dat die onderwyser kontak moet maak met die ouer en die kontak behou deur middel van die telefoon, briefwisseling en huisbesoek waar nodig en indien moontlik, en
* belangstelling in en deelname aan die ouer-onderwysersvereniging en hulle werksaamhede.

## 4.4 SORGSAME LEIDING RAKENDE DIE LEERLING SE TOEKOMSBEPLANNING

Elke leerling se toekomspotensiaal moet deur die onderwyser op die hart gedra word. Die kind moet dus bygestaan word met raad wanneer dit gaan om sy toekomsbeplanning en gepaardgaande daarmee om die regte vakkeuse te maak met die oog op 'n moontlike beroepskeuse. Die professionele kennis van die onderwyser impliseer dat in sy rol as 'n "in loco parentis"-persoon hy in staat is om die kind wat nog in 'n beperkte ervaringsveld beweeg het se ervaringsdeure te ontsluit. Die kind se

ervaringsterrein binne die skool moet dus so wyd moontlik oopgemaak word. Die onderwyser moet egter sy kennis oor die kind se kognitiewe ontwikkeling gebruik om te verseker dat die kind binne sy kognitiewe vermoë ervaar, beleef en leer (Van der Walt, 1983:18).

Verder moet die onderwyser besef dat deur sy rol as "in loco-parentis"-persoon sy doel ook moet wees om in sy vakaanbieding 'n kritiese redenasievermoë by die kind te help ontwikkel wat die kind sal help om tot sy eie besluitvorming te kan kom (Van Loggerenberg & Jooste, 1978:79).

Sy rol as 'n "in loco parentis"-persoon verbind die onderwyser ook om toe te sien dat sy onderwysmetodes en sy vakinhoude nie met die lewensfilosofie en lewensbeskouing van die ouer sal bots nie. Dit beteken byvoorbeeld dat die onderrig nie indoktrinasie, blote memorisering, ensovoorts sal wees nie en dat 'n vak soos Wetenskap in 'n Christelike lig ontsluit sal word (Van Schalkwyk, 1981:128).

## 4.5 AANSPREEKLIKHEIDSIMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN LEERLINGVEILIGHEID

Die nie-nakoming of verontagsaming van aspekte rakende die veiligheid van leerlinge kan aanspreeklikheid tot nalatigheid tot gevolg hê (Botha, 1990:24). Volgens Botha (1990:24) impliseer dit dat 'n onderwyser ("in loco parentis"-persoon) van deliktuele aanspreeklikheid (aanspreeklikheid op grond van 'n onregmatige daad) skuldig bevind kan word indien die volgende elemente van die onregmatige daad in sy optrede aanwesig is:

* 'n Handeling wat plaasgevind het en wat 'n willekeurige menslike aksie moet wees.
* 'n Onregmatige daad as gevolg van die handeling wat teen die gemeenskap se regsopvattings indruis.
* Skuld wat aan die kant van die pleger van die onregmatige daad aanwesig is, deurdat daar opset of nalatigheid aanwesig was.
* Nadeel wat voortspruit in die vorm van skade aan 'n persoon se vermoë of sy

persoonlikheid benadeel.

* Kousaliteit - die vraag wat hier gevra word, is of die pleger se handeling wel die onregmatige daad veroorsaak het.

Twee vereistes wat volgens Botha (1990:25) probleme verskaf, is onregmatigheid en skuld. Daar sal gevolglik op hierdie twee aspekte gefokus word by die bepaling van onderwyseraanspreeklikheid vir leerlingveiligheid.

### 4.5.1 Onregmatigheid

Botha (1990:25) sê dat 'n persoon (onderwyser) se gedrag normaalweg as onregmatig bestempel word indien:

* daar 'n aantasting is van sekere regserkende regte van 'n subjek deur die ongeregverdigde optrede van die persoon wat die daad gepleeg het, en
* 'n regsplig verbreek word sonder dat daar enigsins 'n regverdiging voor bestaan.

Hieruit volg die implikasie dat 'n onderwyser aangekla kan word vir aantasting van die leerling se regserkende regte.

#### 4.5.1.1 Aantasting van regserkende regte

'n Onderwyser wat sonder 'n grondige en geregverdige rede nadeel veroorsaak se gedrag sal as onregmatig aangeteken word vir deliktuele aanspreeklikheidsdoeleindes. Die volgende voorbeeld illustreer die voorafgaande argument:

Terwyl die onderwyser besig is in 'n lessituasie hy die eindom van 'n leerling "(byvoorbeeld skoolklere, boeke en boeksakke)" of die leerling se liggaam ongeregverdig (met opset, sonder rede) benadeel. Die onregmatigheid is geleë daarin dat die leerling se "regserkende regte ten opsigte van sy vermoë en/of sy persoonlikheid aangetas is" (Botha, 1990:25-26).

#### 4.5.1.2 Regsplig verbreking

Indien daar uit 'n persoon (onderwyser) se optrede nadeel voortspruit en daar bevind word dat in die besondere situasie die regsplig wat op die persoon (onderwyser) gerus het nie nagekom is nie, word vir die doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid hierdie versuim as onregmatig aangeteken (Botha, 1990:26).

So sal 'n onderwyser wat in beheer van 'n laboratorium is se versuim om behoorlike beheer uit te oefen oor die bekombaarheid en gebruik van chemikalieë deur ander persone, as onregmatig aangeteken word indien 'n persoon as gevolg van die versuim benadeel word. Die rede waarom dit as onregmatig aangeteken word, is daarin geleë dat in sulke omstandighede daar 'n regsplig op die onderwyser rus om nadeel aan ander persone te voorkom (Botha, 1990:26).

Die onderwyser as "in loco parentis"-persoon is nie net in die klaslokaal aanspreeklik vir die leerlinge se veiligheid nie, maar ook op alle terreine van skoolaktiwiteite en terwyl die leerling onder die toesig van die skool en dus onderwyser is.

### 4.5.2 Skuld

Volgens Church (Oosthuizen & Bondesio, 1988:27) moet die persoon wat 'n onregmatige daad pleeg skuld hê en is dit na Botha (1990:31) se mening in bykans alle gevalle 'n nodige voorvereiste wat teenwoordig moet wees vir aanspreeklikheid.

Botha (1990:31) noem twee vorms van skuld, naamlik opset en nalatigheid:

* opsetlike optrede is 'n verwyt wat die persoon (onderwyser) van regsweë tref omdat hy wou dat 'n sekere gevolg veroorsaak word wetende dat dit 'n onregmatige gevolg is;
* nalatigheid is 'n verwyt wat jou tref vanaf regsweë omrede jou optrede nie volgens die reg se vereiste standaard is nie (Botha, 1990:31).

### 4.5.2.1 Nalatigheid en die "redelike man"

Die rol van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon is dus baie meer omvangryk en gekompliseerd as wat dit op die oog af lyk. Hy is een van die hoofkarakters in die vorming van die kind tot volwassenheid. Faal hy in net een van die ander afdelings van sy rol, faal hy as "in loco parentis"-persoon en kan die verwyt van nalatigheid hom tref.

As 'n onderwyser weens nalatigheid skuldig bevind word, beteken dit dat hy nie opgetree het soos wat 'n goeie en sorgsame vader sou optree teenoor sy gesin nie.

Nalatigheid is, volgens Van der Merwe et al. soos aangehaal deur Oosthuizen en Bondesio (1988:92), die verwyt wat 'n toerekeningsvatbare persoon tref wanneer hy nie opsetlik optree nie. Die verwyt tref hom dus omdat hy nie volgens regsweë soos die "redelike man" opgetree het nie.

Oosthuizen en Bondesio (1988:92) gaan verder en sê dat hierdie regsterm "redelike man" opgesluit lê in twee Latynse uitdrukkings naamlik:

* "Diligens paterfamilias" wat vrylik vertaal beteken: Om sorgvuldig op te tree soos wat 'n vader teenoor sy familie sal optree.
* "Bonus paterfamilias" wat vrylik vertaal beteken: Om te handel soos wat 'n goeie vader teenoor sy gesin sou optree. Verder sê hulle: "Die goeie, sorgvuldige, noukeurige vader sal sodanig optree dat die gesinslede wat onder sy beskerming en sorg staan, veilig en onbenadeeld kan leef. Dit is presies dieselfde posisie waarin die onderwyser hom bevind met die opvoeding wat aan hom toevertrou is: hy staan in die plek van hierdie vader (in loco parentis)."

Ons sien dus dat die rol van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon daarop neerkom dat hy moet optree soos die *diligens paterfamilias* sou optree. Dit impliseer volgens regter Beck in die saak van Rusere v Jesuit Fathers [(1970 (4) SA 535 (R) 539D)] die volgende: "The duty of care owed to children by school authorities has

been said to be to take such care of them as a careful father would take of his children ... This means no more than that schoolmasters, like parents, must observe towards their charges the standard of care that a reasonable prudent man would observe in the particular circumstances ...."

Prinsloo en Beckmann (1987:115) sê die sorgsaamheid wat van die redelike man en dus die onderwyser as "in loco parentis"-persoon verwag word, die beste beskryf kan word aan die hand van die aanspreeklikheid van die onderwyser op grond van die pleging van 'n delik of anders gesê, onregmatige daad.

Dit impliseer dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon moet weet wat 'n onregmatige daad is. Van der Merwe en Olivier (1985:1) beskryf 'n onregmatige daad as: "...'n onregmatige skuldige handeling wat aan 'n ander skade of persoonlikheidsnadeel veroorsaak". Hieruit volg die implikasie dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon so moet optree dat hy:

* nie "doelbewus iets doen wat hy nie mag doen nie, of doelbewus nalaat wat hy moet doen nie";
* nie dit wat hy moet doen nalatiglik doen nie;
* nie (bedoelende) "nalaat om iets te doen nie";
* altyd soos 'n redelike man op te tree om sodoende nie aanspreeklik gehou te word nie (Van der Merwe & Olivier, 1985:1).

### 4.5.2.2 Faktore wat 'n invloed het op die toets vir nalatigheid

Van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon word 'n besondere mate van sorg verwag omdat hy ook 'n professionele deskundige is. Dit impliseer volgens Bray (1989:31) dat die onderwyser moet besef en in gedagte hou dat hy in sy opvoedende onderrigtaak met onvolwasse leerlinge besig is, wie se oordeelsvermoë ontoereikend is en dus nie altyd kan insien wat die verbintenis is tussen oorsaak en gevolg nie.

Die nalatigheidstoets vir 'n onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon impliseer dat

hy aan die volgende standaarde getoets sal word:

* Die onderwyser as deskundige en professionele persoon se gedrag sal getoets word aan die standaard van die redelike deskundige en professionele onderwyser.

* Die onderwyser as persoon wat heeldag met kinders werk moet in gedagte hou dat kinders impulsief optree en sy eie handeling en optrede moet dienooreenkomstig gerig wees (Botha, 1990:34-35).

* In die hofsaak Knouwds v die Administrateur van die Kaapprovinsie (SA hofverslae 1981(1) SA(KPA)) sê regter Rumpf in die skuldigbevinding van die skoolhoof aan nalatigheid, die volgende: "Dit is wel bekend dat die gedrag van kinders dikwels impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik kan wees. Hierdie eienskappe van kinders moes aan die skoolhoof bekend gewees het..."

Partington (1984:66) beweer onderwysers word ook beskou as deskundiges wat kinders ken dat hulle:

* van tyd tot tyd impulsief,
* nuuskierig,
* roekeloos op hulself en ander is,
* onkundig is oor wat nadelig kan wees,
* onnutsig en
* partykeer onnosel kan optree.

Hierdie kundigheid sê Partington het die implikasie dat onderwysers in die posisie is dat hulle redelik seker is oor wat 'n kind of kinders moontlik sal doen in 'n gegewe situasie. Dit is dan wat essensieel bedoel word met *vooruitsiendheid*. 'n Onderwyser wat nie daarin slaag om 'n besering wat redelik voorsien kan word nie te voorkom nie, is moontlik skuldig aan nalatigheid.

Botha (1990:34) wys daarop dat die reg normaalweg nie van 'n onderwyser verwag om deurgaans op leerlinge se growwe of onredelike optrede bedag te wees nie. Die redelike man en dus redelike onderwyser sou normaalweg nie redelikerwys opsetlike en roekelose optrede van leerlinge voorsien nie. Waar die omstandighede egter so

is dat leerlinge hoogs waarskynlik roekeloos of opsetlik gaan optree, is dit voorsienbaar en moet dit in ag geneem word by eie optrede deur die onderwyser (Botha, 1990:35).

* *Die nie-nalatige persoon*

Om op te tree, soos die nie-nalatige onderwyser, impliseer dat hy moet optree soos iemand wat nie net bewus is van sy omgewing nie maar hy moet sy gedrag aanpas na die eise van die situasie. Hy kan alleenlik so optree as hy bewus is van die kenmerke van sy situasie wat relevant is tot dié optrede van wat hy besig is om te doen sonder skadelike en nie-bedoelende gevolge (Mogridge, 1980:271).

In die hofsaak Farmer v Robinson Gold Mining Company Ltd. 1917 AD 501 spreek hoofregter Innes hom soos volg uit: "An object may constitute a *strong attraction* to a child, which would have little effect upon an adult; and those of tender years are more imprudent and less able to restrain their impulses than grown persons... These are considerations which ...would influence the conduct of a reasonable man."

### 4.5.2.3 Leerling en/of oueraksie teen nalatige optrede

Indien 'n onderwyser nalatig optree teen 'n leerling kan dit die volgende implikasie tot gevolg hê:

'n Leerling kan volgens Van der Merwe en Olivier (1985:237-238) op sy eie of deur sy ouer 'n aksie vir vergoeding teen 'n onderwyser instel vir nalatige veroorsaking van:

* skok,
* pyn en lyding,
* liggaamsmerke wat ontsier,
* ontbering van die genietinge van die lewe,
* gesondheidsverlies,
* 'n lewensverwagting wat verkort word, en
* persoonlikheidsverandering.

### 4.5.3 Sorgsame fisieke versorging van leerlinge

'n Baie belangrike rol van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon is die fisieke versorging van die leerling. Oosthuizen en Bondesio (1988:91) stel dit soos volg: "Die reg wat die pedagoog het om beheer uit te oefen oor die kind, stel hom in staat om 'n ordelike milieu te skep waarbinne die formele opvoeding geordend en sistematies kan plaasvind. Dit stel hom ook in staat om rustig om te sien na die fisieke welsyn en veiligheid van die onvolwassene wat aan hom toevertrou is."

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die onderwyser dus moet omsien na die veiligheid, gesondheid en toerusting van die leerling in sy sorg.

Die onderwyser het dus 'n belangrike rol te speel as beskermer van leerlinge teen liggaamlike en psigiese beserings en toerustingbeskadiging. Van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon wat met leerlinge te doen het in die onderwys word dus 'n hoër graad van sorgsaamheid verwag as van die onderwyser wat met volwassenes werk (Prinsloo & Beckmann, 1987:113). Prinsloo en Beckmann (1987:113) wys verder daarop dat 'n onderwyser wat in beheer is van 'n inherente gevaarlike voorwerp of 'n potensieel gevaarlike voorwerp wat 'n sterk aantrekkingskrag vir kinders het, " hy 'n nog groter sorg aan die dag moet lê om beserings by leerlinge te voorkom.

Sy besondere kennis van die leerling as kind maak dat die onderwyser besonder sorgsaam sal kan optree ten opsigte van die leerling se welsyn en veiligheid. Om sorgsame toesig uit te oefen oor die leerlinge is volgens Van Wyk (1987:91) 'n verantwoordelikheid wat op die onderwyser geplaas word vanweë sy "in loco parentis"-posisie. Dit is 'n rol wat die onderwyser met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid moet aanpak en uitvoer. Bray (1989:31) sê dit is'n rol van veiligheidskepping en toesighouding oor leerlinge.

Weens sy reg wat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon het om beheer oor

die leerlinge uit te oefen, kan hy 'n ordelike milieu skep sodat formele opvoeding geordend en sistematies daarbinne kan plaasvind. Vanuit hierdie milieu kan die onderwyser dan rustig omsien na die veiligheid en welsyn van die leerlinge in sy sorg (Van Wyk, 1987:91).

Die mate waarin die onderwyser in sy "in loco parentis"-posisie as gesagsdraer, beheerder, toesighouer en opvoedkundige onderriggewer sy beskermingsrol vervul, sal bepaal of hy aanspreeklik gehou sal kan word op grond van 'n late. Prinsloo en Beckmann (1987:118) sê ons reg het nou in so 'n mate ontwikkel dat die stadium bereik is waarin 'n late as onregmatige gedrag beskou word indien die late teen die morele standaarde en norme van die gemeenskap bots en die gemeenskap oortuig is, volgens die reg, dat die late beskou moet word as onregmatig. Die onderwyser se beskermingsrol kan dus as 'n regsplig onder sekere omstandighede beskou word (Prinsloo & Beckmann, 1987:118).

#### 4.5.3.1 Optrede in geval van 'n besering

Om nie nalatig op te tree nie impliseer dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon onder andere sal moet omsien na die veiligheid van die leerling in sy sorg.

Die *Handleiding van die Transvaalse Onderwysdepartement* (1986:98-140) gee duidelike riglyne oor die omsien na die veiligheid van leerlinge in die sorg van die onderwyser. Die Departement spel dit duidelik uit dat die onderwyser moet "onthou dat kinders noukeurige toesig vereis en dat daar gevolglik 'n groot verantwoordelikheid op die onderwyser rus".

Dit impliseer dat indien 'n kind beseer word terwyl hy in die sorg van die onderwyser is:

* moet mediese hulp so spoedig moontlik verskaf word;
* indien nodig die leerling na 'n mediese dokter, hospitaal of ouerhuis vervoer word na gelang van omstandighede wat die beste is vir die kind;

* die ouers so gou doenlik verwittig word van die kind se besering en die omstandighede wat daartoe gelei het;
* skriftelike dokumentasie te voltooi oor die omstandighede rondom die besering asook name van ooggetuies en hulle verklarings, en dat
* afskrifte van die dokumentasie aan die Departement gestuur moet word.

Streng veiligheidsmaatreëls soos voorgeskryf in *Departementele Handleiding* (1986:100-141) moet getref word veral by:
* die aanbieding van liggaamlike opvoeding in 'n bepaalde lokaal;
* die onderrig van Algemene Wetenskap, Natuur- en Skeikunde, Biologie en Landboukunde in die onderskeie laboratoriums;
* alle onderrig in die tegniese studierigtings en veiligheidsmaatreëls in die lokale;
* Huishoudkunde-sentrums tydens onderrig;
* gebruik van onderrigapparatuur in klaskamers;
* vervoer van leerlinge na enige georganiseerde skoolaktiwiteit; en
* sportbyeenkomste.

Verdere implikasies vir die onderwyser is:
Daar moet voorsorg getref word vir veilige spel op die skoolterrein tydens pouses, voorskool- en naskool. Die terrein moet ook veilig wees. As 'n leerling 'n besering opdoen as gevolg van die nie-nakoming weens nalatigheid deur die onderwyser (in wie se sorg die leerling was) van die beleid, regulasies, reëls en opdragte kan hy aanspreeklik gehou word vir die besering. Die onderwysdeparte-mente van die ander provinsies het soortgelyke voorskrifte of handleidings.

### 4.5.3.2 Veiligheid op skoolgronde

Die rol van die onderwyser as sorgsame toesighouer geld nie net in die klaskamer, laboratorium, tegniese werklokale en liggaamlike opvoedingslokale nie. Oosthuizen en Bondesio (1987:94-95) praat byvoorbeeld van die sogenaamde "speelgronddiens" wat soos hulle dit stel "dikwels deur onderwysers as 'lastig' en 'onnodig' bestempel

word". Daar moet egter op speelterreine sorgsame toesig gehou word deur die onderwyser in sy "in loco parentis"-hoedanigheid. Doen hy dit nie en leerlinge ly skade deur beserings kan regstappe en hofsake volg soos:

Knouwds v die Administrateur van die Kaapprovinsie 1981(1) S.A. 544 (KPA). In hierdie saak het die moeder van 'n dogtertjie die skool van nalatigheid beskuldig omdat haar dogter haar vinger verloor het nadat sy op die speelgrond gestruikel en teen 'n grasmasjien gebots het waar die arbeider besig was om gras te sny. Die hof het bevind dat die skool wel nalatig was.

Waar en wanneer daar leerlinge op die skoolterrein verkeer moet daar dus toesig oor hul veiligheid deur die onderwyser gehou word. Hierdie toesig geskied voor skool, gedurende pouses en na skool as daar leerlinge op die skoolterrein is. Dit word nie verwag dat al die onderwysers tegelyk toesigdiens moet doen nie; dit geskied volgens 'n toesigrooster wat deur die hoof opgestel word. Konstante toesig is egter onmoontlik en word ook nie van die onderwyser verwag nie (Ireland, 1984:37).

Die regter in die hofsaak Rusere v Jesuit Fathers 1970(4) SA 537 sluit hierby aan. Volgens die regter is dit te veel verwag dat kinders tussen die ouderdomme 7 en 10 jaar wat in 'n normale bekende omgewing speel elke oomblik onder die wakende oog van die verantwoordelike persoon moet wees. Dit verg 'n te hoë mate van sorg van die 'bonus paterfamilias'. In hierdie saak was skadevergoeding geëis op grond van 'n besering wat 'n leerling opgedoen het op die speelterrein van die skool. Die leerlinge het "cowboys and Indians" gespeel en die een leerling is met 'n pyl wat van 'n droë grashalm gemaak is in die oog geskiet.

Wanneer 'n leerling met die nodige toestemming na skool op die terrein vertoef, is dit egter die plig en verantwoordelikheid van die skool en onderwyser op toesigdiens om na die veiligheid van die leerling om te sien. In die saak Transvaal Provincial Administration v Coley 1925 AD 24 is die skoolowerhede aanspreeklik gehou vir die besering van 'n leerling wat op 'n pen in die grond geval en haar een oog verloor het.

Die sesjarige dogtertjie het die skool se toestemming gehad om op die skoolterrein vir haar ouer suster te wag. Die rede hiervoor was dat haar skooldag 'n halfuur vroeër gesluit het as haar ouer suster s'n. Op die skoolterrein was daar 'n paar jong bome geplant en om die bome was penne ingeplant om hulle te beskerm. Daar was ook 'n hoop grond in die onmiddellike omgewing van die bome, 'n aanloklike speelplek en dus 'n aantrekking vir die meisie en haar vriendin. As 'n kind egter van die hoop af hardloop en 'n voet swik of sy verloor haar ewewig val sy in die penne wat dan 'n bron van gevaar is. Dit is wat met die dogtertjie gebeur het. Die skoolowerhede wat die toestand so gelaat het, was deur die hof skuldig bevind aan nalatigheid.

Partington (1990:112) wys daarop dat onderwysers ook aanspreeklik gehou kan word vir leerlingbeserings buite die skoolterrein tydens skoolure. Partington (1990:112) sê dat onderwysers al skuldig bevind was aan nalatigheid omdat hulle die leerlinge voor die vasgestelde tyd die skoolterrein laat verlaat het en van die leerlinge toe beseer is. Onderwysers mag dus nie toelaat dat leerlinge voor die vasgestelde tyd die skoolterrein verlaat nie, behalwe as hulle magtiging daartoe het.

#### 4.5.3.3 Veiligheid by sport

Dit bly die onderwyser ("in loco parentis"-persoon) se verantwoordelikheid om om te sien na die veiligheid van deelnemende sowel as toeskouerleerlinge by enige sportgeleentheid. Alle moontlike gevare moet uitgeskakel word en die nodige voorsorgmaatreëls nagekom word soos wat dit in alle onderwysdepartemente se handleidings voorgeskryf word (Prinsloo & Beckmann, 1987:142).

Dit is die plig van die onderwyser as afrigter om toe te sien dat die reëls van die spel nagekom word tydens oefeninge. Indien nie en 'n leerling word beseer, kan die onderwyser aangekla word van nalatigheid (Partington, 1990:113). Partington (1990:113) sê dat beserings opgedoen tydens fisieke aktiwiteite by die skool het in baie gevalle gelei tot die betaling van kompensasie.

#### 4.5.3.4 Veiligheid tydens vervoer

Wanneer leerlinge per bus of 'n ander vervoermiddel vervoer word, bly dit nog steeds die onderwyser se verantwoordelikheid om toe te sien dat die leerlinge nie op watter manier ook al, benadeel word nie. Prinsloo en Beckmann (1987:147) sê dit maak ook nie saak of die onderwyser as ("in loco parentis"-persoon) die bus self bestuur en of hy net toesig hou nie, hy bly verantwoordelik vir hul veiligheid. Volgens Prinsloo et al. maak dit ook nie saak of die gevaar wat die leerlingveiligheid bedreig uit hulle eie optrede voortspruit en of dit voortspruit uit die roekelose en onverskillige bestuur van die voertuig deur die derde persoon nie. Die onderwyser bly die verantwoordelike persoon om as hoeder op te tree.

#### 4.5.3.5 Veiligheid in die koshuise

Om as koshuisvader of as toesighouer diens by 'n koshuis te doen, impliseer dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon, na die beste van sy vermoë, 'n huislike atmosfeer vir die leerling moet skep. Dit beteken dat die twee bene van "in loco parentis," naamlik tug en sorgsame toesig, toegepas sal word soos wat die sorgsame vader dit sal doen (Oosthuizen, 1990a:105-112).

##### 4.5.3.5.1 Basiese beginsels en wat dit behels

Die toesig oor leerlinge in koshuise het volgens Ramasar (1971:4) sekere basiese beginsels ten grondslag:

* sy menswaardigheid as individu;
* sy reg om met respek behandel te word;
* dat daar na sy individuele behoeftes omgesien word in soverre dit moontlik is (Ramasar, 1971:4).

Ramasar (1971:4) beweer verder dat dit implisiet die taak van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon is om die leerling:

* te vorm tot 'n persoon wat in staat is om menslike verhoudings te handhaaf;
* te laat ontwikkel in 'n persoon wat aanpasbaar is;
* te help met die ontwikkeling van sy persoonlikheid;
* te help met die ontwikkeling van sy ingebore vaardighede en moontlikhede.

Om hiertoe in staat te wees, beteken dat die onderwyser sy eie kennis en vaardighede oor 'n wye spektrum (soos benodig) sal moet verbreed en inskerp (Ramasar, 1971:5).

#### 4.5.3.5.2 Beveiliging van gevaarpunte

Die skoolhoof en koshuisvader as "in loco parentis"-persone moet toesien dat die koshuis 'n veilige blyplek is vir kinders.

Voldoende voorsorg moet getref word teen gevare van vuur, elektrisiteit, gifstowwe, ontvlambare stowwe en ander beserings (Ramasar, 1971:171). Bogenoemde gevare kan ook as lokmiddels vir kinders beskou word. Dit lok hulle om daarmee te peuter of te speel sonder die wete van die gevare wat dit inhou. De Villiers (1982:18) noem nog ander lokmiddels soos 'n visdam, 'n hoop grond met skerp penne daarin versteek, helderkleurige maar giftige bessies van plante of struike wat almal as gevaarlike lokmiddels deur howe bestempel word. Waar die kind nie beskerm word teen gevaar deur die nodige voorsorgmaatreëls te tref nie, kan hierdie late of versuim tot aanspreeklikheid aanleiding gee teen die verantwoordelike persoon - hier die onderwyser as "in loco parentis"-persoon (De Villiers, 1982:18).

Dit is in 'n onderwyser as "in loco parentis"-persoon se eie belang om onmiddellik enige foute aan geboue en toerusting waarvan hy bewus is en wat ongelukke tot gevolg kan hê, te rapporteer. Indien die foute nie dadelik herstel kan word nie moet hy die nodige redelike stappe neem om te voorkom dat enige ongevalle plaasvind. Versuim om die nodige stappe te neem, kan aanleiding gee tot nalatigheidsaksies teen die onderwyser (Barrell & Partington, 1985:373).

### 4.5.3.6 Beveiliging deur higiëniese voorsorg en toesig

Die onderwyser as "in loco parentis"-persoon het 'n belangrike rol te speel waar dit die gesondheid en toerusting van die leerling betref. Die vennootskap met die ouer stel die onderwyser in staat om om te sien na hierdie noodsaaklike sake veral ook in die koshuisopset.

Die liggaamlike versorging van die kind is volgens Van der Walt (1983:56) 'n essensiële oogmerk van die opvoeding van die kind. So byvoorbeeld is "...die kwaliteit van die kind se lewe 'n doelstelling wat onmiddellik bereik moet word" (Van der Walt, 1983:56). Van der Walt sê verder dat optimale ontwikkeling en groei asook ordentlike opvoeding van die kind kan nie geskied as die kind honger ly, nie behoorlik gekleed is en nie aandag aan sy gesondheidstoestand gegee word nie.

Kindermishandeling en -molestering moet wanneer die onderwyser dit vermoed of weet, onmiddellik aan die Departement gerapporteer word (TOD-omsendbrief).

#### 4.5.3.6.1 Higiëne en netheid

Leerlinge moet geleer word dat persoonlike higiëne van die uiterste belang is. Daarom moet daar toesig gehou word deur die onderwyser as "in loco parentis"-persoon dat die leerling:

* sy tande gereeld borsel;
* sy naels gereeld skoonmaak;
* sy hare gereeld was en netjies versorg;
* sy hande en liggaam gereeld was en versorg (Ramasar, 1971:186).

Die leerling moet dus geleer word dat persoonlike versorging en higiëne 'n rol speel in die sosiale aanvaarding van hom as mens (Ramasar, 1971:186).

#### 4.5.3.6.2 Slaapgewoontes

Die leerlinge moet genoegsame slaap kry en die regte slaapgewoontes aanleer. Dit is die verantwoordelikheid van die onderwyser om toe te sien dat die aanbevole ure slaap wel soos volg toegepas word:

* leerlinge onder 7 jaar: gemiddeld 12 to 13 uur;
* leerlinge 13 tot 18 jaar: gemiddeld 9 tot 10 uur;
* leerlinge bo 18 jaar: gemiddeld 8 uur (Ramasar, 1971:191-192).

#### 4.5.3.6.3 Kleding

Die koshuisvader as "in loco parentis"-persoon moet toesien dat die leerlinge skoon en netjies geklee is. Die klere moet ook aanpas by die verskillende seisoene en klimaatstoestande, asook vir verskillende geleenthede (Ramasar, 1971:194).

#### 4.5.3.6.4 Voeding

Dit is ook die taak van die koshuisvader om toe te sien dat leerlinge die regte gebalanseerde etes kry. Veral moet daar gelet word op die etes van diabetes (Ramasar, 1971:190).

### 4.5.3.7 Christelike beginsels

Dit is die onderwyser as "in loco parentis"-persoon se plig om Christelike beginsels by die leerlinge tuis te bring. Hy moet dit doen deur die voorbeeld te stel en saam met die leerlinge huisgodsdiens of stiltetye hou en ook saam met hulle kerk toe gaan. Hy moet egter nie die religie laat afbreek tot iets meganies en formeel nie (Ramasar, 1971:214). Dit moet 'n religieuse behoefte wees wat uit sy en die leerlinge se hart kom (Van der Walt, 1982:2-3).

## 4.6 VERTROUDHEIDSIMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN SORGSAAMHEIDSPLIG

Volgens Prinsloo en Beckmann (1987:119) kan van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon van regsweë redelikerwys verwag word "dat hy vertroud moet wees met die regsvoorskrifte wat op sy vak van toepassing is".

Botha (1990:21) sluit hierby aan en sê daar is talryke situasies gedurende die skooldag tydens skoolaktiwiteite in sowel binne as buite die klaskamer waarin leerlinge moontlik benadeel kan word. Die onderwyser as "in loco parentis"-persoon behoort daarom kennis te dra van "die basiese regsbeginsels wat in hierdie verband van toepassing is".

In die appèlhofsaak S v De Blom 1977(3) SA 513 (A) is daar weliswaar bevind dat die opvatting: onkunde van die wet nie 'n verskoning is nie - nie op ons hedendaagse reg van toepassing kan wees nie. Die appèlhof onderskryf verder dat van 'n persoon wat hom op 'n besondere gebied begeef, verwag kan word om homself op die hoogte te hou van regsvoorskrifte wat op sy professie en sy vak van toepassing is. Doen hy dit nie, en sy versuim is die oorsaak van skade, kan die verwyt hom tref en hy regtens aanspreeklik gehou word.

Prinsloo en Beckmann (1987:120) vat dit soos volg saam: "Van die onderwyser word verwag om op die hoogte te wees van die regsvoorskrifte met betrekking tot die onderwys,

* enersyds, wat sy beroep (sy vak) betref in die algemeen;
* andersyds, wat betref besondere situasies in die onderwys wat 'n hoër graad van sorgsaamheid (beter opleiding en beter toesig) van die onderwyser verg."

Die onderwyser kan volgens Prinsloo en Beckmann (1987:114) hom dus nie beroep op onkunde van die reg as verweer in die onderwyssituasie nie.

Die onderwyser behoort verder voorbedag te wees op leerlinggedrag soos naïwiteit, impulsiwiteit en ingedagte-optrede wat alles tiperend van leerlinggedrag is (Bray et al., 1989:37). 'n Verdere voorbedagtheid ten opsigte van leerlinggedrag waarop die onderwyser moet let, is dat dit tipies van leerlinggedrag is dat hulle so verdiep kan raak in dit wat hulle doen (byvoorbeeld spel) dat hulle nie bewus is van hul omgewing of wat daar om hulle gebeur nie (Bray et al., 1989:37). Die onderwyser moet dus toesien dat alle redelike maatreëls getref word om leerlinge teen beserings en skade te beskerm (Bray et al., 1989:32).

Boberg (1977:355) benadruk bostaande en sê die onderwyser as "in loco parentis"-persoon en dus ook as redelike persoon, sal in bepaalde situasies besluite neem oor die voorsorgmaatreëls wat nodig is om die veiligheid van die leerlinge te verseker. Om sulke besluite te kan neem, sal die onderwyser volgens Boberg (1977:355) 'n leerling se vermoë om na homself om te sien, in ag moet neem. Boberg sê die rede hiervoor is die geneigdheid van kinders om impulsief en selfs irrasioneel op te tree. Die onderwyser as redelike persoon sal dit moet voorsien en daarteen waak sodat hy sy plig as "in loco parentis"-persoon sorgsaam kan uitvoer (Boberg, 1977:355).

## 4.7 LASTERLIKE OF EERSKENDENDE UITLATINGS

Vanuit sy rol as 'n gesonde verhoudingspersoon met ouers en leerlinge spreek dit duidelik vir die onderwyser as "in loco parentis"-persoon om sy tong in bedwang te hou. Hy moet waak daarteen om nie dinge van leerlinge of ouers te sê wat aanleiding kan gee tot kwade gevoelens en moontlike klagtes van laster teen hom as persoon nie.

Laster, volgens Van der Merwe en Olivier (1985:388) "is die onregmatige, opsetlike *publikasie* van woorde of gedrag aangaande 'n bepaalde persoon waardeur sy goeie naam, reputasie of aansien in die gemeenskap gekrenk of aangetas word".

Volgens Van der Merwe en Olivier (1985:389) kan *publikasie* in regsterme op byvoorbeeld een van die volgende wyses plaasvind:

* "waar die lasteraar ten aanhore van derdes die lasterlike woorde of gedrag aan die belasterde besig; of
* as die lasteraar die lasterlike woorde of gedrag aan derdes rig in afwesigheid van die belasterde; of
* indien die lasteraar die lasterlike woorde per brief aan derdes meedeel".

Wat baie belangrik is vir kennisname vir die onderwyser is dat daar twee elemente van laster as onregmatige daad onderskei word. Die een element is waar die "dader lasterlike woorde of gedrag na buite bekend maak met die gevolg dat die benadeelde se goeie naam, reputasie of aansien in die oë van die gemeenskap daal". Die ander element staan bekend as "belediging" en is wanneer "...die krenkende woorde of gedrag nie aan derdes gepubliseer word nie, maar alleen tussen die dader en die benadeelde plaasvind..." (Van der Merwe en Olivier, 1985:388-389).

Volgens die Bybel (Jakobus 3:2) is dit net 'n volmaakte man wat nie in woorde struikel nie. Die onderwyser moet egter altyd probeer om soos die volmaakte man op te tree. Die Bybel waarsku verder (Jakobus 3:8-10) en sê die tong "is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif" waarmee ons God loof en mense vervloek, waarmee ons seën maar ook vervloek.

'n Verkeerde woord kan dus 'n groot vuur aan die brand steek.

## 4.8 REGSPOSISIE VAN ONDERWYSSTUDENTE TYDENS PRAKTIESE ONDERWYSOPLEIDING

'n Onderwysstudent tydens sy proeftydperk by 'n skool "is tydens sy proeftydperk onder beheer, gesag en toesig van die hoof van die skool, en is feitelik in dieselfde posisie as die onderwysers wat voltyds aan diens is".

Verder is... "so 'n onderwysstudent wel 'n 'dienaar van die staat'"... Indien 'n onderwysstudent dus tydens sy proeftydperk skade aan 'n leerling berokken, is dit "'n

geval van middellike aanspreeklikheid" (Le Roux, 1988:1 en bylaag).

Dit impliseer dat onderwysstudente wat hul praktiese opleiding by skole doen, het net so 'n verpligting teenoor die leerlinge se veiligheid as wat die onderwyser het.

Wanneer 'n onderwysstudent toesig het oor leerlinge hetsy in
* 'n lessituasie, of
* 'n buite-kurrikulêre aangeleentheid, of
* pouse- en koshuistoesig

is hy middellik aanspreeklik vir enige skade wat 'n leerling, onder sy toesig, mag oorkom indien nalatigheid bewys kan word. Die feit dat hy onderwysstudent is, skeld hom nie vry nie. Hy is in dieselfde posisie as die onderwyser en tree dus ook op as 'n "in loco parentis"-persoon en moet daarom optree soos die sorgsame vader sal optree.

## 4.9 ALGEMEEN

Baie belangrik vir die onderwyser as "in loco parentis"-persoon is die volgende aanhalings uit Scott (Vol IX:305) se vertaling van die *Digesta* (47-10-1):
* "Something done contrary to law is designated an injury for everything which is illegal is held to be injurious. This, generally speaking, is the case, but, specifically, an injury is defined to be an insult."
* "... says that an injury can be caused by a thing, or by words. By a thing, when the hands are employed; by words, when the hands are not used..."

In sy "in loco parentis"-posisie is dit so dat "...besondere reëls van die owerheid plaas besondere pligte op die personeel (onderwyser) om te waak oor die veiligheid van leerlinge..." (Prinsloo & Beckmann, 1987:132).

Gedurende 'n skooljaar vind daar ongelukke by die skool plaas waarvan die meeste sonder enige nagevolg is. Daar kan egter die geval ontstaan waar ouers voel dat die

skool en dus onderwyser op een of ander manier nalatig was en dan 'n aksie instel in 'n hof. Om die rede is dit van kardinale belang dat onderwysers besef wat hulle verantwoordelikheid is - as "in loco parentis"-persoon - en dat hulle alle moontlike voorkomende maatreëls sal tref om te verhoed dat hul leerlinge enige leed of nadeel berokken word (Barrell & Partington, 1985:371).

Uit hoofde van sy "in loco parentis"-posisie is dit die plig van elke onderwyser om kennis te dra van sy verpligtinge teenoor die leerlinge in sy sorg. As sorgsame toesighouer en beheerder van leerlinge moet hy weet hoe om op te tree elke oomblik tydens skoolaktiwiteite om

* die nodige professionele opvoedende onderrig aan die leerlinge te gee;
* die veiligheid en welsyn van die leerlinge te verseker;
* moontlike nalatigheid en aanspreeklikheid te voorkom.

Die onderwyser se verhoogde sorgsaamheid sal altyd tot sy voordeel strek en sal die voorkoms van nadele aan leerlinge in en om die skool en sy aktiwiteite radikaal verminder.

## 4.10 SAMEVATTING

Uit die oorsig verkry in hierdie hoofstuk sien ons watter enorme vrag verpligtinge daar op die skouers van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon rus. Samevattend kom dit neer op:

* Die vorming van die kind deur doeltreffende opvoedende onderrig wat geskied in samewerking met die ouer.
* Die kind met sy toekomsbeplanning te help deur aan hom die nodige sorgsame leiding te gee.
* Die kind die nodige beskerming te verleen teen enige gevare wat hom mag tref binne die onderwyssituasie hetsy dit liggaamlik of psigies-fisiek is.
* Vertroud te wees met die onderwysreg om sodoende korrek op te tree teenoor die kind binne die opvoedingskader. Om aanspreeklik te wees vir 'n verwyt wat jou kan

tref weens nalatigheid omdat jy nie jou verpligtinge nagekom het binne die reg nie, kan traumatiese gevolge vir die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon inhou.

* Om teenoor die kind te alle tye binne die opvoedende onderrigsituasie op te tree soos wat die redelike sorgsame vader in 'n soortgelyke situasie sou doen.

- In die volgende hoofstuk, naamlik hoofstuk 5, sal deur middel van 'n samevatting van hoofstukke 2, 3 en 4 antwoorde gegee word op die navorsingsprojek se vrae soos dit uiteengesit is in hoofstuk 1 van die navorsingsvoorlegging.

# HOOFSTUK 5

# SAMEVATTING, BEVINDING EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word eerstens 'n kort samevatting van die vorige hoofstukke gegee. Tweedens word enkele bevindings uit die literatuurstudie weergegee. Daarna word riglyne aan die onderwyser gegee vir die uitvoering van sy rol as 'n "in loco parentis"-persoon. Verder word daar in die hoofstuk aanbevelings gemaak wat voortspruit uit hierdie navorsing wat gedoen is.

## 5.2 SAMEVATTING VAN VORIGE HOOFSTUKKE

Hoofstuk 1 handel oor die probleemstelling wat aanleiding gegee het tot dié navorsing. Dit handel ook oor die navorsingsdoel en die navorsingsmetode wat gevolg is. Die metode van navorsing het uitsluitlik berus op 'n literatuurstudie van primêre en sekondêre opvoedkundige en regswetenskaplike bronne. Die verloop van die navorsingsprogram is hierna uitgespel. Ten slotte is 'n tentatiewe hoofstukindeling gegee.

In hoofstuk 2 is aandag gegee aan waar die uitdrukking "in loco parentis" vir die eerste keer teengekom is, asook hoe daar na 'n presisie daarvan gesoek en gevind is. Daar word ook gewys op dat alhoewel nie so "getiteld" of benoem en met dieselfde huidige begripspresisering omskryf is nie, is die idee of begrip van "in loco parentis" reeds vanaf die vroegste tye voor Christus deur ouers en gemeenskappe gebruik - ander persone as die ouers het die kinders hul sekondêre opvoeding en onderrig gegee.

Verder word daar in die hoofstuk uitgelig die wetlike gesag wat die persoon gehad het wat die kind moes onderrig. Die misbruik van hierdie gesag deur hierdie persone

word beskryf asook dat die ouer wettiglik, feitlik geen teenvoeter hiervoor gehad het nie. Daar word aangetoon hoe hierdie gesagsmag wat "in loco parentis" aan die onderwyser gegee het eers aan die einde van die agtiende eeu deur die regstelsel en wetgewing begin inkort is. Ons vind dat die inkorting van hierdie gesagsmag eers na die middel van die negentiende eeu en definitief teen die einde van die negentiende eeu deur wetgewing en die regswese plaasgevind het. In die hoofstuk is ook aangetoon dat daar begin is om al hoe meer aandag te gee aan die veiligheid, fisieke versorging en akademiese onderrig van die kind in die sorg van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon. Daar word reeds in hierdie hoofstuk daarop gewys dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon nie net regte het nie maar ook verpligtinge wat nagekom moet word.

In hoofstuk 3 word daar aangedui uit watter kenbronne die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon se gesagsreg sy oorsprong het. Die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon se gesagsverhouding met die leerling en die belangrikheid van die handhawing van hierdie gesagsverhouding deur 'n gesonde vertrouingsverhouding word uitgelig. Die belangrikheid van ouer-onderwyserkontak en die invloed wat so 'n gesonde kontak op die onderwyser-leerlingverhouding in sy opvoedende onderrigtaak het, word uitgewys. Die gevare en verkeerde invloed op die leerling deur die misbruik van 'n leerlingverhouding deur die onderwyser word aangetoon. Die rol wat die onderwyser en die ouer se wêreld- en lewensbeskouing asook die onderwyser se Christelik-etiese lewensopvattings speel om 'n gesonde verhouding en onderwys klimaat te skep, word aangedui.

Gesagshandhawing as taak van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon kom duidelik in die hoofstuk na vore. Die rol van dissipline en tug as parameters om gesag te handhaaf, word beklemtoon. Die tugbevoegdheid van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon word uitgeklaar asook sy bevoegdheid om lyfstraf toe te dien. Terselfdertyd word lyfstraf as tugmiddel behandel en onder watter omstandighede en voorwaardes soos bepaal deur die wet, lyfstraf wel deur 'n onderwyser toegedien mag word. Aansluitend word aangetoon die reg van 'n onderwyser as 'n

"in loco parentis"-persoon om sy gesag en magte om te straf aan ander persone te delegeer, met die wete dat hy altyd middellik aanspreeklik is vir enige ontoelaatbare gedrag van die persoon aan wie hy dit gedelegeer het. Dwarsdeur die hoofstuk word aangetoon dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon altyd soos die sorgsame vader moet optree.

In hoofstuk 4 word oorgegaan om aan te toon wat die verpligtinge van die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon is. Die belangrikheid van sorgsame opvoedende akademiese onderrig word beklemtoon. Hulpverlening aan leerlinge, wie se akademiese vordering weens 'n blokkering van een of ander gestremdheid nie na vermoë kan plaasvind nie, word uitgewys as 'n belangrike verpligting van die onderwyser in sy posisie as 'n "in loco parentis"-persoon.

Die rol en plig wat die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon het om om te sien na die veiligheid van die leerlinge asook vir die sorgsame toesig oor hulle, word duidelik aangetoon. Daar word gewys op die aanspreeklikheid van die onderwyser vir nalatigheid en die verwyt wat hom van regsweë kan tref. Die regsaspekte van aanspreeklikheid asook die begripspresisering van sekere regsterme wat gebruik word om aanspreeklikheid mee uit te lig, dui duidelik aan waarvoor die onderwyser aangekla kan word. Klem word gelê op nalatigheid en die regsterm "redelike man" en die twee Latynse uitdrukkings waarin hierdie regsterm opgesluit lê. Daar word duidelik uitgelig dat die onderwyser die plig het om te alle tye en onder alle omstandighede toe te sien en te sorg dat die leerlinge veilig is. Daar word ook aangetoon dat veiligheid nie die enigste komponent van die sorgsame toesigplig van die onderwyser is nie, veral wanneer dit kom by die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon se pligte as koshuisvader of wanneer hy koshuistoesigdiens doen. Daar word aangetoon dat die onderwyser vertroud moet wees met die regsvoorskrifte ten opsigte van sorgsaamheidsplig en dat onkunde van die wet nie meer as verskoning geld nie. Duidelike voorsorgmaatreëls word uitgelig om die onderwyser te help om sy sorgsame toesigdiensverpligtinge na te kom. Daar word ook in die hoofstuk gewys daarop dat die onderwyser in die uitvoering van sy pligte as 'n "in loco parentis"-

persoon sy tong moet beheer en nie lasterlike of eerskendende uitlatings moet maak teenoor die leerlinge nie. Ten slotte word daar aangetoon dat alle regte en pligte wat van toepassing is op die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon, ook netso van toepassing is op die onderwysstudente tydens hul praktiese onderwysopleiding.

## 5.3 BEVINDINGE

Uit hoofstuk 2 blyk dit duidelik dat die "in loco parentis"-begrip impliseer nie alleen dat 'n onderwyser net regte het nie maar dat hy ook verpligtinge het ingevolge sy funksie as "in loco parentis"-persoon.

Die regte van die onderwyser ingevolge sy "in loco parentis"-posisie het aan die onderwyser 'n vryhand gegee om die kind te tug en te dissiplineer soos hy wil sonder dat die ouer enigsins daar iets aan kon doen. Hierdie regte is egter met die verloop van tyd, soos wat menseregte en dus die reg van die ouer meer erkenning gekry het, deur die gemene reg en wetgewing aan bande gelê. Saam met die inperking van die regte van die onderwyser as "in loco parentis"-persoon is 'n ander verantwoordelikheid van die onderwyser groter beklemtoon naamlik, om om te sien na die gesonde volwassewording van die kind, fisiek sowel as intellektueel.

Hoofstuk 3 toon aan dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon sy gesagsreg ontvang van:

* God;
* statutêre bronne soos parlementêre wetgewing, tweedevlakwetgewing, skool of derdevlakwetgewing;
* die gemene reg
* kwasi-juridiese bevoegdheid, en
* regspraak.

Hierdie gesagsreg kan hy alleenlik regverdig uitoefen as hy 'n gesonde gesagsverhouding met sy leerlinge handhaaf. 'n Gesonde gesagsverhouding vereis egter 'n

gesonde, oop en eerlike onderwyser-leerlingverhouding. Verder vereis gesagsreg en gesagsverhouding dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon 'n baie nou kontak met die ouer opbou en behou.

Hoofstuk 4 spel dit duidelik uit dat die onderwyser as "in loco parentis"-persoon se taak en dus verpligtinge is om toe te sien dat die leerling":

* kwaliteit akademiese onderrig ontvang;
* se veiligheid 'n primêre vereiste is;
* 'n gesonde lewe lei ten opsigte van sy higiëne, dieet, en ontspanningsgewoontes.

Uit bogenoemde bevindinge kan daar dus afgelei word dat die "in loco parentis"-begrip met die implikasies binne die moderne Suid-Afrikaanse konteks soos volg daar uitsien:

- Wat behels "in loco parentis" uit 'n onderwys juridiese gesigspunt?

Uit 'n onderwys juridiese gesigspunt behels "in loco parentis" dus die sorgsame toesig en -tugtiging van die kind sodat hy tot sy volle potensiaal as 'n volwaardige burger van die samelewing kan ontwikkel.

- Wat is die implikasies van sy "in loco parentis"-posisie vir die onderwyser.

Vir die onderwyser hou sy "in loco parentis"-posisie die volgende implikasies in:

* Om te alle tye teenoor die leerling op te tree soos wat die sorgsame vader teenoor sy kind sou optree.

Dit kom daarop neer dat hy sal optree soos die "redelike onderwyser" in dieselfde omstandighede sou optree.

* Die opbou en handhawing van 'n gesonde leerlingverhouding wat van wedersydse vertroue sal spreek.

* Dat hy 'n gesonde en regverdige gesagsverhouding met die leerlinge moet handhaaf.

* Dat hy goeie, regverdige en redelike dissipline en tugmaatreëls sal toepas.

* Dat hy moet toesien dat ouers en leerlinge die skoolreëls ken en verstaan.

* Dat hy te alle tye veiligheidsbewus sal optree.

* Dat hy moet omsien na die gesondheid en welsyn van leerlinge, sowel fisiek as psigies.

* Dat hy homself op die hoogte sal hou met die ontwikkelinge op sy vakgebied sodat hy die ware vakkennis aan sy leerlinge kan oordra.

* Dat hy tot die intellektuele ontwikkeling van die leerlinge sal bydra.

* Dat hy op die hoogte sal wees met die volgende hoër vakke van die onderwys sodat hy die nodige vak- en toekomsbegeleiding met die leerling kan doen.

* Dat hy kennis moet dra van die onderwysreg en hoe dit hom as onderwyser raak.

* Dat hy die departementele beleid en voorskrifte moet ken en uitvoer.

* Dat hy kontak sal opbou en behou met die ouer om sodoende 'n vennootskapsverhouding met die ouer te sluit.

* Dat hy insig sal bekom oor die wêreld- en lewensbeskouing van die ouer van die kind in sy skool.

* Dat hy die ouer moet betrek by die skoolaangeleenthede waarby hulle betrokke mag wees.

## 5.4 AANBEVELINGS

### 5.4.1 Aanbevelings wat spruit uit die navorsing

* Alle onderwysersopleidinginrigtings moet onderwysreg op 'n sistematiese wyse in hulle kursusse integreer.

* Die begrip "in loco parentis" wat dit behels en die rol wat dit speel in die opvoedende onderrigtaak van die onderwyser behoort meer uitgebreid as 'n onderafdeling van onderwysreg deur die onderwysers-opleidinginrigtings aangebied te word.

* Onderwysers wat reeds in die praktyk staan maar nie in hulle opleidingskursus onderwysreg as deel van hul kursusse gehad het nie, behoort 'n goedgekeurde kursus

in onderwysreg te volg.

* Hoofde van skole behoort in hulle personeel verrykingskursusse en of personeelontwikkelingslesings aan te bied oor:

- die onderwysreg,
- die "in loco parentis"-begrip, wat dit behels en wat dit impliseer.

* Hoofde van skole moet groter samewerking tussen onderwysers en ouers binne die ouer-onderwysersvereniging bewerkstellig.

* Onderwysers moet, hoe moeilik en soms onbegonne taak dit ook al mag wees, kontak met die ouers van die leerlinge maak om 'n gesonde ouer-onderwyserverhouding op te bou.

* Onderwysers moet ouers meer betrek by buite-kurrikulêre skoolaangeleenthede.

### 5.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

In die navorsing van hierdie skripsie is daar baie bronne gevind waarin die begrip "in loco parentis" voorkom. Daar is dan ook in hierdie bronne verwys na die onderwyser as 'n "in loco parentis"-persoon. In die meeste gevalle gaan dit oor die onderwyser en die begrip "in loco parentis" met betrekking tot lyfstraf vir leerlinge, in 'n mindere mate die akademiese onderrig van leerlinge.

Daar is egter 'n groot leemte wanneer dit kom by bronne wat verwys na die onderwyser en sy posisie en rol as "in loco parentis"-persoon binne die opvoedende - onderrigtaak van die liggaamlik- en of leergestremde kind. Met die geweldige bewuswording van die noodsaaklikheid van skolastiese onderrig aan die liggaamlik- en leergestremde kind, om sodoende sin en waarde aan sy lewe te gee, is dit uiters noodsaaklik om navorsing op hierdie gebied te doen. Titels vir navorsing kan byvoorbeeld wees:

* Die "in loco parentis"-posisie van die onderwyser van die liggaamlik- en leergestremde kind.

* Die "in loco parentis"-posisie van die skoolhoof in buitengewone onderwys.

## 5.5 SAMEVATTING

Uit die vorige hoofstukke kom dit baie duidelik na vore dat elke onderwyser(es) moet besef watter geweldige verantwoordelike taak daar op sy/haar skouers rus. Die onderwyser(es) is "in loco parentis" vir elke leerling onder sy toesig, hoe onmoontlik dit ook al mag klink, en hy/sy moet in die mate teenoor elke leerling optree.

**BIBLIOGRAFIE**

(N.B. Alle hofsake word aangegee onder die subtitel hofsake.)

ADAMS, N. 1983. Law and teachers today. London: Hutchinson.

ANON. 1927. Punishment of pupils. *The South African Law Journal*, Vol. XLIV:67-72.

ANON. 1979. Education. (In Joubert, W.A. The Law of South Africa, vol 8:169-281.)

ANON. 1989a. Teacher molested two boys. *The Pretoria News*: 5, March 23.

ANON. 1989b. Seks-juffrou kry boete van R3000. *Beeld*: 3, April 22.

ANON. 1989c. Onderwyser (25) gevonnis oor skoolseun. *Brits Pos*: 1, Okt. 20.

BARNARD, S.S. 1979. Blanke onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief. Durban: Butterworth.

BARRELL, G.R. & PARTINGTON, J.A. 1985. Teachers and the law. 6th ed. London: Methuen.

BAXTER, L. 1984. Administrative law. Cape Town: Juta.

BETTENCOURT, M. 1982. The present in the past: The Concord Public Schools. *Educational Forum*, 47(1):47-55.

BIRCH, I. & RICHTER, I., *eds*. 1990. Comparative school law. Oxford: Pergamon Press.

BOBERG, P.Q.R. 1977. The law of persons and the family. Wynberg: Juta.

BOTHA, P. 1990. Die regte en verpligtinge van die onderwyser: Onderwyser aanspreeklikheid vir leerlingveiligheid. (In Botha, P., Oosthuizen, I.J., Oosthuizen, L. & Prinsloo, J.G. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO.)

BRAY, W. 1988. Juridiese aspekte van onderwys-, skool- en klasbestuur. Pretoria: UNISA.

BRAY, W., VAN WYK, J.G. & OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Regspraak oor die onderwys: Case law on education. Pretoria: Butterworths.

BREDENKAMP, P.H. 1988. Die ideaal van 'n opvoedende onderwysstelsel. *Die Transvaler*: 7, Julie, 6.

BROWN, D.A. 1982. Reading diagnosis and remediation. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

BYBEL. 1943. Die Bybel: Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

CHAMBERS, C.M. 1981. Foundations of ethical responsibility in higher education administration. *New directions for higher education* nr 33., 9(1):1-13.

CLAASSEN, C.J. 1976. Dictionary of legal words and phrases. Durban: Butterworths.

COETZEE, J.C. 1965. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. 4de druk. Pretoria: Van Schaiks.

DEKKER, E.I. 1980. Grondslae van die opvoedkunde 3. Potchefstroom: Pro Rege.

DEKKER, E.I. 1983. Antropologiese vooronderstellings, opvoeding, onderwys en opvoedkunde. (In Van der Walt, J.L., Dekker, E.I. & Van der Walt, I.D. Die opvoedingsgebeure 'n skrifmatige perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO (F3 versamelwerke, nr. 18.).)

DE VILLIERS, L. 1982. Nalatigheid en die kind: Geregtelike beskouing. *Neon*: 17-20, April.

DUTILE, F.N. 1986. Sex, schools and the law. Springfield, Ill: Charles, C. Thomas.

FEDERALE ONDERWYSERSRAAD. 1988. Tug-kwessie ondersoek. *Nuusflitse*: 1, April.

FISHER, L., SCHIMMEL, D. & KELLY, C. 1987. Teachers and the law. 2nd ed. N.Y.: Longman.

GANE, P. 1957. The selective Voet: Being the Commentary on the Pandects, volume 7. Durban: Butterworths.

GEARHART. B.R. 1977. Learning disabilities: Educational strategies. 2nd ed. Saint Louis: The C.V. Mosby Comp.

GRIESSEL, G.A.J. 1975. Die gesagsverhouding in opvoedingsleer perspektief en pedagogiek-perspektief. (Ongepubliseerde D.Ed. proefskrif) - UNISA.)

GUNTER, C.F.G. 1973. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

HAMMES, R.R. 1982. "In loco parentis": Considerations in teacher-student relationship. *The clearing house*, 56(1): 8-10, Sept.

HATTINGH, D.L. 1978. The place of the parent community in the education system. Pretoria: R.G.N.

HEATON, J. 1987. Die tugbevoegdheid ten opsigte van kinders. *Tydskrif vir hedendaagse Romeinse-Hollandse reg*, 50(4): 398-411.

HOFSAKE:

Hart v Foreman 1905(22) SC 284; 15 CTR 406.

Hex River School ex parte 1905(15) CTR 644.

Durr v Schoeman 1910(27) SC 21; 20 CTR 34.

Pepler v Molteno School Board 1912 CPD 519.

R v Theron 1936 OPD 176.

R v Jacobs 1941 OPD 7.

S v De Blom 1977(3) SA 513(A).

R v Schoombee 1924 TPD 481.

R v Shapiro 1935 NPF.

R v Le Maitre en Avenant 1947 (4) SA 616(K).

R v Muller 1948 (4) SA 848 (OPD).

Hiltonian Society v Crofton 1952(3) SA 137(A).

S v Meeuwis 1970(4) SA 532(T).

R v Janke en Janke 1913 TPD 382.

Farmer v Robinson Gold Mining Company Ltd. 1917 AD 501.

Transvaal Provincial Administration v Coley 1925 AD 24.

Rusere v Jesuit Fathers 1970 (4) SA 537.

Knouwds v Administrateur van die Kaapprovinsie 1981(1) SA 553 (KPA).

English Reports. 1903. Vol. XXXIV. Chancery XIV. Edinburgh: William Green.

English Reports. 1904. Vol XL. Chancery XX. Edinburgh: William Green.

IRELAND, K. 1984. Teachers' rights and duties. London: Macmillan Education.

JAMES, J.S. ed. 1986. Stroud's judicial dictionary of words and phrases. 5th ed. vol. 3 London: Sweet and Maxwell.

JOHNSON, D.J. & MYKLEBUST, H.R. 1967. Learning disabilities: Eductional principles, disabilities and practices. N.Y.: Grune and Stratton.

KERR, R.M.N. 1986. The Students Blackstone: Being the Commentaries on the laws of England of Sir William Blackstone. 12th ed. London: Reeves and Turner.

KRUGER, H.B. 1988. Skole moet homogeniteit nastreef. *Die Transvaler*: 2, Junie 13.

LANDMAN, W.A. 1984. Die begeleidingsfunksies van die fundamentele pedagogiek. Pretoria: Departement Fundamentele Pedagogiek, UP.

LANDMAN, W.A. 1988. Voorwoord. (In Oosthuizen, I.J. & Bondesio, M.J. Die reg in die onderwyspraktyk. Pretoria: Academica.)

LEVIN, B. 1990. The United States of America. (In Birch, I. & Richter, I., *eds*. Comparative school law. Oxford: Pergamon Press.)

LE ROUX, J. 1988. Regsposisie van onderwysstudente tydens praktiese onderwys. *Suid-Afrikaanse Vereniging vir Tegniese en Beroepsonderwys*, (41), Uittreksel:1-2.

LOOTZ, Z.B. 1990. Die onderwys as professie. (In Van der Westhuizen, P.C., Lootz, Z.B., Mentz, P.J., Oosthuizen, I.J. & Theron A.M.C. Die beginneronderwyser: 'n Bestuursjuridiese perspektief. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies. PU vir CHO).

LOUW, W.J., MOLLER, A.K. & MENTS, H.C. 1983. Verbandlegging in die didaktiese pedagogiek. Pretoria: UP.

LUBBE, P. 1982a. Gietwerk tot Groote Kerk. *Wêreldspektrum*, 9: 142-176. Johannesburg: Perskor.

LUBBE, P. 1982b. Niger tot orkes. *Wêreldspektrum*, 21: 118-132. Johannesburg: Perskor.

MAJOR, R.L. 1988. Discipline and the first year teacher. *The Clearing House*, 61(5):221-222, Jan.

MOGRIDGE, G.L. 1980. The reasonable man: Negligence and criminal capacity. *The South African Law Journal*, 17(3): 267-273.

NATHAN, M. 1906. The Common Law of South Africa, Vol. III. Grahamstown: African Book Comp.

NEL, P.R.T. 1976. Die plek van die onderwyser en die onderwysberoep in die staatshuishouding. *Opvoeding en onderwys*. Pretoria: Die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

ODENDAAL, F.F., *red*. 1984. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor.

OLMESDAHL, M.C.J. 1984. Corporal punishment in schools. *The South African Law Journal*, 101 part (iii): 527-544, Aug.

OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Die onderwyser en die ouergemeenskap. (In Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: J.P. van der Walt.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1990a. Die onderwyser en die leerling. (In Van der Westhuizen, P.C., Lootz, Z.B., Mentz, P.J., Oosthuizen, I.J. & Theron, A.M.C. Die beginneronderwyser: 'n Bestuursjuridiese perspektief. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1992. Professionaliteit as 'n standaard vir die onderwyser in 'n nuwe onderwysbestel: 'n Onderwysregsperspektief. ('n Referaat gelewer by die O.V.S.A. Kongres, 15-17 Januarie 1992). (Ongepubliseerd).

OOSTHUIZEN, I.J. & BONDESIO, M.J. 1988. Die reg in die onderwyspraktyk. Pretoria: Academica.

OOSTHUIZEN, L. 1990b. Die regte en verpligtinge van die onderwyser: Skoolreëls (In Botha, P., Oosthuizen, I.J., Oosthuizen, L. & Prinsloo, J.G. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO.)

OPPERMAN, M. 1989. Die groot jaag na A-simbole. *Huisgenoot:* 18-19, Jan. 19.

PARTINGTON, J. 1984. Law and the new teacher. London: Holt, Rinehart & Winston.

PARTINGTON, J. 1990. England and Wales. (In Birch, I. & Richter, I., *eds*. Comparative school law. Oxford: Pergamon Press.)

POSTMA, W. 1987. Doelmatige ouer-onderwyserkontak: 'n fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak. Potchefstroom: Pro Rege.

PRETORIUS, J.W.M. 1984. Opvoeding, samelewing, jeug. Pretoria: Van Schaik.

PRINSLOO, J.G. & BECKMANN, J.L. 1987. Die onderwys en regte en pligte van ouers, onderwysers en kinders: 'n Inleidende oriëntering. Johannesburg: Lex Patria.

PRINSLOO, J.G. 1990. Die regte en verpligtinge van die onderwyser. Dissipline en tug op skool. (In Botha, P., Oosthuizen, I.J., Oosthuizen, L. & Prinsloo, J.G. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO.)

PURCELL, C.W. 1984. Limiting the use of corporal punishment in American schools: a call for more specific legal guidelines. *The journal of law and education*, 3(1): 183-185, Jan.

RAAD VIR GEESTES WETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981a. Onderwysvoorsiening in die RSA. Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die Onderwys. Pretoria. (Ondersoek na die Onderwys, nr. 1.) (Voorsitter: J.P. de Lange.)

RAMASAR, P. 1971. A practice of child care services in Residential Homes and Children's Institutions in Durban. (Thesis, B.A. Hons, UNISA.)

REELER, G. 1985. Authority, discipline and the pedagogic occurrance. *Educare*, 14(1): 40-44.

ROOS, M. 1988. Eksamen: Dryf jy jou kind tot selfmoord? *Huisgenoot*: 8-9, Sept. 8.

ROSENTHAL, E. 1925. Some undecided points in the law effecting schoolmasters and scholars. *The South African Law Journal*, XLII: 305-310.

SAUNDERS, J.B., *ed.* 1969. Words and phrases legally defined. 2nd ed. vol. 3: I-N London: Butterworths.

SCHIMMEL, D. & FISHER, L. 1987. Parents, schools and the law. Columbia: The national committee for citizens in education.

SCHOEMAN, P.G. 1979. Aspekte van die wysgerige pedagogiek. Bloemfontein: SACUM.

SCOTT, S.P. 1932a. The Cival Law. Vol. IX. (A translation by S.P. Scott (Enactments of Justinian.)(The Code, books 1-IX.)) Cincinnati: The Central Trust Comp.

SCOTT, S.P. 1932b. The Cival Law. vol. XV. (A translation by S.P. Scott (Enactments of Justinian.)(The Code, books IX-XV.)) Cincinnati: The Central Trust Comp.

SCOTT, S.P. 1932c. The Cival Law. Vols. 3-4. (A translation by S.P. Scott (Enactments of Justinian.) (Digest or Pandects, books III-XVII).) Cincinnati: The Central Trust Comp.

SCOTT, S.P. 1932d. The Cival Law. Vol. 5. (A translation by S.P. Scott (The Digest or Pandects. Book XIX.) Enactments of Justinian.).) Cincinnati: The Central Trust Company.

SCOTT, W.E. 1983. Middellike aanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse Reg. Durban: Butterworths.

STEYN, L.C. 1981. Die uitleg van wette. Kaapstad: Juta.

STONE, H.J.S. 1984. Onderwysopleiding vir ouerbetrokkenheid. (Referaat gelewer op 8 September 1984 by belangegroep onderwysersopleiding - Pretoria.) (Ongepubliseerd.)

Suid-Afrika (Republiek). 1990. Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad). Wet nr. 70 van 1988. Staatskoerant, 12381, Maart 30.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986. Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria.

VAN DER MERWE, N.J. & OLIVIER, P.J.J. 1985. Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg. 5de uitgawe. Pretoria: J.P. van der Walt.

VAN DER WALT, J.C. 1979. Delict. *The Law of South Africa*, Vol.8:1-62.

VAN DER WALT, J.L. 1982a. Term- en begripsomskrywing. (In Van der Walt, J.L. & Dekker, E.I. Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WALT, J.L. 1982b. Gesag, vryheid en aanverwante sake. (In Van der Walt, J.L. & Dekker, E.I. Fundamentele opvoedkunde vir onderwysstudente. Potchefstroom: Pro Rege.)

VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Bailliepark: Mediapublikasies.

VAN DER WALT, J.L. 1983a. Omskrywing van enkele begrippe. (In Van der Walt, J.L., Dekker, E.I. & Van der Walt, I.D. Die opvoedingsgebeure 'n skrifmatige perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. (F3 versamelwerke, nr. 18.))

VAN DER WALT, J.L. 1983b. Ontologiese vooronderstellings, opvoeding en opvoedkunde. (In Van der Walt, J.L., Dekker, E.I. & Van der Walt, I.D. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. (F3 versamelwerke, nr. 18.))

VAN DER WALT, I.D. 1983c. Die samelewingsteoretiese grondslae van die opvoedkunde. (In Van der Walt, J.L., Dekker, E.I. & Van der Walt, I.D. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. (F3

versamelwerke, nr. 18.))

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1988. Onderwysbestuur. Organisasieleer. Potchefstroom: PU vir CHO (Gedoseerde M.Ed.-kursus, vraestel 1.)

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. *red.* 1990. Onderwysbestuur: Grondslae en riglyne. Pretoria: HAUM.

VAN LOGGERENBERG, N.T. & JOOSTE, A.J.C. 1978. Verantwoordelike opvoeding. Hersiene uitgawe. Bloemfontein: Nasionale Boekhandel.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981. Fokus op die onderwysstelsel. Durban: Butterworth.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983. Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1986. Die onderwysstelsel: Teorie en praktyk. Alkantrant: Educo.

VAN WYK, J.G. 1987. Onderwysreg vir die onderwyser. Educantulus. 2de hersiene uitgawe. Pretoria: Academica.

VILJOEN, G. van N. 1976. Onderwys en die toekoms. *Opvoeding en onderwys.* Pretoria: Die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

WALLACE, G. & KAUFMAN, J.M. 1978. Teaching children with learning disabilities. 2nd ed. Columbus: Charles E. Merrill.

WIIG, E.H. & SEMEL, E.M. 1980. Language assesment and intervention for the learning disabled. Columbus: Charles E. Merrill.

WILLENBERG, E.P. 1977. Foreword. (In Gearheart, B.R. Learning disabilities: educational strategies. 2nd ed. Saint Louis: The C.V. Mosby Company.)

ZIRKEL, P.A. & REICHNER, H.F. 1987. Is "in loco parentis" dead? *Phi Delta Kappan*, 68(6): 467-469, Feb.